

Toerisme in die Amish- en Orania gemeenskappe: 'n vergelykende studie

deur

Tharien van Niekerk

'n Verhandeling voorgelê van die vereistes vir die graad

Magister Hereditatis Culturaeque Scientiae
(Erfenis En Kultuurtoerisme)

in die Departement Historiese en Erfenisstudies van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

Studieleier: Prof KL Harris

Desember 2014

Inhoudsopgawe

| | Bladsy |
|---|--------|
| 1. Inleiding | 1 |
| 2. Literatuurstudie | 27 |
| - Amish gemeenskap | |
| - Orania gemeenskap | |
| 3. Die geskiedenis van die Amish- en Orania gemeenskappe | 50 |
| - Die Amish | |
| - Orania | |
| 4. 'n Geskiedenis en analise van die toerismebedryf in die Amish gemeenskap | 83 |
| - Die ontstaan en ontwikkeling van die Amish toerismebedryf | |
| - Analise van die Amish toerismebedryf | |
| 5. 'n Geskiedenis en analise van die toerismebedryf in Orania | 107 |
| - Die ontstaan en ontwikkeling van die Orania toerismebedryf | |
| - Analise van die toerismebedryf in Orania | |
| 6. Slot | 121 |
| Bronne | 131 |

Lys van figure

| | Bladsy |
|---|--------|
| Figuur 1: Richard Butler se Toerisme Area Lewenssiklus model | 11 |
| Figuur 2: Gary Hovinen se voorstelling van Butler se Toerisme Area Lewenssiklus model | 16 |
| Figuur 3: Entrepreneurskap kategorieë en die TALS-model | 20 |
| Figuur 4: Die siklus van outentisiteit | 23 |
| Figuur 5: Die ligging van die Amish-gemeenskappe in Amerika | 57 |
| Figuur 6: Orania se ligging | 73 |
| Figuur 7: Orania se bevolking sedert 1991 | 75 |
| Figuur 8: Orania se dorpstruktuur | 75 |
| Figuur 9: Vlag van Orania | 78 |
| Figuur 10: "The Amish Farm and House" | 85 |
| Figuur 11: Toeriste statistiek van die Besoekersburo | 87 |
| Figuur 12: Vermeulen se rekord van die aankoop van Vluytjeskraal | 114 |
| Figuur 13: Die Amish- en Orania gemeenskappe volgens die TALS-model | 127 |

Lys van tabelle

| | Bladsy |
|---|--------|
| Tabel 1: Amish-gemeenskappe in Amerika en hulle bevolkingsgetalle | 56 |

Lys van afkortings

AVSTIG: Afrikaner Vryheidstigting

CVO: Christelike Volkseie Onderwys

FAK: Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings

OBD: Orania Bestuursdienste

OKO: Orania Koördinerende Onderwysraad

OSK: Orania Spaar en Krediet Kooperatief Bpk.

SABRA: Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede

TALS: Toerisme Area Lewenssiklus

WTO: Wêreld Toerisme Organisasie

YSKOR: Yster en Staal Industriële Korporasie

ZAR: Zuid-Afrikaansche Republiek

Hoofstuk 1:

Inleiding

Die Amish- en Orania gemeenskappe, wat onderskeidelik in die Verenigde State van Amerika en Suid-Afrika gevestig is, het in die twintigste eeu as gevolg van unieke redes ontstaan. Vir die Amish was die vernaamste dryfkrag hulle geloof en vir Orania het dit om kulturele samehörigheid en ideologiese dinamika gegaan. Die uniekheid en eienaardigheid van dié twee gemeenskappe het die belangstelling van toeriste geprikkel om meer oor hulle uit te vind en sodoende het veral die erfenis- en kultuurtoerismebedryf by die twee gemeenskappe ontwikkel. Die hoofdoel van hierdie verhandeling is om die spesifieke bedryf in die twee gemeenskappe met mekaar te vergelyk met behulp van sekere modelle. Daar is ook gekyk na die moontlikhede wat die meer gevorderde toerisme situasie van die Amish vir Orania inhou.

Hierdie inleidende hoofstuk kyk na die konsep van erfenis- en kultuurtoerisme en verskeie definisies daarvan word bespreek, asook belangrike verbandhoudende aspekte soos kulturele veranderinge, kommodifikasie/kommersialisasie en outentisiteit. Die metodologie van die studie word bespreek tesame met 'n bespreking van die modelle wat gebruik is. Richard Butler se "Toerisme Area Lewenssiklus" (TALS) is die hoofmodel wat in die studie gebruik is, met veranderinge en uitbreidings wat deur ander outeurs op Butler se model toegepas is. Hierdie hoofstuk word met 'n hoofstuk indeling van die studie afgesluit.

Die wêreld toerismemark bestaan vandag vir 'n potensiële besoeker uit soveel meer as net son, see en sand. Toeriste het vandag verskeie keuses en opsies en dit lei hulle om meer gesofistikeerde besluite te maak. Gedurende die laat negentigerjare van die vorige eeu is daar 'n hernude belangstelling onder toeriste waargeneem om die verlede te beleef. Saam met hierdie geskiedkundige voorkeur is kulturele toerisme ook gedurende hierdie tyd geïdentifiseer as een van die toerisme sektors wat die vinnigste in Europa groei. Volgens Melanie Smith (2003: 1) het die Wêreld Toerisme Organisasie (WTO) in 1993 beraam dat 37% van alle

internasionale toerisme 'n kulturele element bevat en dat die syfers jaarliks sal groei. Die Witskrif op die ontwikkeling en bemaking van toerisme in Suid-Afrika beaam hierdie stelling deur erfenis- en kultuurtoerisme as die mees snelgroeïende segment van die toerisme-bedryf te beskryf (White Paper, n.d.). Die konsep van hierdie soort toerisme word as kompleks beskou aangesien dit verskillende interpretasies onder verskillende mense het en dit word daarom as sensitief geag. Dit is derhalwe vir hierdie studie van belang dat die konsepte van erfenis- en kultuurtoerisme deeglik bespreek word.

Die Nasionale Erfeniskonferensie wat in 1993 in Suid-Afrika gehou is, definieer erfenis as volg: "Erfenis is dit wat 'n vorige generasie bewaar en oorhandig het aan die huidige generasie. 'n Groot groep van die huidige bevolking wil dit verder aan die komende generasie oordra" (Smith, 2006: 5). Verder is erfenis ook 'n netwerk van onderlinge elemente, naamlik die tasbare, ontasbare, die natuurlike en kulturele, die persoonlike en kollektiewe (Booyesen, 2008: 2). In Smith, Macleod en Robertson (2010: 93) se *Key Concepts in Tourist Studies* beskryf hulle erfenistoerisme soos volg: "Heritage tourism focuses on historic attractions, buildings and objects, as well as intangible forms of culture such as the traditions and lifestyle of communities". Volgens Graham *et al.* (2000) is erfenis, eenvoudig gestel, die hedendaagse benutting van die verlede.

Erfenis bestaan dus uit verskeie fasette. Natuurlike erfenis besienswaardighede kan nasionale parke, landskappe, grotte of kuslyne insluit. Erfenis besienswaardighede wat gebou is sluit onder andere monumente, historiese geboue, argitektuur en argeologiese terreine in. Katedrale, kerke, moskees, sinagoges en tempels is byvoorbeeld godsdienstige erfenis besienswaardighede. Pelgrimsroetes en godsdienstige stede word hierby ingesluit. Industriële besienswaardighede soos myne, fabriekke en industriële landskappe kan daarbenewens ook as erfenis geklassifiseer word. Daar bestaan ook literêre-erfenis. Hierby kan die huise of geboortedorpe van bekende skrywers ingesluit wees asook die plekke waar hulle verhale afspeel. Soos hierbo gestel, is kulturele erfenistoerisme baie wyd en sluit dus beide die ontasbare sowel as die tasbare elemente van gemeenskappe in (Smith, Macleod & Robertson, 2010: 94).

Kultuurtoerisme is moeilik om te definieer omdat die betekenis van die woord “kultuur” so divers is. Raymond Williams (1983), 'n kulturele teoretikus, het die woord as een van die mees komplekse woorde in die Engelse taal beskryf. Williams verwys na kultuur as kuns en opvoeding asook 'n lewenstyl. 'n Tegnieuse definisie beskryf kultuurtoerisme soos volg: “All movements of persons to specific cultural attractions, such as museums, heritage sites, artistic performances and festivals outside their normal residence” (Smith, Macleod & Robertson, 2010: 30). 'n Konseptuele definisie beskryf kultuurtoerisme as “The movement of persons to cultural manifestations away from their normal place of residence, with the intention to gather new information and experiences to satisfy their cultural needs” (Smith, Macleod & Robertson, 2010: 30).

Kultuur en erfenis is volgens N. Cossons (1989: 192) groot kernfaktore in internasionale toerisme. Cossons het al verskeie publikasies oor erfenis gelewer wat hierdie standpunt bewys en analiseer. Volgens Gail van der Stoep is daar ook 'n toename in nasionale en internasionale toerisme met die doel om ander kulture te ervaar. Vir haar sluit kultuurtoerisme die volgende in: besoeke aan historiese of argeologiese terreine, gemeenskapsfeeste, tradisionele danse of seremonies en inkopies vir kunsdoeleindes (Besculides, Lee & McCormick, 2002: 303).

Toeriste besoek erfenisterreine om verskeie redes. Sommige toeriste wil 'n kulturele ervaring beleef, terwyl ander die terreine besoek bloot omdat dit deel van hulle toer uitmaak. Dit is moeilik om die profiel en motivering van 'n kulturele toeris vas te pen, maar in Smith (2013: 31) onderskei Bywater tussen drie verskillende soorte toeriste. Eerstens besoek kultureel-gemotiveerde toeriste 'n bestemming spesifiek vir kulturele redes en hulle bly verskeie nagte by die bestemming oor. Tweedens word kultureel-geïnspireerde toeriste aangetrek deur kulturele bestemmings wat gewild is. Hulle bring nie soveel tyd by so 'n bestemming deur nie en sal ook nie sommer weer daarheen terugkeer nie. Derdens besoek kultureel-gelokte toeriste 'n kulturele bestemming omdat hulle toevallig in die nabyheid is (Smith, 2003: 32).

Met die groei wat tans in erfenis- en kultuurtoerisme ondervind word, is die impak op beide 'n positiewe en negatiewe vlak, van hierdie toerisme ook groter. Melanie Smith (2003: 45) stel dit so:

In the past, the assumption was made that cultural tourism was a niche form of tourism, attracting small, well-educated and high-spending visitors, hence posing less of a threat to the destination and its indigenous population. However, the growth of international tourism and diversification of the tourism product have led to an increase in demand for cultural activities, which are becoming an integral part of the visitor experience. The phenomenon of mass cultural tourism is increasingly becoming a cause for concern.

Aan die positiewe kant kan toerisme 'n belangrike deel van die ekonomie word as besigheids- en werkseleenthede daardeur geskep word. Hierdie positiewe ekonomiese voordeel het ook 'n ander positiewe gevolg in die sin dat dit die plaaslike gemeenskap kan aanmoedig om hulle kulturele erfenis te bewaar (Maccarrone-Eaglen, 2009: 3). Toerisme kan verder ook die profiel van 'n bestemming verhoog wat die aandag van beleggers en besoekers kan trek. Behalwe vir die ekonomiese voordele, is daar ook omgewings en sosio-kulturele voordele. Toerisme ontwikkeling kan dus die bewaring van die omgewing asook die gemeenskap se kulturele erfenis en tradisies bevorder deur befondsing en blootstelling (Smith, 2003: 56).

Verandering aan die kultuur soos tradisies, waardes en gewoontes, vind meestal plaas aan die kant van die gasheer gemeenskap. Plaaslike inwoners word blootgestel aan 'n konstante vloed van toeriste, terwyl toeriste verskeie bestemmings besoek en met verskillende plaaslike inwoners in aanraking kom. Akkulturasie word al lank deur antropoloë ondersoek en toerisme word as een van die faktore gesien wat na 'n permanente verandering in kultuur kan lei. Mathieson en Wall (1992) onderskei tussen akkulturasie en kulturele drywing. Kulturele drywing is net 'n tydelike verandering in 'n kultuur terwyl die toeriste in die omgewing is. Wanneer die toeriste die omgewing verlaat, keer die gemeenskap

weer na hulle kultuur terug. Akkulturasie is egter 'n permanente verandering. Die homogenisering van 'n kultuur is ook 'n gevaar omdat die gewoontes van die toeriste deur die plaaslike gemeenskap nageboots word. Dit word die demonstrasie-effek genoem (Smith, 2003: 53). Dit kan beteken dat die plaaslike gemeenskap hulle taal aanpas by die van die toeris sodat hulle kan kommunikeer, of dit kan beteken dat die plaaslike gemeenskap geraak word omdat hulle van nie-plaaslike produkte gebruik, nie-plaaslike uitrustings dra en dat hulle dieselfde vermaak as toeriste geniet (Smith, 2003: 54). Die meerderheid van die toeriste is op soek na moderne eerste wêreldse geriewe terwyl hulle op vakansie is en plaaslike gemeenskappe word byvoorbeeld genoodsaak om alkohol, sigarette en kitskos vir toeriste te bied. Dit bedreig nie net die produksie van plaaslike goedere nie, maar veroorsaak ook 'n lekkasie in die ekonomie (Smith, 2003: 56).

Die gebruik van kultuur as 'n voordeel vir toerisme het die konsep van kommodifikasie/kommersialisasie na vore gebring. Volgens Erik Cohen (1988) is daar drie aannames wat gemaak kan word oor moderne toerisme en die impak daarvan op die gasheer gemeenskappe. Eerstens word daar gesê dat toerisme kommodifikasie veroorsaak. Die plaaslike gemeenskap se gebruike, rituele en feeste word 'n kommoditeit omdat dit slegs vir toerisme doeleindes opgevoer word. Die bekommernis hier is dat die betekenis van die kulturele produkte/aktiwiteite verlore gaan en met tyd verloor dit heeltemal waarde. Tweedens word daar gesê dat kommodifikasie die outentisiteit van plaaslike produkte en tradisies vernietig en 'n opgevoerde outentisiteit ("staged authenticity") veroorsaak. Soos kulturele produkte hulle betekenis verloor, maar die behoefte steeds daar is om dit vir toeriste te bied, word kulturele produkte voorgesit en versier sodat dit eg lyk. Laastens word daar gesê dat opgevoerde outentisiteit die toeriste se hunkering na ware outentisiteit stuit (Cohen, 1988: 372). Volgens Cohen (1988: 373) kan die drie aannames as volg opgesom word:

It follows from these assumptions that commoditization, engendered by tourism, allegedly destroys not only the meaning of cultural products for the locals but, paradoxically, also for the tourists.

Cohen beaam dat hierdie aannames nie net blindelings aanvaar moet word nie, maar eers deeglik ondersoek moet word. Outentisiteit is 'n moderne waarde waarvan die opkoms verbind is aan die impak van modernisme op die eenheid van sosiale bestaan. Soos institusies hulle realiteit verloor word individue genoodsaak om na hulleself om te sien. Cohen gebruik hierdie aanhaling van Berger (1973: 88) om die proses te verduidelik:

If nothing 'on the outside' can be relied upon to give weight to the individual's sense of reality, he is left no option but to burrow into himself in search of the real. Whatever this *ens realissimum* may then turn out to be, it must necessarily be in opposition to any external [modern] social formation. The opposition between self and society has now reached its maximum. The concept of authenticity is one way of articulating this experience.

Volgens MacCannell streef 'n toeris na outentisiteit in die vorm van "pristine, the primitive, the natural, that which is as yet untouched by modernity". Die toeris hoop om dit in sy reise te ontdek, omdat dit in sy eie wêreld afwesig is (Cohen, 1988: 374). Die probleem met hierdie konsep van outentisiteit is dat dit 'n filosofiese konsep is wat net so bekend is in 'n sosiologiese analise. In toerisme word die konsep gebruik as 'n kriterium van evaluasie met die moderne toeris as 'n waarnemer. Die vraag of die gemeenskap wat deur die toeris waargeneem word so 'n konsep besit en watter aspekte van hulle kultuur hul as eg beskou, word min of selde aangespreek. Daar word aangeneem dat die sosiale ontleder die toeris se soeke na outentisiteit verstaan omdat beide in die moderne era leef. Die enigste verskil tussen die toeris en die sosiale ontleder is dat laasgenoemde versigtiger is. Volgens MacCannell behoort die toeris agter te kom wanneer hy deur opgevoerde outentisiteit mislei word. MacCannell en ander wat hierdie raamwerk aanvaar het, het nie die moontlikheid in ag geneem dat 'n toeris en 'n sosiale ontleder outentisiteit op verskillende maniere kan interpreteer nie. Volgens Cohen (1988: 374) is outentisiteit dus 'n sosiaal gestruktureerde konsep en sy sosiale konnotasie (in vergelyking met sy filosofiese een) is nie vas nie, maar onderhandelbaar.

'n Ander belangrike konsep is kommodifikasie, 'n proses waar produkte en aktiwiteite in terme van hulle uitruilwaarde geëvalueer word (Cohen, 1988: 380). Die kommodifikasie van kulturele produkte veroorsaak dat die betekenis en waarde van die produkte vir die plaaslike gemeenskap verlore gaan. Die gasheer gemeenskap kan ook hulle entoesiasme vir die vervaardiging van die produkte verloor. Rituele, kostuums, seremonies en kuns kan onder kommodifikasie ly. Die proses van kommodifikasie word meestal deur buitestaanders en toerisme entrepreneurs buite die plaaslike gemeenskap bedryf en dit veroorsaak uitbuiting van die plaaslike kultuur en hulle produkte (Cohen, 1988: 381). Hierdie proses het 'n negatiewe impak op die gemeenskap omdat dit die betekenis van hulle kultuur partykeer afmaak en hulle word soms vir kommersiële doeleindes uitgebuit (Maccarrone-Eaglen, 2009: 3). Kulturele produkte word ook deur hierdie proses beïnvloed. Die produkte word vir die publiek herskep, die rituele word verkort of opgehelder en produkte word verander of aangepas sodat die toeriste daarvan hou of daardeur beïndruk word (Cohen, 1988: 381). Greenwood het in 1977 gesê: "we already know from worldwide experience that local culture is altered and often destroyed by the treatment of it as a tourist attraction. It is made meaningless to the people who once believed in it." (Cohen, 1988: 372).

Daar is gevalle waar kommodifikasie nie noodwendig die betekenis van 'n produk of aktiwiteit verander nie. Volksmusikante wat musiek aan 'n gehoor voordra en daarvoor betaal word kan opgewonde en trots wees om hulle musiek te maak (Cohen, 1988: 381). 'n Mens kan nie net aanvaar dat die betekenis van hulle musiek verlore gegaan het omdat hulle daarvoor betaal word en dit geniet om op te tree nie. Die negatiewe kommodifikasie proses tref nie altyd 'n kultuur wanneer hy floreer nie, maar meestal wanneer die kultuur reeds 'n afname beleef het. Onder sulke omstandighede kan daar geargumenteer word dat toerisme die kultuur en sy tradisies bewaar wat andersins verlore sou gaan (Cohen, 1988: 382). Kommodifikasie vernietig dus nie altyd die betekenis van kulturele produkte nie, maar in sommige gevalle gebeur dit wel (Cohen 1988: 383).

Soos uit bogenoemde bespreking afgelei kan word bestaan erfenis en kultuurtoerisme uit verskeie fasette en daarom is die bestuur daarvan 'n komplekse

proses. Dit is ook so in die geval van die Amish- en Orania gemeenskappe. Inwoners van hierdie gemeenskappe moet nie net gesien word as lewende museums wat die erfenis vasvang tot die voordeel van die toerisme industrie en besoekers nie. Hulle moet eerder binne konteks geanaliseer word (Smith, Macleod & Robertson, 2010: 95).

Soos hierbo aangedui, het hierdie studie twee belangrike komponente. Eerstens is die geskiedenis van hierdie twee gemeenskappe vergelykend ondersoek. Tweedens is die voortspruitende stand van die toerismebedryf ook by hulle ondersoek. Vir hierdie ondersoek is die alomerkende model van Richard Butler (2006), wat bekend staan as die "Toerisme Area Lewenssiklus" (TALS), as hoofbasis gebruik, met veranderinge en uitbreidings wat deur Russell en Faulkner, en Philip Feifan Xie en Bernard Lane op Butler se model toegepas het. Vergelyking is dus 'n belangrike komponent van hierdie studie. In hierdie verband is in 'n groot mate gebruik gemaak van die wyse waarop vergelykings in die geskiedenis wetenskap hanteer is. Oor sulke vergelykings skryf Skocpol en Somers (1980: 174) "as long as people have investigated social life, there has been recurrent fascination with juxtaposing historical patterns from two or more times or places". Alexis de Tocqueville, Max Weber, Marc Bloch, Reinhard Bendix en Barring Moore Jr. is prominente wetenskaplikes wat vir hulle vergelykende studies bekend is, spesifiek in vergelykende geskiedenis. Hulle het onder andere sosiale dinamika en epogale transformasie van kulture en sosiale strukture ondersoek (Skocpol en Somers, 1980: 174). Elemente hiervan is vir hierdie studie benut.

Marc Bloch het al in 1928 'n artikel "Pour une histoire comparée des sociétés européennes" gepubliseer wat volgens Sewell (1967: 208) steeds beskou word as een van die beste teoretiese besprekings van die vergelykende genre. Volgens Bloch kan geskiedenis nie behoorlik begryp word indien die verhouding tussen sekere verskynsels nie ontleed word nie. Vir Bloch is die vergelykende metode 'n instrument om probleme meer indringend te ontleed en te verstaan (Sewell Jr., 1967: 208). Die vergelykende metode kan verder ook gebruik word om uniekhede in verskillende samelewings te ontdek en om probleme vir verdere navorsing te formuleer (Sewell Jr., 1967: 209). Bloch het egter gewaarsku dat die vergelykende

metode nie alle probleme sal kan oplos nie (Sewell Jr., 1967: 214). Hierdie metode is nie beperk tot kronologiese of geografiese grense nie en kan ook nie beperk word tot net 'n sekere veld in die geskiedenis- en aangrensende wetenskappe nie (Sewell Jr., 1967: 216).

Op plaaslike vlak was Pieter de Klerk een van die eerste Suid-Afrikaanse historici wat 'n in-diepte studie oor die vergelykende genre gedoen het. Hy het drie metodes van vergelyking onderskei. Eerstens is daar vergelyking wat gedoen word om verskille of individualisasie te ontdek; tweedens is daar vergelyking wat gemik is op algemene wette of veralgemening; laastens is daar vergelyking wat daarop gemik is om algemene invloede en koherensie te vind (Bergh, 2003: 366).


Vir Shafer (1980: 20) is geskiedenis belangrik omdat dit 'n agtergrond of konteks vir ander dissiplines voorsien. Geskiedenis is ook een van die maniere om die besluite, gelowe en frustrasies van ander mense en kulture te verstaan. Deur die geskiedenis van die Amish- en Orania gemeenskappe te ondersoek, kan daar lig gewerp word op die redes waarom hierdie eksklusiewe gemeenskappe ontstaan het. Volgens Davies (2004: 280) sluit erfenisstudies by geskiedenis aan wat vir hierdie studie van groot waarde is. Volgens MacCannell (1992: 1) is toerisme nie net 'n stel kommersiële aktiwiteite nie, maar sluit dit ook nou aan by die geskiedenis, die natuur en tradisies. Dit het die vermoë om by 'n kultuur en die natuur aan te pas. Geskiedenis en toerisme kan dus samehangend ontleed word. Die vergelykende geskiedenis van hierdie gemeenskappe vorm die agtergrond tot die analise en toepassing van die modelle wat gebruik is om spesifiek na die ontwikkeling van toerisme by die twee bestemmings te kyk.

Na die analise en vergelyking van die geskiedenis van die Amish- en Oraniageenskappe, was die volgende stap om die ontwikkeling van hulle toerismebedryf te ondersoek. Volgens Sam Cole, 'n professor met verskeie toerismepublikasies op sy kerfstok, is Richard Butler se Toerisme Area Lewensiklus (TALS) die mees aangehaalde konseptuele raamwerk vir die ontleding van die dinamika van toeristebestemmings (Cole, 2007: 266). In 'n omvattende literêre studie noem R.M. Lagiewski (2006) 49 werke wat gebruik maak van of verband hou

met Butler se model. By al hierdie studies is die model as 'n goeie raamwerk beskou vir die analise van toerisme-ontwikkeling, alhoewel daar nog nie 'n algemene konsensus bereik is oor sy toepaslikheid en geldigheid nie (Zhong, Deng & Xiang, 2008: 841). Ten spyte hiervan het Butler se model, TALS, baie groot aansien oor 'n redelike lang tyd verwerf.

Butler se TALS-model het in 1980 verskyn en is in hierdie studie, tesame met twee ander benaderings, as 'n teoretiese model vir die ontleding en evaluering van die twee bestemmings gebruik. Hierdie konsep hou verband met die lewensiklus van 'n basiese produk. Produkte gaan deur verskeie stadiums en eindig met die degenerering van die produk. 'n Toerisme bestemming kan ook as 'n produk gesien word wat ontstaan, ontwikkel en bemark moet word. 'n Bestemming sal deur verskeie stadiums beweeg en indien daar nie vooruit beplan word nie, sal daar mettertyd 'n afname in besoekersgetalle voorkom (Hovinen, 2002: 211). Volgens Butler (2006: 3) is toerisme bestemmings dinamies en verander hulle oor die tyd. Hierdie verandering kan as gevolg van verskeie faktore wees bv. veranderinge in die behoeftes en begeertes van besoekers, die geleidelike agteruitgang en moontlike vervanging van fisiese fasiliteite, die verandering of totale verdwyning van die oorspronklike aantrekkingskrag (kultureel of natuurlik), of die besienswaardigheid kan 'n ander doel bykry as wat dit voorheen gehad het.

In Butler se model beweeg toerisme bestemmings deur 'n siklus wat ses fases behels (Sien Figuur 1). Dit sluit in ontdekking, betrokkenheid, ontwikkeling, konsolidasie, stagnasie en afname of hernuwing.



Figuur 1: Richard Butler se Toerisme Area Lewensiklus model

Bron: Butler, 2006: 5

Tydens die eerste fase, die ontdekkingsfase ("exploration phase") is daar 'n klein getal toeriste wat die bestemming besoek. Toeriste maak gewoonlik individuele reisreëlings en daar is 'n ongereelde besoekerspatroon. Dit is gewoonlik nie-plaaslike besoekers wat aangetrek word deur 'n area se unieke of anderse natuurlike en kulturele kenmerke. Daar is geen spesifieke fasiliteite vir besoekers nie (Butler, 2006: 5). Die toeriste gebruik plaaslike fasiliteite en kontak met plaaslike inwoners wat dus dan ook die aantrekkingskrag vir sommige besoekers kan wees. Omdat die getal toeriste nog baie laag is sal die fisiese en sosiale omstandighede van die area nie deur toerisme beïnvloed word nie. Die toeriste sal ook nie 'n groot impak hê op die ekonomiese en sosiale omgewing van die plaaslike en permanente inwoners nie (Butler, 2006: 6).

Gedurende die tweede of betrokkenheidsfase ("involvement phase") verhoog besoekersgetalle en die besoeke is ook meer gereeld. Plaaslike inwoners begin om

fasiliteite eksklusief vir toeriste te voorsien. Die kontak tussen besoekers en plaaslike inwoners bly hoog en verhoog die inkomste van die plaaslike inwoners wat betrokke is by geriewe vir toeriste. Bemaking vind spesifiek plaas om toeriste te lok en 'n mark area vir besoekers kan gedefinieer word. Daar is 'n toeriste seisoen en aanpassings word gemaak in die sosiale lewe van die inwoners wat by toerisme betrokke is. Daar is 'n vlak van organisasie en reisreëlings word nie meer deur individue gemaak nie, maar deur agente wat dalk pakkette voorsien. Daar is druk op beide die regering en openbare agentskappe om fasiliteite vir toeriste te verbeter (Butler, 2006: 6).

Tydens die derde fase, die ontwikkelingsfase ("development phase"), bestaan 'n bekende toerismemark as gevolg van bemaking in die areas wat toeriste genereer. Die plaaslike beheer en betrokkenheid neem af namate groter en beter geriewe voorsien word deur buite organisasies. Natuurlike en kulturele bedrywighede word ontwikkel en spesifiek bemark, en oorspronklike aantreklikhede sal deur mens gemaakte fasiliteite aangevul word. Verandering in die fisiese voorkoms van die area sal opgemerk word omdat baie meer toeriste hierdie area besoek. Nie al hierdie veranderinge sal deur die gemeenskap verwelkom word nie. Daar sal nasionale en streeksbetrokkenheid wees by die beplanning van fasiliteite en plaaslike voorkeur gaan nie noodwendig in ag geneem word nie. Die aantal toeriste gedurende die hoë seisoen sal moontlik die aantal permanente inwoners oorskry. Arbeid word ingevoer en die tipe toeris sal ook verander soos 'n groter mark gelok word (Butler, 2006: 6).

Gedurende die konsolidasie fase of vierde fase, ("consolidation phase"), sal die toename in besoekersgetalle afneem, maar die totale aantal besoekers sal steeds toeneem en die besoekersgetalle oorskry dan die permanente getal inwoners. 'n Groot deel van die area se ekonomie sal uit toerisme bestaan. Bemaking en advertensies sal wydverspreid wees en pogings sal aangewend word om die besoekersseisoen te verleng en die mark uit te brei. Groot kettingwinkels en handelsmerke in die toerisme industrie sal verteenwoordig word. Die aantal besoekers en die fasiliteite wat aan hulle voorsien word veroorsaak weerstand in

die plaaslike gemeenskap, veral by diesulks wat nie by toerisme betrokke is nie (Butler, 2006: 7).

Tydens die vyfde fase van stagnasie ("stagnation phase") word die toppunt van besoekersgetalle bereik. Die kapasiteitsvlakke sal bereik of oorskry word met gevolglike sosiale, ekonomiese en omgewingsprobleme. Die area se beeld sal gevestig wees, maar die beeld sal nie meer gewild wees nie. Daar sal afhanklik geraak word van besoekers wat herhaaldelik die area besoek. Daar sal te veel bed kapasiteit wees en pogings sal aangewend word om hoë besoekersvlakke te onderhou. Natuurlike en oorspronklike besienswaardighede sal al hoe meer deur kunsmatige fasiliteite vervang word. Nuwe ontwikkeling sal periferie aan die oorspronklike toeriste area wees en bestaande eiendom sal verandering in eienaarskap ondervind (Butler, 2006: 7).

Tydens die laaste fase (fase ses) kan daar 'n afname ("decline") voorkom of die hernuwing ("rejuvenation") van die bestemming kan gebeur. Gedurende afname kan die area nie meer met nuwe besienswaardighede kompeteer nie en besoekersgetalle sal afneem. Die area word nou oorwegend gebruik vir naweek wegbreke of dag-uitstappies. Fasiliteite wat vir toeriste geskep is, word vervang met nie-toerisme verwante infrastruktuur. Meer toeriste fasiliteite word verwyder soos die area al hoe minder deur toeriste besoek word. Plaaslike betrokkenheid in toerisme verhoog omdat plaaslike inwoners fasiliteite teen goedkoop pryse kan bekom. Hotelle word in ouetehuse omskep en die area kan sy funksie as 'n toeriste bestemming heeltemal verloor (Butler, 2006: 7). Hernuwing van 'n area kan ook plaasvind, maar hierdie stadium sal nie maklik bereik word sonder die totale verandering van die toerisme basis nie. Hernuwing kan op twee maniere plaasvind: die toevoeging van 'n mensgemaakte trekpleister of die benutting van natuurlike hulpbronne wat nie voorheen aangewend was nie (Butler, 2006: 8).

Tydens afname of hernuwing kan die volgende gebeur: (Sien A-E in Figuur 1)

A: Suksesvolle herontwikkeling en hernude groei en uitbreiding (Butler, 2006: 9).

B: Klein verandering aan kapasiteitsvlakke en volgehoue beskerming van hulpbronne- groei maar teen 'n laer tempo (Butler, 2006: 9).

C: 'n Aanpassing om kapasiteitsvlakke te meet sal 'n meer stabiele vlak van besoek na 'n afname onderhou (Butler, 2006: 10).

D: Oorverbruik van hulpbronne en 'n afname in mededinging met ander areas sal 'n afname veroorsaak (Butler, 2006: 10).

E: Oorlog, siekte of ander negatiewe gebeurtenisse mag onmiddellik 'n afname in besoekersgetalle tot gevolg hê (Butler, 2006: 10).

Soos met enige teoretiese model, het Butler s'n nie kritiek vrygespring nie. K. Michael Haywood (1986) het een van die deeglikste evalueringe oor die model gedoen. Volgens Haywood sou die model eers bruikbaar wees indien dit operasioneel gemaak word. Hy beskryf ses konseptuele en metingsbesluite wat oorweeg moet word voordat die model gebruik kan word. Eerstens moet daar gekyk word na die eenheid van analise; wat is die definisie van 'n toeriste area en hoe kan dit duidelik afgebaken word? Moet die TALS toegepas word op 'n spesifieke area of stad of op 'n spesifieke hotel of toeriste aantreklikheid? (Haywood, 1986: 155). Alhoewel 'n lewensiklus-analise op enige vlak kan plaasvind, sê Haywood dat die verhouding tussen die fases en vlakke ook oorweeg moet word.


Tweedens moet daar na die betrokke mark gekyk word. Die TALS neem aan dat die toeriste mark homogeen is en uit een segment bestaan, maar met onderskeie elemente. Die moontlikheid van 'n opeenvolgende ingang in verskillende marksegmente word nie in ag geneem nie. Elk van hierdie segmente kan verder verdeel word deur toeriste se graad van vindingrykheid of ander toeriste kenmerke. Haywood stel voor dat die TALS volgens mark tipe oorweeg moet word bv. plaaslik teenoor internasionale markte, verspreidingsmark (reisagente teenoor individuele besprekings) en volgens marksegment (familie teenoor besigheidsgroepe).

Derdens moet die patroon en fases van die TALS ook in ag geneem word. Die algemene patroon van 'n lewensiklus is die S-vorm logistieke funksie. Hierdie funksie is gewild gemaak deur R. Pearl (1925) en is toegepas op biologiese verskynsels en ander groei situasies soos die verspreiding van epidemies (Haywood, 1986: 156). Daar is volgens Haywood (1986: 157) 'n hele paar ander kurwes wat in

die model gebruik kan word. Vierdens is daar twee belangrike vrae vir die mense wat die model wil gebruik nl. hoe word die fase van 'n toerisme area vasgestel en hoe stel 'n mens vas wanneer 'n area van een fase na 'n ander een beweeg?

Vyfdens moet die metingseenheid bepaal word: die eerste kwessie is drakapasiteit of versadigingspunt (Haywood, 1986: 158) en die tweede kwessie is die gebruik van die toeriste uitgawe model in plaas van toeriste bevolking om die vorm, patroon en fase van die siklus vas te stel. Die sesde en laaste opmerking van Haywood (1986: 159) is dat die tydeenheid vasgestel moet word. Die meeste siklusse is gebaseer op jaarlikse data, maar hy vra waarom kwartaalike of maandelikse data nie eerder gebruik word nie.

Gary Hovinen (1982) was een van die eerste navorsers wat Butler se model gebruik en toegepas het (Lagiewski, 2006: 28). In 1982 het Hovinen navorsing oor Lancaster County (Pennsylvania) gepubliseer, wat gedurende hierdie tyd een van die gewildste besienswaardighede in Amerika was (Hovinen, 1982: 565). In plaas van Butler se ses-fase lewenssiklus was Hovinen van mening dat die model meer bruikbaar as 'n vyf-fase lewenssiklus sou wees. Butler se twee fases van konsolidasie en stagnasie word deur Hovinen hernoem as 'n fase van volwassenheid. Hierdie fase begin wanneer die groei in besoekersgetalle geëindig het. 'n Geleidelike oorgang van baie na minder besoekers kan voorkom of dit kan skielik verander van groei na geen groei in besoekersgetalle. Daar is verskeie omstandighede wat 'n invloed op die afname of verhoging van die aantal besoekers het. Eksterne organisasies bly steeds in die area, maar hulle stel nie daarin belang om nuwe fasiliteite te bou nie. Plaaslike inwoners is steeds bewus van die omgewingsprobleme wat deur toerisme veroorsaak word, maar daar is nie meer so baie opposisie teen toerisme-ontwikkeling nie. Dit is ook omdat daar nie meer nuwe ontwikkelings voorkom nie (Hovinen, 1982: 573). Hovinen se stadiums van sy voorgestelde model sal dus soos volg daar uitsien: ontdekking, betrokkenheid, ontwikkeling, volwassenheid en afname of hernuwing.



Figuur 2: Gary Hovinen se voorstelling van Butler se Toerisme Area Lewensiklus model

Bron: aangepas volgens Butler se Toerisme Area Lewensiklus model

Volgens Butler is drakapasiteit 'n groot rede vir die agteruitgang in besoekersgetalle. Hovinen stem nie heeltemal met Butler saam nie omdat hy 'n probleem met die konsep van drakapasiteit het, veral in kwantitatiewe terme (Hovinen 1982: 576). Hovinen stel dus drie ander faktore voor nl. die ligging van die bestemming, die diversiteit van die toerisme basis en effektiewe beplanning om probleme wat voorkom te verminder. Lancaster County het byvoorbeeld nie 'n betekenisvolle agteruitgang/afname as gevolg van sy ligging naby aan groot stede en die teenwoordigheid van 'n diverse toerismebasis beleef nie (Lagiewski, 2006: 39). Alhoewel Hovinen hierdie veranderinge aan Butler se model aangebring het, was hy van mening dat die model steeds uiters bruikbaar is (Lagiewski, 2006: 39) en dat die model meer bruikbaar sou wees indien daar erken word dat die volwassenheidsfase deur verskeie produkte, elk met sy eie lewensiklus, gekarakteriseer word. Gedurende hierdie fase kan groei, stagnasie, afname en hernuwing saam bestaan. Verder het die model ook waarde omdat dit wys dat bestemmings die potensiaal het om agteruitgang te beleef indien die verkeerde beplanning en ontwikkeling plaasvind (Hovinen, 2002: 227).

Naas Hovinen, was daar ook ander akademiëci wat Butler se model toegepas en verander het. Volgens Sheela Agarwal het die TALS aanvaar dat 'n bestemming uit 'n enkele produk bestaan, maar sy stel voor dat 'n besienswaardigheid uit verskeie elemente soos temparke en hotelle bestaan en elkeen van hierdie elemente sy eie lewensiklus het. Elkeen kan dus op sy eie tyd groei aandui of 'n afname beleef. Die eenheid van analise is dus vir haar van kritieke belang (Hovinen, 2002: 211).

Tom Baum (1998: 167) stel twee uitbreidings vir die model voor wat volgens hom nog nie aandag ontvang het nie. Die TALS maak nie voorsiening vir verdere fases wat kan plaasvind in die plek van afname of hernuwing nie (Baum, 1998: 170). Die twee voorstelle wat Baum maak is die gedeeltelike of totale oorgawe ("abandonment") van toerisme as 'n ekonomiese aktiwiteit. In hierdie konteks kan oorgawe as die uitgaanfase ("exit phase") beskryf word. Die area word nie meer as 'n toerisme bestemming gesien nie en alle toerisme hulpbronne soos akkommodasie fasiliteite word vir nuwe gebruike toegedeel. Die openbare sektor se befondsing word ook nie meer aan toerisme ontwikkeling toegeken nie (Baum, 1998: 171). So 'n strategie kan ook in plek gestel word as gevolg van 'n mensgemaakte verandering of rampe, of 'n verandering in geografiese patrone of industriële ontwikkeling (oorlog, vulkane, erosie, omgewingsrampe, ontdekking van nuwe minerale). In enige van hierdie situasies kan toerisme gemarginaliseer of ontmoontlik gemaak word om te volhou. Hierdie stadium kan ook 'n strategie wees vir gemeenskappe wat nie langer ekonomies, sosiaal of kultureel darby baat vind nie (Baum, 1998: 172). Volgens Baum (1998: 172) hoef die afname van toerisme ook nie permanent te wees nie. Die afname in die toerisme industrie kan plaasvind sodat nuwe vorms van toerisme ontwikkel kan word.

Die heruitvindingsfase ("reinvention phase") pas op 'n teoretiese vlak in by die "Sigmoid" kurwe van Charles Handy (1994). Hierdie kurwe laat maatskappye toe om hulle produkte strategies te beplan. Sodra een produk begin afneem, word daar 'n nuwe produk bekendgestel. Indien hierdie model op die TALS toegepas word, is die geleentheid vir natuurlike en strategiese heruitvinding baie duidelik. As 'n toerisme bestemming kan erken wanneer die mark begin afneem, kan Handy se beginsel toegepas word vir die skepping van 'n nuwe toerisme produk. Volgens

Baum is hierdie 'n baie meer realistiese stap as om 'n afname-fase te probeer omkeer.

Mark Williams het 'n uitgebreide weergawe van die TALS voorgestel deur sommige aspekte van die afhanklikheids- en eksterne beheer teorie van toerisme ontwikkeling daarin te inkorporeer. Die doel van sy navorsing was om 'n model te skep wat die ontwikkelingsproses van Minorca, 'n klein Spaanse eiland, se toerisme industrie sou kon aandui. Die model, wat 'n samesmelting van die afhanklikheids- en eksterne beheer teorie is, en die TALS fases insluit, dui aan hoe Minorca se ekonomie oor die tyd verander het. Aanvanklik was die ekonomie onafhanklik en divers maar het mettertyd verander in 'n ekonomie waar die inheemse industrieë agteruit gegaan het, terwyl eksterne beheer floreer het. Dis hier waar die uitgebreide model twee moontlike uitkomstes voorstel nl. 'n "*laissez-faire*"-beleid waar beide die inheemse industrieë en toerisme agteruitgaan en werkloosheid veroorsaak (Williams, 1993: 25) of 'n beleid van diverse toerisme waar toerisme kan aanleiding gee tot beskikbare kapitaal vir inheemse industriële uitbreiding, werkskepping en die vermindering van eksterne beheer. Williams (1993: 26) se uitgebreide model bestaan uit agt fases: vier beskrywende fases en vier voorspellende fases. Die eerste vier fases fokus op die huidige en historiese groei en die impak van toerisme, terwyl die laaste vier fases die klem laat val op die toekomstige groei en impak van toerisme.


Russell en Faulkner (1999) stel ook 'n alternatiewe raamwerk voor om die ontwikkeling van 'n toerismebestemming te analiseer. Hulle kombineer die chaos/kompleksiteits teorie met Butler se model, maar hulle beklemtoon die rol van entrepreneurs in die verandering van een fase na 'n ander een (Hovinen, 2002: 212). Volgens Russell (2006) is entrepreneurskap 'n groot faktor in die ontwikkeling van toerisme, maar het dit nog nie die aandag ontvang wat dit verdien nie. Die konsep van entrepreneurskap kan nagespoor word na die ekonomiese dissipline van die agtiende eeu. Die term "entrepreneur" is in 1755 deur 'n Franse ekonoom, Richard Cantillon, geskep. Hy het die kenmerke van 'n entrepreneur beskryf as iemand wat bereid was om op risiko uit te gaan al is hy onseker oor uitkoms daarvan. In 1800 het 'n ander Franse ekonoom, J.B Say, entrepreneurskap

beskryf as “shifting economic resources from an area of low productivity into a situation where higher yields can be gained”. John S. Mill het die konsep in die Engelse ekonomie bekendgestel deur 'n entrepreneur te beskryf as 'n “avonturier” (Russell, 2006: 106). Dit was eers na die Burgeroorlog in Amerika dat entrepreneurskap deur Amerikaanse ekonome geïdentifiseer is.

In 1921 het Frank Knight 'n belangrike bydra tot die teorie van entrepreneurskap gelewer deur die konsepte “risiko” en “onsekerheid” van mekaar te skei. Knight beskryf entrepreneurs as individue wat die moed het om risiko's te neem wat met onsekerheid geassosieer kan word. Hy sê onder andere “Their decisions involved committing resources to future use in a world which the future cannot be predicted with certainty”. Dit was egter 'n Oostenrykse ekonoom wat een van die belangrikste bydraes tot entrepreneurskap gemaak het. Joseph Schumpeter het in 1934 die konsep van innovasie (“innovation”) bekendgestel. Die gevolg was dat kreatiwiteit, innovasie en verandering as belangrike bestanddele in die entrepreneurs proses gesien is (Russell, 2006: 107). Schumpeter het vyf kategorieë van innovasie voorgestel nl. die produksie van nuwe goedere; nuwe metodes van produksie; nuwe markte; nuwe bronne van verskaffers, en nuwe tipes organisasies. Volgens Russell is bogenoemde kategorieë die kern elemente van toerisme ontwikkeling bv. bekendstelling van nuwe toerisme produkte; nuwe metodes van toeriste dienste, byvoorbeeld die internet; skepping van niche markte; verhoging van nuwe bronne van verskaffers, en nuwe tipes toeriste organisasies (Russell, 2006: 108). Timmons (1989: 1) beskryf 'n entrepreneur as volg:

Entrepreneurs work hard, driven by an intense commitment and determined perseverance. They burn with competitive desire to excel and win. They use failure as a tool for learning, and would rather be effective than perfect. They respond to setbacks and defeats as if they were temporary interruptions, and rely on resiliency and resourcefulness to rebound and succeed. They have enough confidence in themselves to believe they can personally make a difference in the final outcome of their ventures, and in their lives.

Hierdie is 'n beeld wat op baie toerisme entrepreneurs betrekking het. Butler was een van die eerste akademici wat die rol van entrepreneurs in die ontwikkeling van 'n toeriste bestemming erken het (Russell, 2006: 115). Butler se TALS-model identifiseer die rol van plaaslike entrepreneurs in die betrokkenheid- en ontwikkelingsfase, maar hy sien hulle rol kleiner word namate ontwikkeling plaasvind. Shaw en Williams (1998: 237) stem nie heeltemal saam nie. Volgens hulle is die entrepreneur se rol "only touched upon by the model and Butler does not elaborate on entrepreneurial activity". Din (1992) het in 1992 uitgebrei oor die entrepreneurs proses gedurende die betrokkenheidsfase met 'n gevallestudie oor Maleisië. Barr (1992) het ook gefokus op die betrokkenheidsfase en volgens hom is dit gedurende hierdie fase dat kleinskaalse entrepreneurs inisiatiewe bydra tot die groei van toerisme. Hy het ook waargeneem dat dit eers tydens die latere fases was dat entrepreneurs van buite in die area begin belangstel het (Russell, 2006: 115). Lewis en Green het in 1998 'n studie oor entrepreneurs gedrag onder ontwikkelaars en operateurs in 'n ski-oord gedoen. Een van die bevindinge was dat entrepreneurs 'n impak op al die fases kan hê indien daar genoeg chaos is (Russell, 2006: 116).



Figuur 3: Entrepreneurskap kategorieë en die TALS-model

Bron: Russell, 2006: 122

Russell (2006) stel vyf kategorieë vir entrepreneurskap voor. Hy beklemtoon dat van die kategorieë meer prominent tydens sekere fases kan wees en dit ook moontlik is dat daar 'n vermenging van die kategorieë in dieselfde fase aktief mag wees.

Fase-veranderende (“phase-changing”) entrepreneurskap behels dat verandering 'n voorvereiste vir innovasie is. Hierdie verandering kan positief of negatief wees. Wanneer 'n bestemming strategieë aanmoedig en verander, kan dit die bestemming van een fase na 'n ander fase verskuif, bv. van stagnasie na hernuwing. Hierdie verskuiwing het dan plaasgevind as gevolg van verskeie entrepreneurs se insette wat saamgewerk het en so 'n verandering meegebring het. Volgens Russell en Faulkner (2001) is daar drie maniere waar die toerisme entrepreneur 'n rol in fase verandering kan speel. Eerstens deur die slim bestuur van eksterne rampe of krisisse. So verminder hy ook sy kompetisie (Russell, 2006: 116). Tweedens deur die gebruik van beter taktief mag die entrepreneur 'n krisis of twee vir sy kompetisie skep wat hulle minder lewensvatbaar maak; en derdens, deur oormatige uitbreiding buite die drakrag en omgewing se volhoubaarheidsgrense, kan 'n entrepreneur negatiewe omstandighede skep wat nadelig vir die bestemming se beeld is (Russell, 2006: 115).

Organiese (“organic”) entrepreneurskap verwys na die ontdekking van 'n bestemming deur toeriste wat dan vroeë entrepreneurs aktiwiteite skep. Meer akkommodasie word benodig, en winkels, vervoer en ander ondersteuningsdienste trek voordeel uit die toerisme aktiwiteite. Soos toeriste se verwagtinge oor die tyd verander kom niche markte na vore en entrepreneurs reageer deur nie net toeriste se verwagtinge te vervul nie, maar ook soms verwagtinge te skep. Die styl van entrepreneurskap verander ook soos die omvang en finansiële belang verhoog. Individuele entrepreneurs is in die vroeë stadiums van die TALS dominant, maar soos die ontwikkeling plaasvind, is korporatiewe entrepreneurskap meer algemeen (Russell, 2006: 118). Organiese entrepreneurskap word aanbeveel indien die bestemming volhoubaar moet wees en beheer oor die natuurlike en kulturele bronne noodsaaklik is (Russell, 2006: 119).


Die derde kategorie van Russell is grootskaalse (“grand-scale”) entrepreneurskap. Dit is hier waar die mees dramatiese variasie aan die vorm van die TALS voorkom. Dit gebeur wanneer die aksie van entrepreneurs beplan en doelgerig is en groot ontwikkelingskemas bekendgestel word. Hierdie entrepreneurs bring 'n direkte verandering aan die area, lok groter en diverse markte en voorsien 'n sneller vir die bestemming om in 'n nuwe ontwikkelingsfase in te gaan (Russell, 2006: 119). Dit is gewoonlik hierdie entrepreneurs wat die meeste kontroversie veroorsaak (Russell, 2006: 120).

Toevallige (“serendipitous”) entrepreneurskap is individue wat per toeval 'n geleentheid raaksien vir entrepreneurskap en nie die versoeking kan weerstaan om dit te ontgin nie. Hierdie entrepreneurs het die meeste invloed op die TALS in die vroeë fases. “Word of mouth” en die entrepreneurs netwerk veroorsaak 'n groter omvang en die entrepreneurskap verander na organies en gaan dan oor na grootskaal entrepreneurskap (Russell, 2006: 120).

Die laaste kategorie, vernuwende (“revitalising”) entrepreneurskap, is wanneer entrepreneurs daarvoor bekend is dat hulle produkte of organisasies wat misluk het kan omskep in 'n sukses. Hulle is ook bekend daarvoor dat hulle 'n impak kan hê op die hernuwingsfase van 'n bestemming. Hulle kan die sneller voorsien wat stagnerende bestemmings laat oorgaan in 'n periode van hernuwing. Dit word gedoen deur nuwe projekte te onderneem wat mense lok of nuwe markte ontgin. Volgens Hovinen is entrepreneurs aktiwiteite juis noodsaaklik indien 'n bestemming afname wil verhoed (Russell, 2006: 121). Hierdie vyf kategorieë toon dat entrepreneurskap 'n belangrike rol speel in die vorming van die TALS en sal dikwels op 'n verskeidenheid maniere gemanifesteer word.

Philip Feifan Xie en Bernard Lane het in 2006 'n lewensiklus model voorgestel vir inheemse (“aboriginal”) kuns en kulturele optredes. Laasgenoemde konsep is 'n komplekse een. Dit verwys na “an expression of creative skill, born and produced in an indigenous community, presented through a visual medium before an audience”. Hierdie tipe optredes het 'n wêreldwye toerisme fenomeen geword wat nie net kulturele eiesoortigheid ten toon stel nie, maar ook kruis-kulturele

ervaringe fasiliteer (Xie & Lane, 2006: 545). Xie en Lane het dieselfde lewensiklus as Butler gebruik en stel die volgende siklus van outentisiteit voor:



Figuur 4: Die siklus van outentisiteit

Bron: Xie & Lane, 2006: 548

Tydens die oorspronklike fase ("primordial state") is die kuns en kulturele optredes in 'n "primitiewe" ("primitive") stadium met min eksterne invloed (Xie & Lane, 2006: 548). Die konsep van outentisiteit in hierdie fase kan soos volg opgesom word: 'n stel van simbole wat geïnterpreteer word as die werklike verpersoonliking van idees, houdings, identiteite en geloof. Kulturele optredes in hierdie fase bestaan uit ware tradisies en nie optredes wat kommersieel georiënteër nie. Dit is so ontwerp dat dit die plaaslike gemeenskap tevrede stel en miskien die nuuskierigheid van 'n klein aantal besoekers sal prikkel (Xie & Lane, 2006: 550).

Tydens die tweede of toenemende betrokkenheidsfase ("increasing involvement") is daar al hoe meer inisiatiewe om plaaslike optredes te bemark en akkommodasie te voorsien. Gedurende hierdie fase kom die konsep van kommodifikasie na vore soos die optredes en die behoeftes van toeriste wat bevredig moet word (Xie & Lane, 2006: 550). Optredes word nie net deur toeriste beïnvloed nie maar ook deur die regering, die plaaslike gemeenskap en toeriste ondernemings. Die regering kan

dien as promotors, reguleerders, befondsingsagentskappe en verskaffers van kulturele optredes. Namate plaaslike inwoners agterkom dat hulle kultuur 'n ekonomiese waarde het, kan hulle optredes sekere aspekte van hulle tradisies fossileer en grense rondom plaaslike gebruike trek. Toeriste ondernemings kommodifiseer die plaaslike optredes vir ekonomiese gewin. Die hoofdoel van hierdie besighede is gewoonlik finansieël gedrewe en nie om die plaaslike kultuur te beskerm nie (Xie & Lane, 2006: 551).

Tydens die volgende fase, situasie aanpassing ("situational adaptation"), het groeiende kommodifikasie veroorsaak dat 'n "nuwe" kultuur ontstaan het wat afsonderlik van tradisionele praktyke is. Besoekers word blootgestel aan 'n opgevoerde uitbeelding en die ervaring is nie eg nie. Dit word so opgevoer dat kulturele tradisies en gebruike vir die besoekers gemanipuleer word (Xie & Lane, 2006: 552).

Die vierde fase is een van hernuwing ("revitalisation"). Gedurende hierdie fase word die optrede uit sy oorspronklike vorm opgewek sodat dit vir die besoekers herkenbaar is. Die sosio-historiese konteks word verwyder en 'n nuwe betekenis word deur die mark toegeken. Hierdie hernuwing kan as 'n kulturele herlewing gesien word, 'n proses wat deur die gemeenskap en eksterne kragte gevorm is. 'n Nuwe kulturele identiteit is gevorm wat deur 'n groot aantal besoekers verbruik word. Kruis-kulturele interaksie tussen die gemeenskap en besoekers word as 'n manier gesien om stereotipering te verminder en die besoekers se kennis uit te brei (Xie & Lane, 2006: 553).

Die laaste fase word beskryf as 'n bestuursfase ("management"). Hierdie is 'n ingewikkelde fase en optredes word nie net meer deur die gemeenskap en behoeftes van die besoekers bestuur nie, maar ook deur kulturele- en politieke-komentators en -bestuurders. Hierdie bestuur kan drie veranderinge/impakte meebring. Modernisasie ("modernisation") kan plaasvind en 'n nuwe vorm van optredes word uitgebeeld, en gefragmenteerde vorms word opsigtelik gebruik. Die konsep van outentisiteit is nou ook deel van 'n modernisasie proses en kan nie meer as enkelvoudig gesien word nie; optredes kan maklik gekopieer en uitgebrei

word (Xie & Lane, 2006: 554). Die soeke na outentisiteit, oorspronklikheid, egtheid en ongereptheid kan 'n groot aantrekkingskrag vir niche markte word. In hierdie opsig kan bewaring (“conservation”) plaasvind (Xie & Lane, 2006: 555). Hierdie is 'n wenslys vir volhoubare toerisme waar besoeke bewaring genereer en die kulturele bron besoekers verdiep (Xie & Lane, 2006: 556). Sonder 'n inkomste of finansiële hulp kan die teenoorgestelde ook gebeur en kan die kuns en kultuur agteruitgaan en later heeltemal verdwyn. 'n Afname (“decline”) vind dus plaas. Tensy modernisasie, bewaring of afname plaasvind, het outentisiteit die geldeenheid geword (Xie & Lane, 2006: 556).

Gegewe die gewildheid en betroubaarheid van die Butler model, tesame met verskeie aanpassings, is hierdie model as die hoofbasis vir die analise van ontwikkeling gebruik. Alhoewel daar reeds drie dekades verloop het sedert die TALS bekendgestel is, word die model nog steeds aangehaal en in toerisme navorsing gebruik (Butler, 2011: 3). Soos reeds aangedui was die model ook nie van kritiek, verwerping en verandering gevrywaar nie. Die model se langsliewendheid (“longevity”) is volgens Butler buitengewoon omdat die meeste modelle 'n kort lewensduur gehad het voordat hulle tot 'n verbygaande verwysing gerelegeer is. Politieke veranderinge, die totstandkoming van spesiale toeriste pakette wat lugredery aanbied, die internet en 'n algemene toename in welvaart wêreldwyd het bygedra tot 'n globale toerisme mark wat baie anders lyk as dié van drie dekades gelede. Butler argumenteer dat toerisme meer in die laaste drie dekades verander het as in enige ander tydperk en daarom sou 'n mens dink dat modelle wat voor die laat negentigs ontwikkel is, oorbodig sou wees. Die TALS model word egter nog steeds gebruik. Hovinen se stelling het ook meriete naamlik dat “the model also provides a useful conceptual basis for comparing an area such as Lancaster with other destinations” (Hovinen, 2002: 227).

Die raamwerk van Russell en Faulkner, waarbinne hulle entrepreneurskap met toerisme ontwikkeling verbind, is ook vir hierdie studie as 'n ontwikkelingsmeting gebruik. Alhoewel die model van Xie en Lane op kulturele optredes gebaseer is, is hulle benaderings geïntegreer om te fokus op die outentisiteit in die Amish- en Orania gemeenskappe, wat nie noodwendig kulturele optredes het nie. Die

toerismebedryf van die Amish en Orania is dus volgens hierdie drie modelle en benaderings ondersoek.

Die inhoud van die hoofstukke hieronder is as volg uiteengesit. Hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie. Daar is eerstens 'n studie gemaak van geselekteerde uittreksels uit die omvangryke literatuur wat oor die Amish beskikbaar is, en daarna van die literatuur oor Orania wat 'n baie kleiner aantal studies reflekteer. In die daaropvolgende Hoofstuk 3 word die twee gemeenskappe geskiedkundig ontleed. Daar word gekyk na hoe hulle ontstaan het en wat hulle unieke kenmerke is. Hoofstukke 4 en 5 is 'n tematiese ontleding van die twee gemeenskappe se toerismebedryf. Daar word vergelykend gekyk na die ontwikkeling van toerisme in beide die Amish- en Orania gemeenskappe deur gebruik te maak van die verskeie teoretiese modelle wat in hoofstuk 1 bespreek word. Hoofstuk 6 dien as 'n opsomming van die hoofargumente van die studie.

Hoofstuk 2:

Literatuurstudie

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig van die literatuur oor beide die Amish- en Orania gemeenskap gegee tesame met 'n aanduiding van die soort navorsing wat oor hierdie gemeenskappe beskikbaar is en waar daar leemtes voorkom. Die eiesoortigheid van die Amish gemeenskap het tot 'n verskeidenheid akademiese studies gelei wat die volgende breër temas insluit: besigheid en ekonomie, kulturele praktyk, kuns, opvoeding, familiepatrone, politiek, gesondheid, geskiedenis, taal, media en toerisme, godsdiens, sosiale verandering, tegnologie en die jeug. Die literatuur oor Orania is op hierdie stadium nie so ontvattend nie. Hierdie hoofstuk bespreek van die bronne om aan te dui watter aspekte al bestudeer is en dien ook as agtergrond vir die studie.

Amish gemeenskap

Van die eerste populêre literatuur wat oor die Amish verskyn het, was 'n toerismebrosjure "Little known facts about the Amish and the Mennonites". Hierdie brosjure van Ammon Monroe Aurand Jr. het in 1938 die eerste keer verskyn en was verantwoordelik vir 'n ongekende belangstelling in Amish toerisme. Die inligting wat daarin vervat is het bestaan uit gemengde en nie noodwendig korrekte feite nie (Aurand, n.d.). Dit was wel 'n aanduiding vroeg in die middel van die vorige eeu dat daar 'n belangstelling in die eiesoortighede en uniekheid van die Amish nedersetting was.

Die groot belangstelling in toerisme het veroorsaak dat akademici later oor toerisme in die Amish gemeenskap begin skryf het. Van die temas wat die meeste aandag gekry het, was die impak van toerisme op die Amish gemeenskap. Verskeie akademici het hieroor navorsing gedoen en dan is daar ook gedebateer oor die rede waarom die Amish so gewild onder toeriste was.

Amper vier dekades later het 'n ander noemenswaardige bron die lig gesien. In 1977 het Roy C. Buck die Amish gemeenskap in sy publikasie "The ubiquitous

tourist brochure explorations in its intended and unintended use” bestudeer. Sy studie het op die formaat en inhoud van brosjures oor toeriste besienswaardighede gefokus sowel as hoe brosjures toerisme in die Amish gemeenskappe beskou. Die kwessie is ook geopper oor wat die moontlike gevolge sou wees indien 'n massa toeriste direkte en egte ervarings met die gemeenskap sou probeer bewerkstellig. Buck (1977: 195) het 'n aantal Amish brosjures bestudeer en het op die wyse waarop die besienswaardighede bemark is gefokus. Die Amish was volgens Buck nie betrokke by die opstel van die inhoud van die brosjures nie. Die brosjures beklemtoon veral die besienswaardighede wat hulle eie inhoud en waarde-oordele oor die Amish uitspreek. Volgens Buck (1977: 200) is outentisiteit die hoof boodskap van die brosjures oor die Amish. Die outentisiteit word versterk deur verwysings na die geskiedenis en die ouderdom van geboue en artefakte. Die opinies van ander tevrede toeriste verskyn in die brosjures en daar is ook van foto's gebruik gemaak om die visuele nuuskierigheid van die toeriste te prikkel.

Die gevolgtrekking wat (Buck 1977: 205) maak is dat toeriste besienswaardighede 'n integrale deel van die toerisme industrie is en dat die Amish, van 'n hoogs ontwikkelde toeriste besienswaardigheid getuig. Van al die brosjures waarna daar gekyk is, was daar slegs een wat van die res afgewyk het. Hierdie brosjure was daarop gemik om reisigers van toeriste te maak, om toeriste weg te hou van opgevoerde outentisiteit sodat hulle eerder die ware en egte Amish gemeenskap ervaar. Die meerderheid van die ander brosjures verteenwoordig nie die Amish as 'n gemeenskap nie, maar eerder dit wat aangebied word. Die toeriste word presies ingelig oor die egte ervaring wat op hulle wag. In 'n ander studie van Buck, “Boundary Maintenance Revisited: Tourist Experience in an Old Order Amish Community”, ondersoek hy geselekteerde aspekte van die toeriste ervaring in die Amish gemeenskap en die moontlike invloed wat dit op die Ou Orde Amish en die Amish se integrasie kan hê. 'n Belangrike gevolg van modernisasie was dat die samelewing se lewenstyle homogeneries geword het. Volgens Buck (1978: 221) het dit veroorsaak dat mense meer tyd afstaan om op spesifieke tye weg van die alledaagse te wees. Dit het toerisme in die hoofstroom van die ekonomie gevestig. Buck het reeds in 1976 begin om 'n studie van die Amish te maak vir twee dae in die week oor 'n tydperk van 32 weke. Gedurende hierdie tyd het hy Amish families

besoek en aan toeriste aktiwiteite deelgeneem. Hy het sy bevindinge in agt referate vervat en dit met drie belangrike Amish medewerkers bespreek. Die meeste Amish het toerisme as 'n "irritasie" gesien wat hulle ondermeer as volg uitgedruk het, "Life was quieter before tourists" (Buck, 1978: 225) en "tourism is a nuisance and bunch of foolishness" (Buck, 1978: 226). Geen Amish met wie Buck gepraat het, het toerisme verwelkom nie. Hulle sien toerisme eerder as leë plesier en wellus, wat essensieel in kontras met hulle lewensfilosofie is (Buck, 1978: 232). Om die toeriste-ervaring te analiseer, het Buck die waarneming van Loomis en Beegle, die behoud van identiteit ("boundary maintenance"), benut:

Boundary maintenance signifies activity to retain identity, value orientation and interaction pattern of a social system. The process of boundary maintenance requires that the system actively resists forces which tend to destroy the identity and interaction pattern.

Die skeiding ("separation") en vreemdheid ("peculiarity") van die Amish gemeenskap is die rede vir die belangstelling van toeriste. Toerisme literatuur gebruik dan juis hierdie vreemdheid asook die godsdienstige karakter van die Amish om hulle te bemark. Buck (1978: 228) beskryf dit soos volg: "Amish Country is presented as a kind of "mini-Holy Land". Die behoud van identiteit is vir die Amish 'n saak van geloof en geskiedkundige tradisie. Toeriste word nie aangemoedig om aktief deel te vorm van die gemeenskap nie, maar om eerder passiewe verbruikers te wees deur middel van onder andere pamflette, museums, toere en films (Buck, 1978: 229). Buck se studie het bevind dat die toeriste-ondernemings so gestruktureer is dat toeriste nie in direkte kontak met die Ou Orde Amish kom nie. Volgens Buck, om 'n toeris in die Amish gemeenskap te wees, is soos om vir 'n kort tydperk binne die grense van 'n afsonderlike toeriste-subkultuur te wees.

Buck (1979) het saam met Ted Alleman verdere navorsing oor die Amish gedoen en hulle bevindinge is in "Tourist Enterprise Concentration and Old Order Amish Survival: Explorations in Productive Coexistence" gepubliseer. Daar is bevind dat 'n toename in toerisme nie die Amish lewenstyl of -riglyne verander het soos daar

voorspel was nie. Volgens hierdie teorie sou die effek van toerisme die mees sigbaarste in die Amish gemeenskap wees waar toerisme ontwikkeling die meeste plaasgevind het. Hierdie studie is in 1979 gedoen en volgens Buck (1979: 15) is dit vandag onwaarskynlik dat toerisme nie 'n invloed op die Amish gemeenskap sal hê nie.

In 1982 het Gary R. Hovinen 'n omvattende studie oor toerisme in die Amish gemeenskap onderneem. In sy studie "Visitor cycles: Outlook for tourism in Lancaster County" het Hovinen, soos hierbo genoem, die "Toerisme Area Lewenssiklus" model van Richard Butler gebruik om die groei van toerisme in Lancaster County te meet. In daardie stadium was dit een van die gewildste besienswaardighede in Amerika. Hovinen (1982: 567) het dit beskryf as 'n empiriese gevalle studie oor die siklus van toerisme wat op toeriste ervaringe in Lancaster County gebaseer is. Hy het hierdie studie voltooi deur toerisme brosjures, reis literatuur en koerant artikels te bestudeer, asook deur middel van onderhoude en veldwerk. Hy het die siklus in vyf fases opgedeel. Hovinen kom tot die gevolgtrekking dat die model meer bruikbaar sal wees as hy dit na 'n vyf fase lewenssiklus verander, in plaas van Bulter se ses fases.

In 2002 het Hovinen weer hierdie studie in 'n nuwe publikasie "Revisiting the destination lifecycle mode" bespreek. Volgens Hovinen (2002: 209) het toerisme so in die voorafgaande twee dekades gegroei dat die toerisme landskap ook 'n transformasie ondergaan het. Sy studie beskryf en interpreteer die nuutste toerisme neigings en fokus veral op Butler se latere stadiums in sy model naamlik konsolidasie, stagnasie, hernuwing en afname.

In 1986 verskyn 'n joernaal artikel van Linda L. Boynton wat fokus op 'n spesifieke element van die Amish, "The effect of tourism on Amish quilting designs". In hierdie studie ontleed sy die invloed van die hoë aanvraag deur toeriste na die kwilte wat deur die Amish gemaak word. Boynton (1986: 464) kom tot die slotsom dat alhoewel die toeriste 'n irritasie vir die Amish is, word hulle aanvaar omrede van hulle ekonomiese impak.

M.A Schuett publiseer in 1992 “Amish perceptions of tourism in an Illinois Amish community” wat die impak van toerisme op 'n Amish gemeenskap meet. Deur persoonlike onderhoude het Schuett ook bevind dat die Amish gemeenskap staatmaak op die ekonomiese sy van toerisme, maar hulle verwerp steeds die invloed van die moderne samelewing. 'n Ander impakstudie oor die invloed van toerisme op die Amish is in 1997 deur G.M. Kreps, J. Donnermeyer, R. Blair en M. Kreps gepubliseer, “The Impact of Tourism on the Amish Subculture: A Case Study”. Die doel van hierdie publikasie was om die sosiale en ekonomiese impak van toerisme op die Amish gemeenskap te meet. Die navorsing is gedoen op die grootste Amish gemeenskap wat in Ohio gebaseer is (Kreps *et al.* 1997: 355). Van die impakte is geïdentifiseer as verkeer, koste van eiendom en grond, en invloed van die ekonomie.

Volgens die Kreps studie wys verkeeropnames, wat tussen 1992 en 1995 opgeneem is, 'n verhoging van 13% per jaar. Amish inwoners het die dorp van Donderdag tot Saterdag vermy omdat dit die dae was wat die meeste besoekers verkeer voorgekom het (Kreps *et al.* 1997: 360).

Wat eiendom- en grondkoste betref, het Kreps bevind dat dié ook as gevolg van twee redes gestyg het: eerstens was daar 'n groot behoefte aan grond vir besigheidsdoeleindes en tweedens was daar ontwikkelaars wat grond wou koop en in aftreeoorde omskep.

Een van die ander belangrike veranderings onder die Amish as gevolg van toerisme soos deur die Kreps studie aandui, was die ontstaan van hulle eie besighede. Besighede is meer gediversifiseer as gevolg van die drastiese groei in toerisme. Nog 'n vorm van inkomste uit toerisme vir die vroue is padstalle en maaltye wat in Amish huise bedien word (Kreps *et al.* 1997: 363). Omdat die meeste van die toerisme besighede in die area deur plaaslike eienaar besit word, was die algemene opinie dat toerisme op hierdie vlak 'n positiewe ontwikkelings is.

Alhoewel party van die Amish inwoners nie ten gunste van toerisme is nie, besef hulle dat toerisme 'n realiteit is wat hulle nie kan ignoreer nie. Kreps *et al.* (1997:

363) kom tot die gevolgtrekking dat die meerderheid van die gemeenskap toeriste akkommodeer en die minderheid wat nie die toeriste aanvaar nie, nogtans steeds ekonomiese voordeel daaruit kry.

Interessant genoeg publiseer Michele Douglas Turco (2000: 1) 'n artikel oor toerisme by Amish gemeenskappe en beskryf dit as 'n "kulturele tempark":

On a two-lane country road in Arthur, Illinois, a motorcoach packed with 45 tourists speeds past a horse drawn buggy, 'Look at them!' one shouts. The tourists crane their necks for a glimpse of the plain-clothed Amish couple. Several tourists hurriedly snap their cameras to record the scene. The bearded driver holds his breath to avoid inhaling exhaust fumes and carefully guides the horse along the narrow gravel shoulder. He and his wife do not glance at the tour bus. They have been through this many times before.

Die artikel beskryf die Amish as 'n kulturele toerisme aantreklikheid, die redes waarom hulle so 'n groot aantrekkingskrag het is en die impak van toerisme op die Amish lewe. Die gevolgtrekking is soortgelyk aan Kreps (*et al.*) (1997) dat die Amish al hoe meer in die toerismebedryf deelneem, gewillig as entrepreneurs of onwillig as kulturele objekte vir toeriste om na te staar.

In Smith en Brent se *Hosts and Guests Revisited: Tourism Issues of the 21st Century* (2001) skryf Michael Fagence (2001: 201) 'n hoofstuk oor "Tourism as a Protective Barrier for Old Order Amish and Mennonite Communities". Fagence ondersoek die Amish gemeenskap en die toeriste se belangstelling in hulle. Hy fokus dan ook op die konsep van beskermdes grense en hoe besoekers fokus op die oppervlakkige. Volgens hom neem laasgenoemde dan die aandag weg van die kern van die gemeenskappe en dus verminder dit die impak.

Die BBC News-kanaal verslag deur Ewan Jones in 2005, "Amish struggle to adapt to tourism" gee 'n redelike, meer gebalanseerde oorsig. Volgens Jones het die Amish 'n "love-hate affair" met die toerisme industrie. Aan die een kant maak toeriste dit

moeilik vir die Amish om hulle normale daaglikse take uit te voer, maar aan die ander kant het die Amish afhanklik van die toerisme inkomste geword. Jones onderskei twee tipes toeriste ondernemings. Eerstens die besighede wat deur die Amish self bedryf word en tweedens die besighede wat deur mense buite die gemeenskap bedryf word. Volgens Jones se dokumentêre verslag voel plaaslike inwoners egter dat die industrie hulle meestal uitbuit.

A.I. Ellard lewer in 2005 'n referaat by 'n Kanadese Kongres oor ontspanningsnavorsing getiteld "The two solitudes: Amish and English perspectives on tourism planning, development and promotion practices and implication for tourism planning". Hy maak die punt dat die Amish daaraan toegewyd is om 'n lewenstyl te volg wat nie met die res van die samelewing konformeer nie. Dit beteken nie dat die Amish nie verstaan word en in die breër samelewing gehoor wil word nie. Baie toerisme organisasies bemark die Amish aktief as 'n "besoekers besienswaardigheid". Die ontwikkeling en bemarking daarvan is 'n algemene praktyk in hierdie gemeenskappe. Arrogansie van die plaaslike inwoners en die besoekers lei soms tot konflik tussen die twee groepe. Wanneer foto's van die Amish geneem word en toeriste ongenooïd eiendomme betree, dui dit op 'n gebrek aan begrip vir die Amish kultuur. Alhoewel die Amish gewillig is om met toeriste besigheid te doen is die meeste besighede nog steeds primêr vir Amish gebruik gestig. Volgens Ellard respekteer besoekers nie die besigheidsure van die besighede nie en kan hulle nie verstaan waarom besighede nie op Sondag oop is nie. Aan die ander kant is daar ook weer mense wat nie positief teenoor die Amish is nie. 'n Negatiewe houding teenoor die Amish was byvoorbeeld duidelik sigbaar onder sommige toerisme leiers. Hierdie standpunt van Ellard (2005) kan soos volg saamgevat word: "The Amish, it seemed, did not live up to the idyllic image that was expected for a positive tourism experience.". Hierdie tipe kommentaar reflekteer op die hele kwessie van outentisiteit vir die toeriste bedryf.

Beth E. Graybill (2009) se doktorsale proefskrif in Filosofie het gegaan oor "Amish Women, Business Sense: Old Order Women Entrepreneurs in the Lancaster County, Pennsylvania, Tourist Marketplace". Haar studie is hoofsaaklik 'n analise van Amish besigheidsvroue en geslagsrolle in die toeristemark. Toerisme in hierdie gebied is

\$1,5 biljoen sterk en toeriste stroom meestal hierheen oor die Amish en die waardes en kultuur wat met hulle geassosieer word. Toerisme het 'n belangrike inkomste vir die Amishvroue geword wat van groot historiese betekenis is. Toerisme het hierdie vroue, eintlik vir die eerste keer, op die voorgrond geplaas. Volgens Graybill is daar nog nie baie literatuur oor die Amishvroue nie en haar studie vul dus die gaping in die literatuur aan. Sy analiseer toerisme, besigheid en geslag vanuit die oogpunt van die Amishvroue.

In 2010 publiseer Deepak Chhabra 'n artikel "How They See Us: Perceived Effects of Tourist Gaze on the Old Order Amish" waarin hy die gemeenskap se perspektief op die nuuskierigheid en indringendheid van toeriste ("tourist gaze") sowel as die uitwerking daarvan op die gasheer gemeenskappe, ondersoek. Hy gebruik die konsep "tourist gaze" soos deur John Urry bekendgestel wat uit 'n sosiologiese benadering probeer vasstel waarom toeriste sekere plekke besoek. Urry (1990:3) stel dit soos volg:

Places are chosen to be gazed on because there is anticipation, especially through daydreaming and fantasy, of intense pleasures, either on a different scale or involving different senses from those customarily encountered. Such anticipation is constructed and sustained through a variety of non-tourist practices, such as film, TV, literature, magazines, records and videos, which construct and reinforce the gaze.

Die eerste stap om die Amish se persepsies te ontleed was om hulle aanvoeling van die redes waarom toeriste na hulle staar te identifiseer. Volgens die Amish was dit hulle outentisiteit wat met kuns, houtwerk en voedsel geassosieer word. Die Amish het nie intimiteit of sosialisasie as 'n kernrede uitgewys nie. Dit dui op die Amish se begrip dat die toeriste 'n vooropgestelde idee oor die hulle het wat nie uit hulle gemaksones sal beweeg nie (Chhabra, 2010: 100). Chhabra (2010: 101) stel twee navorsingsvrae in die studie. In die eerste vraag oor die Amish se persepsie waarom toeriste na hulle staar, is daar bevind dat egte produkte en nuuskierigheid die hoofrede is. Die tweede vraag het te doen met die voordeel van die toeriste se nuuskierigheid oor die Amish. Die positiewe voordeel was meestal filantropies. Die

Amish was van mening dat blootstelling aan hulle lewenstyl 'n sosiale boodskap sal uitstuur aan mense wat in die moderne wêreld vasgevang is. Hulle hoop dat besoekers 'n ander perspektief sal kry na 'n besoek aan hulle gemeenskap. Die ekonomiese voordeel is ook genoem (Chhabra, 2010: 102). Daar is ook negatiewe impakte uitgewys. 'n Tekort aan respek, indringing en toeriste wat aanhoudend foto's neem is deur die Amish genoem as 'n groot frustrasie en betreding van hulle privaatheid (Chhabra, 2010: 103).

Die meer resente publikasie, *Selling the Amish - The Tourism of Nostalgia* gee 'n insiggewende blik op toerisme in die Amish gemeenskappe. Dit het Susan Trollinger vyftien jaar geneem om die boek na te vors en te skryf. Sy het verskeie vrae oor Amish toerisme gehad bv. wat is dit oor die Amish wat miljoene Amerikaners inspireer om hulle te besoek? Wat is dit wat toeriste wil sien, afneem en ervaar? Gaan Amish toerisme net oor die verbruik daarvan of is daar iets diepers daaraan verbonde? Hoe sien toeriste die Amish? In haar studie probeer sy bogenoemde vrae beantwoord. Haar doel is nie om die Amish te beskryf nie, maar om eerder die toerisme onder die Amish gemeenskappe te verstaan (Trollinger, 2012: xv). Volgens Trollinger is 'n besoek aan 'n Amish gemeenskap nie eg nie. Sy sien toerisme as 'n vorm van bemiddeling ("mediation"). Toerisme verteenwoordig 'n beeld van iets en sê vir toeriste hoe om dit wat voor hulle is te sien en te interpreteer. Toerisme in die Amish gemeenskap bestaan uit 'n versameling van besienswaardighede, beelde en stories wat besoekers lei in wat hulle oor die Amish sien en hoe hulle dit interpreteer (Trollinger, 2012: xvi).

Trollinger (2012: xvii) beaam egter dat, omdat 'n egte ervaring nie ervaar word nie, dit nie niks beteken nie. Amish toerisme bestaan uit 'n stelsel van verteenwoordiging wat die manier beïnvloed van hoe Amerikaners se denkwysse oor die Amish is. Dit beïnvloed ook die manier hoe toeriste hulleself sien, sowel as hulle verlede en toekoms. 'n Stelsel van verteenwoordiging bestaan uit verskeie tekens; elke teken verbind 'n impliseerder (woord, objek, klank of smaak) met kennis (die betekenis van elke impliseerder). Hierdie stelsel maak dit moontlik vir mense om die wêreld op 'n relatiewe maklike manier te verstaan. Amish toerisme is 'n stelsel van verteenwoordiging; die Amish word verbind met terme soos

eenvoud (“plainness”), vreedzaam en hardwerkend. Deur hierdie woorde met die Amish te assosieer, moedig die toerisme industrie besoekers aan om die Amish volgens hierdie bogenoemde woorde te interpreteer. Toerisme bied ook beelde aan toeriste. Deur die positiewe punte van die Amish lewe in kontras te plaas met die negatiewe punte van 'n moderne lewe, skep toerisme brosjures die indruk dat toeriste gelukkiger sal voel wanneer hulle die Amish besoek.

Die betekenis van die Amish word nie net deur brosjures en advertensies versprei nie, maar ook die omgewing wat bestaan uit geboue, binnehuisversiering en ander goedere (Trollinger, 2012: xviii). Trollinger (2012: xxi) noem gevallestudies van drie verskillende toeriste dorpies in Ohio nl. Walnut Creek, Berlin en Sugarcreek. Elkeen van hierdie dorpies het sy eie tema en die temas word volhou deur die argitektuur en binnehuisversierings van die geboue.

Behalwe vir die bogenoemde literatuur oor toerisme het daar ook 'n paar betekenisvolle akademiese publikasies oor die Amish se geskiedenis en kultuur verskyn. In 1963 het 'n boek deur John A. Hostetler oor die Amish verskyn, naamlik *Amish Society*. Die outeur was Amish gebore en het in die Amish gemeenskap grootgeword. Hy was moeg vir die onakkurate inligting wat oor die Amish gepubliseer is en het besluit om self 'n boek oor die Amish te skryf om die saak reg te stel. Die eerste uitgawe is in 1963 gepubliseer en die aanvraag daarna was so groot dat dit drie keer daarna gepubliseer is: 'n tweede uitgawe in 1968; 'n derde uitgawe in 1980, en 'n vierde uitgawe in 1993. Die derde uitgawe het Hostetler omtrent heeltemal oorgeskryf op grond van nuwe navorsing wat hy gedoen het en sy eie standpunt wat in 'n groot mate verander het. Sosioloë het almal voorspel dat die Amish binne 25 jaar sou saamsmelt met die res van die samelewing. Maar hulle is egter verkeerd bewys. Hostetler kyk in-diepte na die Amish in terme van hulle sosialisasie, onderwys, familie- en bevolkingspatrone. Die *Philadelphia Inquirer* beskryf dit as “the definitive book on one of America’s most misunderstood communities”. Volgens *Christianity Today* is die boek “the best single book available on the Amish”.

Hostetler se boek is in vier dele verdeel wat 'n kronologiese patroon volg. In die eerste deel, "Foundations", bespreek hy verskillende modelle om die Amish gemeenskap te verstaan. Die eerste model wat genoem word is 'n "statebond". 'n Statebond impliseer 'n plek/provinsie wat geografies en sosiaal verbind word deur 'n eenheid. Die inwoners van 'n statebond voel gemaklik met hulle eie idees, gebruike en waardes en die "plek" is in onderskeid met ander dele van die land. 'n Statebond het mettertyd tot niet gegaan omdat groepe en instellings te groot geword het en die gevoel van 'n statebond het so verlore gegaan. In realiteit is die Amish gemeenskap egter nog 'n statebond. Die Amish kan ook as 'n "sektariese gemeenskap" beskryf word (Hostetler, 1993: 5). Lede van so 'n gemeenskap stel hulle geloof eerste en rig hulle lewens volgens geloofbeginsels in. Sulke groepe word as klein en vreemd gesien en het soms fanatiese idees (Hostetler, 1993: 6). Die Amish het hulleself omskep in 'n gemeenskap om die eienskappe van God te ervaar, te kweek en te bewaar (Hostetler, 1993: 7). Die Amish is nie in konflik met die dominante kultuur nie en hulle wend ook nie 'n poging aan om hulle boodskap te versprei nie.

Die Amish word ook as 'n "tradisionele gemeenskap" geklassifiseer. Sulke gemeenskappe is ongemaklik met die idee van verandering (Hostetler, 1993: 8). Jong mense doen wat die ouer mense gedoen het toe hulle jonk was en lede kommunikeer intern met mekaar, nie net alleen deur fisiese kommunikasie nie, maar ook deur waardes en simbole wat 'n sterk eenheid reflekteer (Hostetler, 1993: 9). Kulturele antropoloë onderskei tussen verskeie variasies van kultuur asook 'n graad van buigbaarheid binne kulture. So word daar volgens Hostetler 'n onderskeid gemaak tussen 'n hoë- en laekonteks kultuur. Die Amish kan beskryf word as 'n hoë-konteks kultuur. In hierdie kultuur is mense diep by mekaar betrokke en bewustheid van situasies, ervarings, aktiwiteite en sosiale eenhede is goed ontwikkel. Daar is verskeie vlakke van kommunikasie bv. implisiet, eksplisiet, tekens, simbole en lyftaal (Hostetler, 1993: 18). In die res van deel een kyk Hostetler na die ontstaan van die Amish en hulle reis na Amerika.

In die tweede deel, "Stability and fulfillment", beskryf (Hostetler 1993: 73) die beginsels wat die Amish gemeenskap onderskryf en nastreef. Hierdie waardes is

vasgevang in 'n handves en lei die Amish in hulle daaglikse lewe. Die Amish het 'n unieke gemeenskap struktuur in Amerika en Hostetler bespreek die gemeenskap, landbou, familie struktuur, opvoeding, rituele en die simbole van die gemeenskap hier verder.

Deel drie, "Patterns of Change", handel oor die feit dat die Amish dikwels met regulasies en burokrasieë gekonfronteer word. Hostetler (1993: 256) dui aan dat hulle 'n groot beperking op die outoriteit van die staat plaas. Daar word ook gekyk na hulle mediese praktyke en die invloed van toerisme. Toerisme het by alle Amish gemeenskappe ingesypel, maar die mees ontwikkelde en bemarkte gemeenskap is Lancaster County (Hostetler, 1993: 316). Volgens Hostetler (1993: 317 & 318) is die negatiewe impak van toerisme weereens die verkeer op die klein enkelpaaie en die ongemaklikheid van toeriste wat heertyd na die Amish staan. Hy bevestig ook dat baie Amish families nie meer hulle weeklikse inkopies in die somermaande doen wanneer die toeriste toesak nie. Een van die grootste besware wat die Amish oor toerisme het is weereens foto's wat deur toeriste geneem word. Hierdie beswaar is gegrond op hulle geloofbeginsels.

Die laaste deel van die studie, "Survival", fokus op die Amish se langtermyn oorlewing. Soos aangedui het sosiale kenners aangeneem dat dit net 'n kwessie van tyd sou wees voordat die Amish in die dominante samelewing geabsorbeer sou word. Volgens Hostetler (1993: 387) het die Amish egter nie net oorleef nie, maar hulle getalle het in die afgelope vyf en twintig jaar meer as verdubbel. In die laaste gedeelte van die boek word die toekoms van die Amish bespreek.

V.A McKusick het in 1980 ook die Amish gemeenskap as geheel in die publikasie *The Amish* ondersoek. Volgens sy studie verteenwoordig die Amish 'n geloofs- en genetiese isolasie en is dus nuttig vir sosiologiese en genetiese studies. Alhoewel die fokus van sy studie spesifiek geneties was, het hy ook aandag gegee aan die sosiologiese aspekte. McKusick (1980: 52) maak die punt dat die Amish se arbeidsintensiewe manier van landbou al hoe skaarser in ontwikkelde lande raak.

In 1989 is *The Riddle of Amish Culture* deur Donald B. Kraybill gepubliseer. Deur hierdie boek het Kraybill gesprekvoering aan die gang gesit oor kulturele raaisels aan beide kante van die kulturele skeidslyn in 'n poging om die dinamika van die Amish samelewing te verstaan. Kraybill gee verskeie redes waarom hy op die Amish besluit het. Volgens hom kan dit nie vir die Amish maklik gewees het om hulle tradisionele kultuur suksesvol teen die moderne samelewing te beskerm nie. Nog 'n rede vir sy studie was die feit dat die Amish kultuur so misverstaan word. Kraybill se boek fokus op die aspekte van die Amish ervaring wat relevant is in hulle stryd teen modernisasie (Kraybill, 1989: viii). In 2001 het Kraybill 'n hersiene uitgawe gepubliseer met nuwe demografiese data en onderhoude wat hy gevoer het. Daar is ook 'n nuwe hoofstuk bygevoeg oor die Amish se ontspanning en vermaak.

A History of the Amish word in 1992 deur Steven M. Nolt gepubliseer en is 'n indiepte ondersoek na die geskiedenis van die Amish. Hierdie is slegs een van twaalf boeke wat Nolt gepubliseer het, en wat almal fokus op die Amish se geskiedenis en kultuur. 'n Hersiene uitgawe van die geskiedenis is in 2003 bekendgestel en bevat nuttige inligting oor die ontstaan en ontwikkeling van die gemeenskap.

In 1994 publiseer Donald B. Kraybill en Marc A. Olshan *The Amish struggle with Modernity*. Die boek bestaan uit beskrywings van die Amish se stryd teen modernisme op sekere vlakke van hulle lewens. Hierdie stryd fokus nie net op die groter samelewing nie, maar ook binne hulle eie gemeenskap soos geslagsrolle, die ontwikkeling van instansies, die gebruik van tegnologie en die plek van opvoeding en onderwys. In hulle stryd teen modernisme het die Amish verandering teengestaan, maar in die proses moes hulle self veranderinge maak (Kraybill & Olshan, 1994: viii). In die inleidende hoofstuk bied Kraybill 'n oorsig van die Amish gemeenskap, van hulle oorsprong tot hulle huidige status as 'n godsdienstige minderheid in Noord-Amerika (Kraybill & Olshan, 1994: 1). Die res van die publikasie kyk na sosiale verandering en aanpassing, historiese perspektiewe, beroeps verandering en teoretiese perspektiewe.

Ook in 1994 het Dachang Cong “The Roots of Amish Popularity in Contemporary U.S.A.” gepubliseer. Deur hierdie studie probeer hy vasstel waarom die samelewing 'n positiewe beeld van die Amish het en hoekom hulle so gewild is in die oë van die meeste Amerikaners. Dit is ook vir Cong die groot rede waarom die Amish so suksesvol is om hulle kultuur te bewaar, naamlik die positiewe houding van die meeste Amerikaners teenoor hulle (Cong, 1994: 59).

Nog 'n studie wat aandag gee aan die Amerikaners se positiewe aanvoeling teenoor die Amish gemeenskap is David Weaver-Zercher se publikasie van 2001, *The Amish in the American Imagination*. Hier ondersoek Weaver-Zercher hoe die Amish steeds die verbeelding van die deursnee Amerikaner aangryp. Hy kyk indringend na hoe Amerikaners deur die twintigste eeu op die Amish gereageer en hulle geïnterpreteer het. Verder ondersoek hy ook hoe diverse groepe, van Mennoniete tot Hollywood regisseurs, die Amish voorgestel het. Weaver-Zercher dra weer in 2008 by tot hierdie tema met *The Amish & the Media* wat hy saam met Diane Z. Umble geskryf het. Hierdie publikasie word as die eerste wetenskaplike bespreking gesien van die verhouding tussen die Amish en die media. Met insette deur 'n aantal kenners in film- en mediastudies, poësie, antropologie en die geskiedenis word die verhouding tussen die Amish en die media ontleed. In die eerste gedeelte van die boek word daar gekyk na die Amish en die beeld wat deur die media oor hulle uitgedra word. Media uitbeeldings van die Amish het 'n lang geskiedenis. Volgens die studie het daar in 1869 'n reisverslag in die *Atlantic Monthly* deur Phebe E. Gibbons verskyn. Hierdie verslag het foto's en sketse van die Amish bevat. Die Amish is ook verder uitgebeeld deur poskaarte, dokumentêre films, televisie programme en internet webtuistes. Daarbenewens het toeriste trekpleisters die Amish ook op hulle eie manier uitgebeeld (Umble & Weaver-Zercher, 2008: 20). Die tweede gedeelte van die boek kyk na die Amish as media produsente en verbruikers. Hulle word nie net uitgebeeld deur die media nie, maar is ook verbruikers en produsente van hulle eie media (Umble & Weaver-Zercher, 2008: 156).

'n Meer onlangse publikasie oor die Amish sluit in *An Amish Paradox - Diversity and Change in the World's Largest Amish Community* deur Charles E. Hurst en David L.

McConnell (2010). In hierdie boek word die diversiteit en verandering in die Holmes County Amish gemeenskap ondersoek. Baie van die bestaande navorsing oor die Amish fokus op die Amish gemeenskappe in Pennsylvania en Indiana en daarom het die outeurs besluit om spesifiek te fokus op die Holmes County gemeenskap in Ohio. In die eerste hoofstuk word 'n oorsig gegee oor die historiese en kulturele drade wat die Amish 'n eenheid maak. Hoofstukke 2 en 3 kyk na die oorsprong en gevolge van godsdienstige diversiteit onder die Amish. Alhoewel die Amish as 'n gemeenskap 'n eenheid vorm is hulle nie immun teen geloofskonflik nie. Leerstellige argumente, die gebruik van tegnologie en persoonlikheidsbotsings het veroorsaak dat daar vier kerk affiliasies in die gemeenskap ontstaan het. In Hoofstuk 4 word die gesinstruktuur van die Amish behandel. Hierdie is die een stabiele element van die Amish wat verandering die meeste teenstaan, maar daar is nogtans tekens van uitdagings en bekommernisse. Die verhouding tussen ouers en kinders, mans en vrouens word ondersoek asook die hervorming van vrye tyd. Hoofstuk 5 fokus op opvoeding en die uitdagings wat ouers, onderwysers en skole in die gesig staar. In die Holmes County gemeenskap is daar veral verskillende opvoedingskeuses vir Amish kinders. Hoofstuk 6 kyk na die verskeidenheid beroepe wat in die gemeenskap uitgeoefen word en watter sosiale en kulturele gevolge voorkom as gevolg van sekere beroepskeuses. Die gemeenskap se ekonomie kan as gemeng beskryf word en uitdagings wat deur die toerisme industrie veroorsaak word bly 'n bekommernis. Die verskil in sosiale klasse wat al hoe meer onder die Amish voorkom word ook bespreek. Hoofstuk 7 handel oor gesondheidsorg onder die Amish. Die rol van die kerk, kostes, toegang en kennis wanneer gesondheidsbesluite gemaak moet word, word aangespreek. In Hoofstuk 8 word die verskillende patrone wat met godsdien, familie, onderwys, beroepe en gesondheidsorg geassosieer word as 'n raamwerk voorgestel om die Holmes County as 'n gemeenskap te verstaan (Hurst & McConnell, 2010: Voorwoord). Hierdie publikasie is dus 'n in-diepte studie aan verskeie fronte.

Die Amish gemeenskappe het dus die onderwerp van 'n wye verskeidenheid akademiese studies oor die jare heen geword.

Orania gemeenskap

In teenstelling met die groot hoeveelheid en verskeidenheid van literatuur oor die Amish, het daar tot op datum vergelykenderwys minder studies oor Orania voorgekom. Die navorsing oor Orania fokus beduidend meer op die antropologie van die Afrikaner, oor Orania se ideaal van selfbeskikking en die politiek wat daarmee gepaard gegaan het. Daar bestaan egter wel moontlikhede om studies oor Orania te doen soortgelyk aan dié wat oor die Amish gedoen is.

Een van die eerste en belangrikste studies fokus op die ontwikkeling van Orania as 'n klein dorp en is in 2003 deur Prof. N.J. Kotze, professor in geografie aan die Universiteit van Johannesburg ondersoek. In “'n Verandering in ekonomiese grondslag: Orania as gevallestudie vir kleindorpse ontwikkeling in Suid-Afrika”, word die ekonomiese grondslag die belangrikste faktor wat die groei van dorpe beïnvloed. Hy beskryf hoe Orania se ekonomie drie keer verander het (2003: 159). Hy bevind ook dat in teenstelling met die res van die klein dorpieë in Suid-Afrika, Orania een van die min dorpe is wat nie geldelike probleme het nie en bewys dat sy groei astronomies is (2003: 170).

'n Verdere geografiese studie, “The ‘bottom-up’ approach to Local Economic Development (LED) in small towns: a South African case study of Orania and Philippolis”, is in 2004 deur J.J. Steyn gepubliseer. Hierdie studie van Steyn kyk na die verskillende vorme van plaaslike ekonomiese ontwikkeling in twee kleiner dorpieë (Steyn, 2004: 55). Orania blyk om die suksesvolste te wees wanneer dit by die vlak van hulle infrastruktuur kom. Die sukses kan toegeskryf word aan hulle wil om suksesvol te wees en hulle kultuur van selfwerkzaamheid. Met geen ondersteuning van die regering vir plaaslike ekonomiese ontwikkelingsprojekte nie, is alle werkseleenthede plaaslike genereer en daarom kan dit volgens Steyn geklassifiseer word onder plaaslike ekonomiese ontwikkeling. Steyn meld dat by werkseleenthede onderskei kan word tussen basiese en nie-basiese aktiwiteite; basiese aktiwiteite behels goedere en dienste wat buite die gemeenskap se ekonomiese grense val, waar nie-basiese aktiwiteite na die behoeftes van die mense binne die ekonomiese grense voorsien. Van die basiese dienste in Orania wat deur Steyn genoem word is o.a. 'n ingenieursfirm, Kenweb ('n

gerekenariseerde Afrikaanse onderwysstelsel) (Steyn, 2004: 59) en Plantsaam Bestuursdienste Bpk, 'n suksesvolle landbou inisiatief (Steyn, 2004: 60). Nie-basiese aktiwiteite sluit 'n steenmakery in wat slegs bakstene vir plaaslike gebruik vervaardig. Dan is daar ook die Orania Spaar en Krediet Koöperatief Bpk wat wettiglik as 'n bank bedryf word en ook lenings aan die inwoners van Orania toestaan (Steyn, 2004: 60). Hierdie studie het 'n sterk ekonomiese grondslag.

In 2000 het Mads Vestergaard sy meestersverhandeling in Antropologie voltooi, een van vele wat sou volg. In "Afrikanerdoom? Negotiating Afrikaner identity in post-apartheid South Africa" gebruik hy verskillende post-strukturele teorieë ("post-structuralist theory") om te bepaal hoe blanke Afrikaanssprekendes hulself in die nuwe Suid-Afrika posisioneer. Die analise gaam om Orania met Vestergaard se stelling: "It is argued that although Orania is radical in its claims, it is nonetheless one of the actors in the discursive battle of redefining Afrikaner identity." (Vestergaard, 2000: iv).

In 2001 publiseer Vestergaard 'n artikel wat handel oor die werk wat hy in sy verhandeling gedoen het. "Who's Got the Map? The Negotiation of Afrikaner Identities in Post-Apartheid South Africa". Met die beëindiging van apartheid het die Afrikaners die mag wat die Afrikaner geïdentifiseer het, verloor. Volgens Vestergaard word 'n nasionale identiteit gevorm deur kollektiewe simbole en 'n nuwe reeks simbole het die ou simbole van apartheid vervang (Vestergaard, 2001: 22). Van die ou Afrikanersimbole wat Vestergaard noem is die Voortrekkermonument, die Stem, die landsvlag, straatname wat na vervloë Afrikanerhelde vernoem is, en lughawens en damme wat na politici vernoem is, (Vestergaard 2001: 22). Orania word beskryf as 'n gemeenskap wat nie deel wil wees van die nuwe Suid-Afrika nie en hulle het dus nie die nuwe nasionale simbole van die land aanvaar nie. Vestergaard noem dit 'n ortodokse uitdrukking van Afrikaner identiteit. Hy hou vol dat die argument van Orania se inwoners is dat hulle in die minderheid is en onder die nuwe simbole sal uitsterf (Vestergaard, 2001: 33).

Nog 'n antropologiese studie wat in Hagen (2013: 30) genoem word, is M. Opperman se referaat van 2004 getiteld “Die Afrikaners van Orania as 'n etniese gemeenskap”, wat by die jaarlikse *Anthropology Southern Africa* konferensie gelewer is. Hierin word die sterk etniese identiteit van Orania as 'n gemeenskap ondersoek. Blykbaar was Opperman se studie die eerste een in sy soort waar die inwoners van Orania hulle opinies deurgegee het.

Terisa Pienaar het in 2007 'n meestersverhandeling in geskiedenis “Die aanloop tot en stigting van Orania as groeipunt vir 'n Afrikaner volkstaat” voltooi. Die doel van haar studie was om die moontlikheid van Orania as 'n volkstaat te ondersoek. In haar eerste hoofstuk kyk sy na die belangrike begrippe “identiteit” en “Afrikaner-identiteit” (Pienaar, 2007: xi). In Hoofstuk 2 behandel sy die konsep van 'n volkstaat: waar die idee ontstaan het; die vereistes waaraan 'n volkstaat moet voldoen en na die regse politiek daarvan. In Hoofstuk 3 word die ontwikkeling van Orania deeglik bespreek. Pienaar kyk na die totstandkoming van Orania, die mense wat daar woon en hoe die Afrikaner-identiteit hier uitgeleef word. Hoofstuk 4 bevat 'n kwantitatiewe analise oor die inwoners van Orania. Hierdie inligting is verkry deur middel van persoonlike onderhoude en vraelyste wat deur die inwoners ingevul is (Pienaar, 2007: xii). In die slot evalueer Pienaar die moontlikheid van 'n volkstaat vir Orania.

Pienaar is nie die enigste persoon wat die idee van 'n volkstaat ondersoek het nie. F.C. de Beer, van die Universiteit van Suid-Afrika, het in 2007 dit ook breedvoerig ondersoek in “Exercise in futility, or dawn of Afrikaner self-determination: an exploratory ethno-historical investigation of Orania”. In hierdie studie ontleed de Beer die teoretiese aspekte van etnisiteit in diepte. Volgens hom, is daar uit die 200 onafhanklike state in die wêreld ongeveer 5000 etniese groepe wat 600 verskillende tale praat, en is daar ook hernude belangstelling in etnisiteit onder wetenskaplikes. Drie teoretiese benaderings tot etnisiteit word deur hom bespreek: primordiaal (“primordial”), instrumenteel (“instrumental”) en opposisioneel (“oppositional”). Die primordiale benadering handel oor kulturele waardes, sowel as die historiese en geopolitiese bewussyn van 'n etniese groep. Die instrumentele benadering wys uit dat etnisiteit 'n dinamiese fenomeen is wat deur

lede van 'n etniese groep gebruik word as 'n “means to an end”. Die opposisionele benadering streef daarna om 'n sintese tussen die eerste twee benaderings te bewerkstellig. Dit behels die interaksie tussen lede van verskillende etniese groepe in dieselfde area waar die instrumentele dimensie geopenbaar word. Teen hierdie teoretiese agtergrond word die etniese identiteit, bestuurstruktuur en politieke affiliasies van Orania ondersoek en bespreek (de Beer 2007: 45).

In 2011 het Lorenzo Veracini kritiek op de Beer se bogenoemde artikel gelewer in “Afterword: Orania as Settler Self-Transfer”. De Beer se artikel vorm volgens Veracini 'n uitgebreide verskoning vir Orania (Veracini, 2011: 190). De Beer beskryf Orania as 'n Afrikaner reaksie, maar Veracini wil verder gaan: “I would like to suggest that, as well as reflex steeped in Afrikaner history, Orania is also an inherently settler colonial response.” In 'n vorige studie van Veracini, “Settler Colonialism: A Theoretical Overview”, argumenteer hy dat setlaar kolonialisme (“settler colonialism”) en oordrag (“transfer”) nou met mekaar verbind is en kom hy tot die gevolgtrekking dat “if colonialism can be defined as exogenous domination for the purpose of exploitation, settler colonialism can be defined as exogenous domination for the purpose of transfer”. Volgens hom val Orania binne hierdie raamwerk (Veracini, 2011: 194).

Pieter Labuschagne, ook van die Universiteit van Suid-Afrika, het soos Pienaar en de Beer ook navorsing oor hierdie tema gedoen onder die titel “*Uti Possidetis* versus Self-Determination: Orania and an independent ‘Volkstaat’”. Hierdie verslag van Labuschagne het in 2008 verskyn. Dit fokus op die posisie van selfbeskikking van minderheidsgroepe in die internasionale reg. Die eerste gedeelte van sy studie kyk na die konsep van “selfbeskikking” en die problematiese situasie van minderheidsgroepe in die wêreld. Dan word daar gekyk na die internasionale wet se kapasiteit om die lot van minderhede te hanteer. Vervolgens werk Labuschagne aan 'n werkbare strategie vir minderheidsgroepe om sterker erkenning te kry, met spesiale verwysing na 'n Afrikaner minderheidsgroep. Die laaste deel van hierdie studie bestaan uit 'n gevallestudie van Orania se strategie tot selfbeskikking (2008: 79). Labuschagne (2008: 78) kom tot die gevolgtrekking dat, ten spyte van die

kontroversie, bly selfbeskikking 'n visie van baie kulturele en godsdienstige minderheidsgroepe wat in groter state vasgevang is.

L.R. Todd het in 2008 haar doktorsgraad in Antropologie voltooi met *What's in a name? The politics of the past within Afrikaner identifications in post-apartheid South Africa*. Die periode wat na apartheid gevolg was gekenmerk deur politieke en sosiale veranderinge in Suid-Afrika. Volgens Hagen (2013: 30) het Todd aangevoer dat hierdie klimaat van transformasie en debat rondom apartheid 'n diepgaande effek op die Afrikaner se identiteit gehad het. Todd bespreek hoe Afrikaners in 'n proses van etniese mobilisering opgetree het. Orania vorm deel hiervan as 'n reaksie van 'n groep wat selfbeskikking nastreef (Hagen, 2013: 30).

Die kulturele identiteit van vroue in Orania is in 2009 deur L. Blomerus ondersoek in haar meestersverhandeling, " 'n Antropologiese studie na die identiteit van vroue in Orania". Blomerus (2009) het ondersoek hoe vroue in Orania hulle identiteit handhaaf en bevorder deur aktiwiteite perspektiewe. Verder bestudeer sy ook oortuigings van die vroue in verband met hulle Afrikaner identiteit en hoe hierdie identiteit gebou word. Hierdie studie is in baie opsigte dieselfde as Beth E. Graybill se doktorsproefskrif in Filosofie oor "Amish Women, Business Sense: Old Order Women Entrepreneurs in the Lancaster County, Pennsylvania, Tourist Marketplace".

Ronald Mears het in 2009 die Ora as ontwikkelingsmiddel ondersoek in *The Ora as facilitator of sustainable local economic development in Orania*. Die doel van Mears se studie was om vas te stel hoe volhoubare plaaslike ekonomiese ontwikkeling ("sustainable local economic development" / "SLED") deur Orania se eie bank en sy geldeenheid, die Ora, gefasiliteer is. Mears gebruik die situasie in Orania as 'n voorbeeld van hoe om armoede en werkloosheid in Suid-Afrika te verbeter. Hy stel dit dat 'n plaaslike geldeenheid werksgeleenthede kan verhoog, inkomste kan genereer en die lewensstandaard van die gemeenskap verhoog. Volgens hom word die langtermyn volhoubaarheid van Orania verbeter sowel as Orania se plaaslike onafhanklikheid, deur die ontwikkeling van Orania se eie instellings op sy eie grond en met sy eie arbeid.

'n Etnografiese studie van Henning Hues en Katalin Morgan het in 2010 die lig gesien. In "The raising of the flag in 'Volkstaat' Orania: Perspectives on a school ceremony" doen Hues en Morgan 'n analise van 'n sosiale praktyk wat weekliks by 'n skool op Orania plaasvind, naamlik 'n vlagseremonie (Hues & Morgan, 2010: 33). Beide navorsers noem dat daar, ten spyte van Orania se ongewone kenmerke, nog min sistematiese ondersoeke oor die dorp en gemeenskap was (Hues & Morgan, 2010: 34). Die seremonie is vanuit twee verskillende perspektiewe bespreek. Eerstens is Turner (2009) se interpretatiewe ("interpretive") raamwerk gebruik om die sosiale aksie te analiseer en tweedens het hulle Reckwitz (2003) se teorieë van praktyk ("theories of practice") gebruik om te sien hoe hulle dit kan uitmaak van die alledaagse lewe. (Hues & Morgan, 2010: 34). Weereens word Orania as 'n soort "laboratorium" beskou om sekere opvattinge te toets.

In hierdie lig lewer S. Seldon in 2012 'n referaat oor *The last hope of Afrikanerdom? Orania as an ethnic homeland* tydens die twaalfde konferensie van die *European Association of Social Anthropologists*. In hierdie referaat ondersoek hy Orania as 'n etniese "tuisland". Seldon argumenteer dat Oraniërs glo dat hulle nie sonder hierdie "tuisland" 'n bestaan sou kon maak nie. Hulle glo dat hulle afstammeling geen kultuur sal hê nie, en sonder 'n Afrikaanse kultuur het hulle nie 'n identiteit nie. Hagen meen dat Seldon tot die gevolgtrekking kom dat Orania 'n uitbeelding is van die Afrikaner in die een-en-twintigste eeu (Hagen, 2013: 32).

In "The History of Dispossession at Orania and the Politics of Land Restitution in South Africa" ondersoek Edward Cavanagh (2013) die geskiedenis van die onteiening van die grond wat Orania uitmaak. Cavanagh kyk na die verhouding tussen die mense en die land; eerstens met die eerste inwoners, die San, en daarna die Europese setlaars. Hierdie geskiedenis van onteiening word deurgevoer tot en met die twintigste eeu wanneer Orania deur die regering besit word en dan weer terugkeer na privaat eienaarskap. Cavanagh beskryf ook 'n gebeurtenis wat volgens hom nie welbekend is nie: "the dispossession of a small squatter community in Orania between 1989 and 1991". Dit was ook dan in 2005 wat hierdie vorige inwoners 'n grondrestitusie-eis ingedien het (Cavanagh, 2013: 391). Die hof het egter beslis dat die regering die grond laat agteruitgaan het en in die mark

gesit het. Die aanspreeklikheid het dus by die regering gelê en nie die titelhouer van die grond nie. 'n Skikking is buite die hof bereik en die regering, nie Orania nie, het 'n bedrag aan die eisers uitbetaal (Cavanagh, 2013: 403).

Ook in 2013 het 'n insiggewende en omvattende meestersverhandeling in Antropologie deur Lise Hagen verskyn onder die titel "'Place of our own': The Anthropology of Space and Place in the Afrikaner Volkstaat of Orania". Volgens Hagen word die "plek" vanselfsprekend aanvaar in antropologiese studies. Sy argumenteer dat die landskap van Orania belangrik is en dat die fisiese plek noodsaaklik is vir die konstruksie van Orania se identiteit. Orania is 'n egte plek-gebonde uitdrukking na hierdie soeke om identiteit. Inwoners definieer hulle identiteit deur hulle model van ruimte en grond. Hagen sê verder dat die fisiese grense uitgebrei word wanneer ondersteuningsgroepe buite die gemeenskap 'n belangrike deel van die aktiwiteite in die gemeenskap word. Verder word die sosio-politiese grense ook getoets deur die in- en uitstroming van lede van die gemeenskap en die konstante teenwoordigheid van media en besoekers (Hagen, 2013: iii). Die landskap bestaan nie net uit die fisiese plek nie, maar ook uit die ervarings en ingesteldheid van sy inwoners. Die verskillende landskappe is boustene in die konstruksie van Orania se identiteit. Hagen beklemtoon dat "I would emphasise that Orania, and by extension this study, is not just an academic concept, but a product of the lived experiences and opinions of people who are closely connected to the land of their own (Hagen, 2013: iv). Hierdie studie gee dus 'n nuwe inslag op die antropologiese studies oor Orania.

Daar is ook vele populêre artikels oor Orania op die internet beskikbaar wat onder andere deur joernaliste geskryf is. Hierdie artikels is nie noodwendig ewewigtig nie en het kontroversiële titels soos "Orania Tourism: Come gawk at the racist", "Apartheid's last stand", "Orania, South Africa: Where apartheid lives on". Ander populêre inligting oor Orania is deur die Orania Beweging in die vorm van video's, pamflette, brosjures en kort publikasies bekend gestel. Die Orania Beweging is 'n Afrikaanse kultuurbeweging wat die idee van 'n volkstaat ondersteun en bemark (Wie is ons, n.d.). Hierdie inligting is ook nie noodwendig ewewigtig nie omdat die Beweging hulle beeld van Orania probeer bemark en bevorder. Albei speel 'n rol in

die bemerking van Orania en kan beskou word as een van die belangrike maniere wat toeriste na Orania lok.

In vergelyking met die Amish is daar nie naastenby so baie literatuur oor Orania beskikbaar nie. Waar daar betekenisvolle werke oor toerisme en die Amish self is, is daar geen soortgelyke werke oor Orania nie. Tot op hede was Orania nog nie as 'n toerisme bestemming bestudeer nie. Dit is wel duidelik dat Orania die aandag van vele antropoloë wêreldwyd getrek het en daar sal beslis nog meer studies oor Orania verskyn. Omdat Orania in vergelyking met die Amish so 'n jong gemeenskap is, kan die navorsing van die Amish as 'n goeie metings- en voorspellingsmodel vir toerisme in Orania gebruik word. Pienaar (2007) en de Beer (2007) het in hulle studies beaam dat daar min literatuur oor Orania beskikbaar is.

Hoofstuk 3:

Die geskiedenis van die Amish- en Orania gemeenskappe

Hierdie hoofstuk kyk na die ontstaan en geskiedenis van die Amish en Orania gemeenskappe. Dit dien dus as agtergrond vir 'n analise van die toerismebedryf in albei gebiede.

Die Amish

Die Amish se geskiedenis dateer terug na die sestiende eeu en word deur 'n stryd om geloofsoorlewing gekenmerk. Die oorsprong van hulle beweging dateer terug na die vroeë 1500s toe politieke en ekonomiese probleme Westelike Europa geteister het (Perry, 2000: 227). Die inflasie van pryse het armoede veroorsaak, ryk handelaars het die rol van die adelstand bevraagteken en die mag van die Ottomaanse Turke het nasionale sekuriteit bedreig. Die opkoms van die gedrukte pers het ook nie die situasie verbeter nie en boodskappe van straf, vernietiging en sosiale onrus is van dorp tot dorp versprei (Nolt, 2003: 6). Te midde van hierdie oproerigheid was die kerk steeds die liggaam wat alles bymekaar gehou het. Christenskap het gegroei van 'n geloof wat eers verbied was, na die enigste aanvaarde geloof in die Romeinse Ryk. Die kerk en die staat se doel was om 'n verenigde Christelike samelewing tot stand te bring (Nolt, 2003: 7). Met tyd het die westelike deel van die Romeinse Ryk geval, maar die kerk was daar om die fort te hou. Reg deur die Middeleeue het die Pous Christene gelei om 'n heilige beskawing in Wes-Europa te bou (Perry, 2000: 227).

Die kerk het Wes-Europa vir meer as 'n millenium lank gelei, maar in die sestiende eeu het die samelewing begin versplinter en dit het ook met die kerk begin gebeur. Die Rooms Katolieke kerk het sy morele en politieke outoriteit begin verloor. Politici het ook die pous se mag oor die konings begin verwerp en die idee van 'n Christelike statebond wat deur die pous gelei word, het al hoe meer onder skoot gekom. Daar is geargumenteer dat die kerk slegs 'n spirituele liggaam is en daarom kan sy mag nie uitbrei tot binne die politieke arena nie. Aan die einde van die sestiende eeu is daar 'n reeks aanvalle teen die kerk geloods. Hierdie aanvalle

was nie iets nuuts nie, maar die reaksie van Christene teenoor die kerk was nuut. Hulle was in opstand teen die korrupsie wat in die kerk plaasgevind het veral die verkope van vergunnings, nepotisme, die persoonlike rykdom van die biskoppe en seksuele vergunnings (Perry, 2000: 227).

In 1517 het 'n monnik, Martin Luther, 'n reeks revolusionêre veranderings aan die basiese beginsels van die Rooms Katolieke geloof voorgestel. Luther het getuig dat God se redding direk met elke Christen gebeur op grond van die individu se geloof en nie deur die kerk se sakramente nie (Nolt, 2003: 8). Verder het hy ook gevoel dat enige besluite wat geneem word nie op tradisie of kerkwette gebaseer moet word nie, maar eerder op die Bybel. Die Duitse taal moes ook eerder in die kerk gebruik word in plaas van Latyn sodat meer mense dit kon verstaan. Die beginpunt vir die hervorming was Luther se aanval op die kerk se verkoop van vergunnings in 1517. Volgens die kerk het sommige individue direk hemel of hel toe gegaan, terwyl ander eers hemel toe gaan as hulle 'n sekere tyd in die vagevuur ("purgatory") was. Dit was gemik op mense wat baie gesondig het gedurende hulle lewe op aarde, maar wat nog voor hulle dood daarvoor kon berou toon. Vergunnings is bedoel om gedeeltes van hierdie tyd wat in die vagevuur deurgebring is te verminder en is uitgedeel vir gebede, bywoning van altaardiens en enige liefdadigheidswerk, insluitend geldelike bydraes aan die kerk. Dit het voorgekom asof mense hulle plek in die hemel koop. Die kerk het egter volgehou dat beide geloof en goeie werke vir redding noodsaaklik was (Perry, 2000: 229). Volgens Luther was die pous 'n Antichris en hy het die kerk as "a most lawless den of robbers, the most shameless of all brothels, the very kingdom of sin, death and Hell" beskryf (Perry, 2000: 230). Deur die ontwikkeling van die pers is Luther se idees regoor Europa versprei en kerkleiers het in hul eie gemeentes daarvan begin gebruik (Nolt, 2003: 9).

Luther het 'n rebellie teen die kerk se outoriteit gelei wat in minder as 'n dekade die eenheid van die Christendom totaal verbreek het (Perry, 2000: 226). Teen die 1540s het die Rooms Katolieke kerk sy eie interne hervorming gehad, maar dit was te laat om die Protestante beweging in Noordelike en Westelike Europa te keer (Perry, 2000: 227).

Die Switserse Hervorming is grootliks beïnvloed deur Huldrych Zwingli. Hy was die enigste hervormer van die sestende eeu wie se visie en beweging nie in 'n kerk verander het nie. Sy teologie was meer radikaal as dié van Luther en hy het die Bybel as die hoogste outoriteit beskou. Die woord “sakrament” is deur Zwingli verwerp omdat dit volgens hom 'n heilige aksie was wat die mag gehad het om 'n mens se gewete van jou sondes te skei. Vir Zwingli was 'n sakrament eerder 'n inleidende gelofte soos die doop byvoorbeeld (Porter, n.d.).

Net soos Luther, het Zwingli ook geglo dat redding alleen deur geloof gebeur en hy het ook 'n simboliese, eerder as 'n fisiese, teenwoordigheid voorgestel van die sakramente van Jesus se liggaam en bloed in die brood en wyn van die nagmaal. Teen 1522 het jong individue in Zurich bybelstudie groepe begin vorm. Hulle was opgewonde oor die idee van hervorming, maar hulle was afhanklik van die regering om godsdienstige veranderings aan te bring. Hierdie kerk-staat strategie het die Zurich jeug gepla en hulle het gevrees dat die staat die kerk sou wou beheer (Nolt, 2003: 9). Alhoewel die staat aanvanklik versterk is deur Zwingli se hervorming, het hy (die staat) met verloop van tyd minder steun aan die hervorming gegee. Die kerk het alle babas op 'n gereelde basis gedoop en dit het beteken dat almal deel van die kerk was, maak nie saak hoeveel toewyding of belangstelling hulle daarin gehad het nie (Nolt, 2003: 10). Vir die hervormers was dit egter belangriker dat die kerk uit 'n gemeenskap van Christene bestaan wat vrywillig toegewyd was tot God. Doop was vir hulle 'n aktiwiteit wat volwassenes moes kies en ook diegene wat oud genoeg was om so 'n besluit te neem. Die kerk moes ook nou geskei word van die staat omdat die staat geen deel mag hê aan die aktiwiteite en leer van die kerk nie (Dana, 2007: 142).

Die staat was egter nie ten gunste van hierdie skeiding nie en hulle wou 'n verenigde staat en kerk op hulle eie terme hê. Die hervormers het begin weier om hulle babas te doop omdat hulle nog nie oud genoeg was om te verstaan wat met hulle gebeur nie (Nolt, 2003: 11). Die staat het egter aangedring dat hulle kinders gedoop word, 'n bevel wat deur die hervormers geïgnoreer is. Op 21 Januarie 1525 het hulle almal bymekaar gekom en mekaar gedoop. Hierdie was 'n simboliese handeling om te wys dat hulle vir God volg en 'n kerk sal stig wat apart van die

staat was. Omdat hulle almal alreeds as kinders gedoop is, was hierdie 'n tweede doop bekend as “anabaptismus” in Latyn. Hierna het hulle hulself vernoem as “wederdopers” of “anabaptiste”. Die wederdopers het die eenheid van die kerk en die staat bedreig en die staat kon nie hierdie ongehoorsaamheid duld nie. Deur kinderdoop te verwerp het die wederdopers die politieke verbintenis tussen die kerk en die gemeenskap van mekaar geskei. Hulle het anargie bemark en deur militêre diens te weier het dit die stad kwesbaar vir buitelandse aanvalle gemaak. Die gevolg was dat hulle in die tronk gegooi is, verontagsaam, beboet en gedreig is. Lede van die beweging is gedreig met die doodstraf, maar dit het hulle nie gekeer nie. Tydens die daaropvolgende eeu is baie wederdopers vervolgd, gemartel, onthoof en tronk toe gestuur (Nolt, 2003: 12). Die wederdopers het in die geheim byeenkomste gehou en leiers het in die geheim gereis (Nolt, 2003: 13). Dit was vir hulle belangrik om 'n radikale breuk te maak en volgens Franklin Littell (1992: 14) “the peaceful Anabaptists introduced the biblical model of a ‘brotherly’ community”.

Die idees van die wederdopers het in 1530 in Duitsland begin versprei en daarvandaan verder na Nederland, waar die beweging vinnig begin groei het (Nolt, 2003: 16). Hierdie beweging se idees was effens anders as dié van Switserland en hulle was veral opgewonde oor die tweede koms van Christus met baie voorspellings oor wanneer dit sou gebeur. Van die wederdopers was ongemaklik oor hierdie fanatisme en het eerder verkies om 'n stil en vreedsame verhouding met God te hê. Ander het egter die swaard opgeneem en in 1534 het hulle die stad van Münster oorgeneem. Hulle het ook begin om enige iemand wat nie as 'n volwassene gedoop wou word nie, te vervolgd. Binne 'n jaar is hierdie oornam tot 'n einde gebring. Hierdie aksie het die vreedsame wederdopers geskok en die groep se lede was verspreid en moedeloos, en hulle het gesukkel om hulleself te herdefinieer (Kraybill, 2010: 141).

In die lig van hierdie omstandighede het 'n priester, Menno Simons, wat 'n geheime wederdoper was, sy verskyning gemaak. In 1536 het hy openlik by die beweging aangesluit en hard gewerk om vrede in Noord-Europa te bewerkstellig. Menno se rol was so belangrik dat sommige wederdopers of anabaptiste sy naam aan hulle

huidige naam gekoppel het en hulself menonniete (“mennonites”) genoem het (Nolt, 2003: 17). Menno en sy volgelinge moes hulself van die Münster debakel distansieer en hulle het hierdie lede begin vermy. Teoloë het ook begin om die woord te versprei dat wederdopers hulleself moet distansieer van die mense wat nie bekeer is nie. Met tyd het hulle al hoe meer ekstreem begin raak in hulle praktyk om voormalige lede te vermy, 'n praktyk wat hulle “shunning” genoem het. Dit het ook onenigheid onder mekaar veroorsaak omdat party gemeen het dat die praktyk te eng was (Nolt, 2003: 18). In 1632 het die Dodrecht Belydenis eenheid onder Menoniete leiers gebring en die basiese idees is weer versterk, bv. volwasse doop, 'n broederbondkerk en die ontrekking aan die burgerlike samelewing (Amish History: A Timeline, n.d.). Teen 1648 het 'n dertig jaar-lange oorlog in Europa tot 'n einde gekom. Die oorlog, wat oor politieke ambisies en alliansies gegaan het, het meer as die helfte van die inwoners op sekere plekke uitgewis. As gevolg hiervan het van die Switserse wederdopers langs die Rynrivier begin afbeweeg en teen 1653 hulself daar gevestig (Nolt, 2003: 23).

In 1693 het Jacob Ammann van die Switserse Anabaptiste geskei om die Amish te stig. Hierdie skeiding is gedokumenteer in 'n reeks briewe wat geskryf is nadat die skeiding plaasgevind het. Volgens hierdie briewe wou Ammann en sy volgelinge hê dat nagmaal twee keer per jaar bedien moet word en nie net een keer soos dit op daardie stadium gebeur het nie. Die ander bewegings moes besluit of hulle Ammann se versoek ondersteun het of nie. Verder het hy voorgestel dat lede wat uit die beweging gedryf is ook onder sosiale vermyding (“shunning”) moet kom en die praktyk om mekaar se voete te was bevorder moet word (Kelly Baxter, n.d.). Ammann het dit reggekry om die kerk te polariseer en hy het elk van die verskillende gemeentes self besoek om hulle beleid teenoor hierdie praktyke te hoor. In 1700 het die Amann of Amish-party, soos hulle hulself genoem het, besef hulle metodes is te eng, maar dit het ook geblyk dat hulle verkies het om eenvoudige, tradisionele klere te dra en om versorgingstyle van die wêreld te vermy. Ammann het ook die afskeer van baarde veroordeel (Hostetler, 1993: 39). Ammann het geen geduld gehad met wederdopers wat nie dadelik 'n standpunt kon inneem nie en die uiteinde was die skepping van 'n nuwe hegte groep met 'n etniese samestelling (Hostetler, 1993: 40).

Van die Amish het na Amerika getrek as deel van 'n groot migrasie wat wederdopers en ander godsdienstige groepe ingesluit het. Daar was twee immigrasie periodes nl. een in die agtiende eeu en nog een in die negentiende eeu (Hostetler, 1993: 50). Dit is nie presies bekend wanneer die heel eerste Amish in Amerika gearriveer het nie, maar volgens Hostetler (1993: 50) is dit moontlik dat dit saam met die Switserse wederdopers in 1710 was. Hulle het hulself meestal in Lancaster County gevestig en ook in Chester en Berks in die staat van Pennsylvania (Hostetler, 1993: 56). Die vroeë nedersettings was klein, verspreid en geïsoleer. Hulle was veral landbouers en baie van hulle het met 'n klein inkomste probeer oorleef. Daar was 'n paar wat dit kon bekostig om hul eie grond te koop (Hostetler, 1993: 59).

Die tweede fase van die immigrasie het in 1816 begin en het geduur tot 1860. Nog ander nedersettings is in Ohio, Indiana, Illinois, Pennsylvania en Ontario gevorm. Meeste van die immigrante het gedurende hierdie periode kontak gemaak met Amishgroepe wat hulle alreeds in die vroeë 1700s in die VSA gevestig het (Hostetler, 1993: 65). In 1865 het 'n derde van die Amish bevolking weggebreek van die meer liberale Amish meerderheid. Hulle staan bekend as die Ou Orde ("Old Order") en hulle het by die tradisionele waardes van die beweging gebly (Greksa & Korbin, 2004: 558). Vandag is daar geen Amish gemeenskappe in Europa wat die naam en praktyke van die groep behou het nie. Dit is slegs in Noord-Amerika waar die Amish nog voortbestaan (Hostetler, 1993: 66). Agtien state in Amerika het vandag 'n noemenswaardige Amish bevolking. Die mees onlangse sensus is in 2012 deur Elizabeth Cooksey en Cory Anderson gehou. Ohio en Pennsylvania het die meeste Amish, met onderskeidelik 59 103 en 58 009 inwoners (List of U.S. states by Amish population, n.d.).

Tabel 1: Amish-gemeenskappe in Amerika en hulle bevolkingsgetalle


| Staat | Bevolking |
|----------------|-----------|
| Ohio | 59103 |
| Pennsylvania | 58009 |
| Indiana | 45144 |
| Wisconsin | 14957 |
| New York | 10787 |
| Michigan | 10218 |
| Missouri | 9833 |
| Kentucky | 8172 |
| Iowa | 7179 |
| Illinois | 6267 |
| Minnesota | 2765 |
| Tennessee | 1948 |
| Maryland | 1512 |
| Delaware | 1424 |
| Kansas | 940 |
| Virginia | 547 |
| Oklahoma | 523 |
| Montana | 363 |
| Colorado | 330 |
| Nebraska | 275 |
| West Virginia | 217 |
| Maine | 203 |
| Mississippi | 175 |
| Arkansas | 130 |
| North Carolina | 127 |
| Florida | 125 |
| Texas | 52 |
| South Dakota | 31 |

Bron: http://en.wikipedia.org/wiki/List_of_U.S._states_by_Amish_population



Figuur 5: Die ligging van die Amish-gemeenskappe in Amerika
Bron: <http://www.mamalisa.com/?t=ec&p=1246&c=169>

Vir die doel van hierdie studie gaan slegs die digbevolkte state ondersoek word. Dit sal dus die state van Ohio en Pennsylvania wees. In hierdie twee state is daar individuele dorpe in twee verskillende areas of "counties" wat uitstaan.



Walnut Creek se eerste permanente inwoner was 'n Amish, Jonas Stutzman. In 1809 het hy hierheen gereis om die grond vir boedery voor te berei en om vir sy familie 'n huis te bou. Hy was 'n eksentrieke man en het 'n boek geskryf waarin hy beweer het dat God in 1853 na die aarde sou terugkeer. Hy het selfs 'n houtstoel gemaak in voorbereiding vir God se terugkeer (Walnut Creek History, n.d.).

Berlin is die oudste dorpie in Holmes County. In 1816 het John Swigert, 'n boorling van Berlyn in Duitsland, en Josep Troyer die dorp na hulle stad in Duitsland vernoem. Van die volksverhale sê dat Swigert hierdie dorp gekies het vanweë sy hoë ligging. Dit het hulle glo minder kwesbaar gemaak vir aanvalle van die inheemse Amerikaners of Indiane. Die meeste van die dorp se inwoners was van Duitsland en Switserland afkomstig. Die Amish het eers hulself later in 1820 hier gevestig (Berlin History, n.d.).

Abraham Shane het Shanesville amptelik in 1814 sy naam gegee. Die dorp het rondom twee verbindingsweë ontwikkel wat vandag as "Route 93" en "Route 39" bekend staan. Vanweë sy klimaat en natuurskoon het Shanesville 'n konsentrasie van Duitse en Switserse afstammeling gehad. Die dorpie het aanhou groei, veral nadat 'n treinspoor en stasie daar gevestig is. Omdat die dorp so naby aan Sugarcreek was, ook bekend vir sy natuurskoon, het Shanesville se naam verander na Sugarcreek (A brief history of Sugarcreek, n.d.).

Lancaster County in die staat van Pennsylvania staan ook bekend as die "Garden Spot of America". Die area se eerste boere was die inheemse Amerikaners of Indiane. In die agtiende en negentiende eeu was afstammeling van Duitsland op soek na godsdienstige vryheid en William Penn kon dit vir hulle gee. Die vrugbare grond en klimaat van hierdie area het hulle hierheen gelok. William Penn het 'n goeie verhouding met die inheemse Amerikaners gehad en hy moes verskeie kere as bemiddelaar optree in konflik tussen hulle. Die dorp is vernoem na Lancaster in Engeland, die geboortedorp van John Wrigh wat een van die eerste inwoners was. Die oudste afstammeling van inwoners hier is die Amish. Dit was eers in 1710 dat die eerste gemeenskap Amish afstammeling hulself hier gevestig het (Lancaster County Pennsylvania, n.d.).

Die fundamentele waardes wat deur die Amish erken en aanvaar is, is vasgevang in 'n handves genaamd die "Ordnung" (Hostetler, 1984: 35). Hierdie handves bestaan uit basiese oortuigings, tradisies en wysede wat Amish daagliks moes lei. Trollinger (2012: 15) beskryf die "Ordnung" as 'n "collection of unwritten rules that govern their communal life." Elke kerkdistrik het sy eie "Ordnung" wat twee

keer 'n jaar tydens nagmaal herbevestig word. Die handves bevat reëls wat van toepassing is op die Ouer Orde, maar dan is daar ook spesifieke reëls net vir die betrokke kerkdistrik. Van die reëls kan dus van distrik tot distrik verskil. Wanneer 'n lid van die gemeenskap herhaaldelik hierdie reëls oortree word 'n hierargie van strawwe toegepas, met "shunning" as die hoogste straf. Die res van die gemeenskap mag dan geen kontak met so 'n persoon hê nie. Wanneer die persoon tot bekering kom kan hy weer in die gemeenskap opgeneem word. Hierdie praktyk se engheid het egter afgeneem (Greksa & Korbin, 2004: 558). Die Amish het 'n dualistiese uitkyk op die wêreld. Hulle beskou hulleself as 'n Christelike gemeenskap in 'n spanningsveld tussen gehoorsaamheid aan God en diegene wat God verwerp het, met ander woorde, ongehoorsaam is. Reinheid en goedheid is in konflik met onreinheid en die onheilige (Hostetler, 1993: 73). Die Amish streef na die huwelik, familie en kinders in 'n gedissiplineerde broederskap. Hulle verwerp die kloostersisteen van Europa, wat selibaatheid en dissipline volgens 'n hierargie handhaaf. Die verwerping van wêreldstrukture en die skepping van hulle eie wêreldstelsel word in al die dele van die Amish handves geopenbaar (Hostetler, 1993: 74).

Die volgende Bybelvers is vir die Amish die toonbeeld van die Bybel:

And be not conformed to this world: but be ye transformed by the renewing of your mind, that ye may prove what is that good, and acceptable, and perfect, will of God. (Rom 12:2)

Dit impliseer dat hulle moet afstand doen van die begeertes, opset en doelwitte van die wêreld. Die Amish mag nie aantrek en optree soos die res van die samelewing nie en mag ook nie met 'n buitestaander in die huwelik tree nie (Hostetler, 1993: 75). Deur die voorskrifte van God mag hulle ook nie deelneem aan 'n oorlog of ander geweld nie. Hulle beoefen ook volwasse doop en lidmaatskap tot die kerk is uit vrye wil (Hostetler, 1993: 76).

Die Amish word dikwels beskryf as "social antiques" wat van die moderne wêreld onttrek het (Kraybill, 2001: 17). In sterk kontras met die moderne samelewing

waar die meeste van die mense nie van hulle werk hou nie en daarvan hou om inkopies te doen, geniet die Amish hulle werk en hou hulle nie van massa verbruiking nie. Hulle ekonomie is een van produksie en nie verbruiking nie en dit verbind die individu aan die groep, familie en kerk. Hulle sien nie werk as 'n beroep nie, maar eerder 'n roeping van God. Die profyt van die werk word gebruik om die familie en die kerk te ondersteun, nie stokperdjies of ander luukse items nie. Daar word van die kinders verwag om reeds op 'n vroeë ouderdom te begin help (Kraybill, 2001: 46). Grond het 'n spirituele belangrikheid vir die Amish en landbou is dus die primêre beroep van die samelewing (Hostetler, 1993: 114). Lancaster County is die oudste landbou area van die Amish in Amerika en die grond in Lancaster en Pennsylvania word beskou as van die mees produktiefste in die VSA en die wêreld (Hostetler, 1993: 118). Die Amish glo dat kalksteen beter grond as die res is omdat dit groter diepte het en dus hou dit die vog beter. Hulle glo ook in 'n verskeidenheid van oeste soos mielies, hawer, rog, hooi en groente. Daar word nie net 'n enkele oes gekweek vir inkomste nie (Hostetler, 1993: 119).

Een van die mees sigbare kenmerke van die Amish is hulle kleredrag. Van hulle ontstaan af is die kleredrag van die Amish eenvoudig en kommunikeer dit lidmaatskap, toewyding en sosiale status. Daarteenoor word kleredrag in die moderne samelewing gebruik om individualiteit, sosiale stand en rykdom ten toon te stel. Die tradisionele drag het verskeie funksies. Dit toon aan dat iemand aan 'n hoë orde opgelewer is; dit verhoed dat kleredrag gebruik word vir selfversiering; dit bemark gelykheid; versterk die groepsidentiteit; verhoog sosiale beheer; skep 'n verenigde front, en rig simboliese grense rondom die gemeenskap op (Kraybill, 2001: 58). Die kinders word van geboorte af soos die volwassenes aangetrek en geleer om soos hulle op te tree en te dink (Kraybill, 2001: 59). Baie items in die Amish klerekas word ook tuisgemaak (Kraybill, 2001: 60). Vrouens sny nie hulle hare nie en hulle steek dit vas onder 'n kappie wat bo op hulle kop gedra moet word. Hierdie kappie staan bekend as 'n "prayer covering" en moet altyd in die openbaar gedra word (Trollinger, 2012: 16). Net soos die vroue, moet die mans ook hulle kop bedek. Hulle dra 'n strooihoed in die somer en 'n wolhoed in die winter. Daar word ook van alle getroude mans, en enkelopende mans bo die ouderdom

van 40 jaar, verwag om 'n baard te hê. Volgens Trollinger is die Amish se kleredrag 'n bevestiging van hul "Separation from the world" (2012: 17).

Soos die samelewing in die twintigste eeu na motors beweeg het, het die perd en die perdekar 'n simbool van die Amish leefwyse geword. Perde trek die perdekarre dorp toe, terwyl muile plaasgereedskap op die landerye trek (Kraybill, 2001: 70). Alhoewel die Amish nie verplig is om 'n perd te hê nie, is dit die enigste reismetode omdat motoreienaarskap verbode is. (Kraybill, 2001: 71). Die Amish vermy motors omdat hulle hul lewenstyl wil beskerm wat tyd en interaksie binne die familie en gemeenskap bevorder (Trollinger, 2012: 18) 'n Perd het verskeie simbole vir die Amish soos tradisie, tyd, beperking, natuur en opoffering. Deur naby aan die natuur te leef glo die Amish hulle is nader aan God en 'n perd is die een skakel met die natuur wat dit bewaar (Kraybill, 2001: 72).

Van hulle ontstaan was ouderdom en geslagsrolle noodsaaklike boustene in die Amish gemeenskap. Sosiale mag vermeerder met ouderdom en wysheid word opgebou deur ervaring en nie professionele of tegniese bevoegdheid nie. In terme van die kerk, werk en die gemeenskap word die man as die grotere invloed gesien (Kraybill, 2001: 82). Die man word ook as die geestelike hoof van die huis gesien en is verantwoordelik vir die godsdienstige welstand van die gesin. Hulle organiseer al die landbou aktiwiteite en hou toesig oor die kinders wat werk. Hulle help nie met huishoudelike take nie. Daar word van die vrouens verwag om hulleself te onderwerp aan die outoriteit van die man en getroude vrouens het nie sommer voltydse werk nie. Dit is eerder hulle werk om na die kinders om te sien en alle huishoudelike take uit te voer. 'n Vrou se tuin en blomme is haar trots (Kraybill, 2001: 83). Tradisionele Amish-kwilte kan terug dateer word na 1940 en is baie waardevol onder versamelaars. Amishvroue het met beperkte materiaal en beperkte blootstelling 'n unieke kunsvorm geskep. Die toeriste-aanvraag na Amish-kwilte het 'n groot invloed op die Amishpatrone met die gevolg dat daar 'n verskil is tussen die kwilte wat verkoop word en die kwilte wat die Amish vir hulleself en huisgebruik maak (Boynton, 1986: 451). Amishvroue is onderdanig en is verantwoordelik vir die skoonmaak van die huis, kosmaak, kinders baar en hulle moet ook na die tuine omsien. Omdat die Amish sulke streng en hoë waardes het,

word hoogmoed as 'n sonde gesien. Vroue kan egter met reg trots wees op die kwilte wat hulle maak.

Die tradisionele patrone wat op die kwilte gebruik word, is 'n sentrale diamant, sonskyn en skaduwees. Hierdie patrone word oor en oor gebruik en geometriese patrone het 'n kenmerk van hierdie vroue se kwilte geword (Boynton, 1986: 456). Gewone materiaal, met geen versierings nie, is tradisioneel gebruik. As gevolg van die Amish se eng lewenstyl is dit verbasend om te sien dat die kwilte die teenoorgestelde is. Soos van die Amish families migreer het, het hulle in kontak met ander bure gekom en dit het 'n invloed gehad op die patrone van die kwilte. Die gebruik van unieke en tradisionele patrone het begin afneem (Boynton, 1986: 457). Slegs 10% van die kwilte wat die Amish vandag vervaardig, word in hulle eie huise gebruik, die ander 90% word gemaak om aan toeriste te verkoop. Die patrone wat gebruik word, is nie meer tradisioneel nie, maar word uit boeke en tydskrifte gekry en soms word daar spesiaal kwilte gemaak volgens patrone wat deur die pos of van winkelleienaars kom. Alhoewel die kwaliteit van die kwilte wat aan die toeriste verkoop word steeds goed is, is dit nie dieselfde kwaliteit as die kwilte wat die Amish vir hulleself maak nie. Boynton beskryf dit soos volg "Amish quilting is, at its worst, good, and at its best, superb" (Boynton, 1986: 460).

Die Amish families wat naby mekaar woon vorm 'n kerkdistrik of gemeente, en hierdie is die sosiale eenheid buite die familie (Kraybill, 2001: 91). Een van die aspekte wat in hierdie samelewing afwesig is is burokrasie. Daar is geen hoofkwartiere, professionele, direkteurs of organogramme nie. Behalwe vir die onderwysers is daar geen betaalde kerkwerknemer nie. Die leierskapstruktuur bestaan uit 'n biskop wat gewoonlik twee distrikte bedien. Elke biskop ken die lede van sy distrik persoonlik en dit is hoe hy die gemeenskap monitor. Die stelsel word ook onderskryf aan senioriteit (Kraybill, 2001: 98).

Volgens die Amish is 'n familie-eenheid die beste omgewing om kinders in groot te maak en op te voed. Die Amish glo dat die Bybel ouers opdrag gee om hulle kinders volgens godsdienstige beginsels op te voed. Dagmoeders en kleuterskole word verbied omdat die kinders deur hulle ouers grootgemaak moet word. Hierdie is 'n

informele proses waar kinders oor hulle kultuur leer deur interakasie en observasie (Kraybill, 2001: 161). Die Amish glo ook net in opvoeding tot en met laerskool en nie verder nie. Hulle sien hoërskool as 'n "great separator" wat kinders van hulle ouers, tradisies en waardes sal ontnem (Kraybill, 2001: 175). Dit sou jong Amishlede aan 'n nuwe stel waardes bekendstel wat hulle van hul verlede sal skei. 'n Intellektuele klimaat soos rasonale denke, kritiese denke en wetenskaplike metodes sou ongeduld meebring oor die stadige lewensstyl van die Amish en die outoriteit van Amish tradisies vernietig. Amish skole is so ontwerp dat hulle die kinders vir suksesvolle loopbane in die Amishgemeenskap voorberei en nie vir die moderne samelewing nie (Trollinger, 2012: 13).

Stereotipiese beelde van die Amish wat tegnologie heeltemal verwerp is vals. Hulle sien nie tegnologie as boos nie, maar hulle is sterk bewus van watter invloed dit op die gemeenskap kan hê (Trollinger, 2012: 17). Die positiewe in die Amish se identiteit naamlik perde, perdekarre en kleredrag het ook hulle negatiewe eweknieë soos motors, rekenaars en televisies. Omdat die Amish bekommerd is oor die impak van sekere tegnologie, word televisies en videokameras verbied. Hulle maak ook 'n onderskeid tussen die gebruik en eienaarskap daarvan. Hulle gebruik soms selektief telefone, elektrisiteit, motors en ander tegnologie (Kraybill, 2001: 188). Die gebruik van telefone is al vir verskeie jare 'n omstrede kwessie onder die Amish. Fone is vandag steeds in Amish wonings verbode (Kraybill, 2001: 190). Die telefoon word as 'n moderne gereedskap gesien wat dreig om die Amish met die buitewêreld te verbind (Kraybill, 2001: 191). Daar is wel gemeenskapsfone wat in noodgevalle gebruik kan word en besighede het ook met verloop van tyd telefone in hulle winkels begin gebruik (Kraybill, 2001: 195). Die siening van tegnologie word as volg deur hulle opgesom: "We do not object to technology. When something new comes along we look at it, analyze it, and try to decide if it's good, neutral, or bad for our way of life and our goals" (Kraybill, 1994: 42).

Elektrisiteit is in Amish huise afwesig. Elektriese toestelle soos mikrogolfoonde, skottelgoedwassers, wasmasjiene, lugverkoelers, haardroërs en ander elektriese toestelle sal nie in hierdie huise gevind word nie. Gas word gebruik om die water warm te maak en om stowe en yskaste aan die gang te hou. Gaslanterns word in

alle vir beligting huise, winkels en skure gebruik. Die Amish gebruik wel sommige vorms van elektrisiteit byvoorbeeld flikkerende rooi ligte op die agterkant van perdekarre word gebruik om ander motoriste te waarsku; elektriese heinings word gebruik om die vee in hulle lande te hou; die melk in groot tenks word deur 'n elektriese motor geroer (Kraybill, 2001: 197). Die volgende vyf uitsonderinge van elektrisiteit word ook toegelaat: 110-volt elektrisiteitstoevoer van publieke lyne word verbied, batterye wat 12-volt voorsien is toelaatbaar vir onder andere laai van die elektriese heining, sompompies, leesligte vir bejaardes, handgedrewe bore en klein kragopwekkers om toerusting in die winkels aan die gang te hou. Kragopwekkers word ook toegelaat vir sweismasjiene, grootmaat tenks en vir die elektriese gereedskap wat deur konstruksie spanne benodig word. Kragopwekkers mag ook gebruik word om batterye te laai. 110-volt elektrisiteit is slegs beskikbaar vir sweisers en houtwerkwrs. Laastens word omsetters ("inverters") ook deur die gemeenskap gebruik en word hulle toegelaat. Hierdie klein toestel het in die laat 1970s op die mark gekom en skakel 12-volt om na 110-volt (Kraybill, 2001: 206). Die Amish tref ook hier 'n onderskeid tussen die gebruik van hierdie toestelle en die eienaarskap daarvan (Kraybill, 2001: 208). Die verbod op elektrisiteit was 'n manier om die Amish letterlik van die res van die wêreld te skei en hulle onafhanklikheid te behou. Die Amish word dus minder bedreig deur kragonderbrekings (Kraybill, 2001: 210).

Die Amish betaal belasting omdat hulle glo dat die Bybel Christene leer om belasting te betaal en die regering te respekteer. Hulle betaal staatsinkomste belasting, verkoopbelasting, eiendoms- en oordragsbelasting sowel as skoolbelasting. Die enigste belasting waarvan hulle vrygestel is, is sosiale sekerheids- ("social security") en werkersvergoeding ("workers compensation") (Kraybill, 2001: 273). Amish leiers het in 1965 die Amerikaanse kongres oortuig dat hulle vrygestel moet word van sosiale sekerheidsvergoeding (Foster, 1984: 4).

Al hierdie bogenoemde unieke kenmerke van die gemeenskap is juis wat die aandag van die toeriste gelok het. Meer oor die ontwikkeling van die toerismebedryf in die Amish gemeenskap word in die volgende hoofstukke bespreek. Volgens Greksa en Korbin (2004: 558) word die Amish dikwels as 'n

statiese gemeenskap beskryf in die 17de en 18de eeu wat vasgevang is. Die Amish gemeenskap stem nie hiermee saam nie, en sien hulleself eerder as 'n dinamiese gemeenskap.

Orania

Die geskiedenis van die Afrikaner dateer terug na 1652 met die aankoms aan die Kaap van 'n klein groepie Nederlanders onder leiding van Jan van Riebeeck en die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, (van Jaarsveld, 1982: 9). Die Nederlanders se doel was om vir eers net 'n handelspos op hierdie strategiese punt tussen die Atlantiese en Indiese Oseaan aan die Kaap te vestig. Hulle hoop was om voorrade wat deur die skepe benodig was van die inheemse mense soos die Koekhoen en San wat in die gebied geleef het te kry in ruil vir Europese kommoditeite (Ross, 2008: 22). Dit het egter vinnig duidelik geword dat die Koekhoen en San nie aan al die behoeftes van die Nederlanders kon voldoen nie en hulle het nie 'n ander keuse gehad as om die status van die handelspos uit te brei na dié van 'n kolonie nie. Vir die vestiging van 'n kolonie was twee dinge belangrik. Eerstens moes hulle die grondgebied van die Khoisan bekom. Dit het hulle gedoen deur mag en krag (Ross, 2008: 23). Tweedens moes 'n sosiale orde vasgestel word sodat die Kaap as 'n kolonie kon funksioneer. Dit het vereis dat die Kaap deur buitelanders beheer moes word (Ross, 2008: 64).

Volgens A.D. Pont (soos aangehaal deur van der Wateren, 1996: 15) is die Afrikaner se voorgeskiedenis 'n gemengde een. Hy stel dit so: "Die volk groei uit die Nederlanders, Duitsers en Franse wat aan die Kaap 'n tuiste vind en wat mettertyd 'n gemeenskap en 'n eiesoortige volk word". Van Jaarsveld, 'n ander prominente Afrikaner historikus (1982: 41) beaam hierdie stelling met die volgende statistiek: "Volgens vroeë berekeninge het Nederlanders, Duitsers, Franse en ander nasionaliteite in 'n verhouding van 50%, 27%, 17% en 6% respektiewelik hier saamgesmelt om die volk van die Afrikaners te vorm." Die Nederlands-Germaanse was die hoofbasis van die ineenmelting (van Jaarsveld, 1982: 41).

In 1795 het die Britte die Kaap verower as deel van hulle veldtog om 'n hegemonie oor die wêreld se oseane te bewerkstellig. In 1803 is die kolonie weer terug besorg aan die Nederlanders, maar drie jaar later het die Britte weer aan die bewind van

die kolonie gekom. Die indeling van die Kaapkolonie onder die Britse Ryk het sosiale en politieke verhoudings binne die kolonie beïnvloed (Ross, 2008: 37). Die imperiale optrede van die Britte is deur die Britte self geregverdig deur eise dat hulle die wêreld 'n beter plek sal maak (Ross, 2008: 38).

Vanaf 1834 - 1835 het oorloë op die oostelike grens tussen die Britte, Trekboere en Xhosa plaasgevind. Die verwoesting wat deur hierdie oorloë veroorsaak is en ook die uitkoms was nie gunstig vir enige een van die deelnemers nie en is ook een van die vele redes vir die Groot Trek (Ross, 2008: 42).

...the Great Trek was fundamentally a desperate protest against equality between black and white... They withdrew into the wilderness to work out their own salvation. They established States and institutions in which their philosophy was embodied. They achieved self-determination, and established a new civilization, based on the colour bar (Fouche, 1936).

Volgens Muller (1987: 18) was die Groot Trek een van die belangrikste enkele verskynsels in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar die betekenis van hierdie gebeurtenis is nie konstant nie. Geen historiese verskynsel behou ook volgens hom 'n konstante waarde nie. So ook is die Groot Trek se betekenis besig om te "krimp", maar ten spyte hiervan beklemtoon hy dit nog steeds as volg: "by uitstek 'n Afrikanerreaksie" (Muller, 1987: 25).

Sommige Afrikaner historici het die Groot Trek regverdig as 'n roeping om die Christelike beskawing te vestig (Muller, 1987: 40). Net soos die Amish ontstaan het uit opstand teen godsdiens sê Muller dat die Groot Trek as 'n kerklike revolusie nie misgekyk moet word nie (Muller, 1987: 45). Bedreigings van liberalisme, konflik op die oostelike grens en 'n ontluikende bevolking het alles 'n rol in die Groot Trek gespeel. Op die vooraand van die Groot Trek was daar ontevredenheid onder verskeie inwoners in die Kaapkolonie. Een van die hoofredes, maar nie die enigste rede nie, vir die ontevredenheid was die Britte se filantropiese beleid en hoe hulle beheer oor alle sake wou hê (Muller, 1987: 169). Die Voortrekkers het gehoop om ekonomies, polities en kultureel onafhanklik van

die Britse mag te wees. Die enigste manier hoe hulle dit sou regkry was om die kolonie te verlaat. So het hulle vanaf 1834 begin om in groepe na die binneland te migreer. Ekspedisies wat in 1834 en 1835 onderneem is het bevind dat Natal (Suid van die Tugela) en die Sentrale Hoëveld aan beide kante van die Vaalrivier vrugbare grond gehad het. Dit was eers na die konvensies van Sandrivier (1852) en Bloemfontein (1854) dat onafhanklike boererepublieke onderskeidelik Noord van die Vaalrivier en Oranjerivier gestig is (The Great Trek, n.d.). Van Jaarsveld (1982: 136) beskryf die gevolge van die Groot Trek as volg:

Binne twaalf jaar is die grense van die Blankes se gebied in Suid-Afrika uitgeskuiwe van die Vis- tot die Limpoporivier en van die Drakens- en Lebomboberge tot aan die Kalahariwoestyn; is die binnegebied van die hoefysterbewoningstruktuur van die binneland deur Blankes gevul, 'n magtige ryk soos die van die Zoeloes verslaan en die van die Matebele opgebreek en die ruimtes van Afrika ingedryf, terwyl 'n skeiding gebring is tussen die Nguni van die Oosgrens van Kaapland in die suide, en Zoeloeland in die noorde, 'n nuwe Zoeloeland wat 'n vasalstaat van die boere sou word en op vriendskaplike voet met hulle sou verkeer.

In hierdie twee boere Republieke t.w. die Zuid Afrikaanse Republiek en die Oranje Vrystaat, het die Afrikanerboere reeds so vroeg as die middel van die agtiende eeu in differensiasie tussen blank en nie-blank geglo. Hierdie denkwysse was op drie wortels geanker. Eerstens het die Bybel 'n verskil gemaak tussen die "Nie-Blanke Heiden" en die "Blanke Christen". Die godsdienstige Afrikaner was dus duidelik bewus van hierdie skeiding (Muller, 1987: 197). Tweedens het die fisiese verskil tussen blank en nie-blank ook uitgestaan: die kleur van die vel asook die hare het verskil. 'n Klasseverskil was die derde wortel. Ongelykheid tussen blank en nie-blank was reeds opvallend in die verhouding tussen die werknemers en die slawe (Muller, 1987: 198).

Die onafhanklike republieke se bestaan was van korte duur. Die Anglo-Boereoorlog, ook vandag bekend as die Suid-Afrikaanse oorlog, van 1899 - 1902 het die proses van verowering van die Britte voltooi. 'n Aantal onderlinge faktore het tot hierdie

oorlog bygedra naamlik botsende politieke ideologieë van imperialisme en republikanisme, die ontdekking van goud aan die Witwatersrand en spanning tussen politieke leiers (South African War 1899-1902, n.d.). Beide die Boere en die Britte het gehoop dat die oorlog kort en beslissend sou wees. Die oorlog het egter drie jaar geduur en was dit volgens Worden (2012: 34) “highly destructive of life, property and produce, and entrenched a bitterness between Boer and British which was to endure throughout the twentieth century”. 22 000 Britse troepe het omgekom, meestal as gevolg van siektes, 30 000 plase in die republieke en Noord-Kaap is vernietig, 26 000 Boere vroue en kinders en 14 000 swart mense het in die konsentrasiekampe gesterf (Worden, 2012: 34). Volgens Albert Grundlingh (1999) het al die sterftes in die konsentrasiekampe vir Afrikaners “common victims to mourn and common grievance to nurture” gegee. Dit was 'n gedeelde “nasionale tragedie” wat Afrikaner nasionaliste die kans gegee het om 'n gemeenskaplike identiteit onder die Afrikaners te vestig. Elizabeth van Heyningen (2009: 22) beaam hierdie deur te sê “the camps were central to the formation of Afrikaner identity in the twentieth century”.

Op 31 Mei 1910 is die Unie van Suid-Afrika, teen die wense van die meerderheid van die Afrikaanse bevolking, gestig. Die vier kolonies was nou polities en saam onder die Britse Ryk verenig. J.B.M. Hertzog, 'n generaal van die Oranje Vrystaat en 'n lid van die Unie kabinet, het in 1914 die Nasionale Party gestig. Hierdie nuwe party se doel was die opheffing van die Afrikanergemeenskap. Dit kon slegs gebeur indien daar gelykheid was tussen Nederlanders en Engelse in terme van toegang tot mag en bronne (Ross, 2008: 91). Dit was nie op daardie stadium die geval nie en Hertzog het hard gewerk om die profiel van die Nederlandse taal binne die besigheidsektor te verhoog. Dit was eers in 1920 dat Nederlands weggeval het en plek gemaak het vir Afrikaans as een van Suid-Afrika se amptelike tale (Ross, 2008: 92).

Vanaf 1934 is daar 'n daadwerklike poging deur die Nasionale Party aangewend om steun te werf deur Afrikaners oor verskillende streke en klasse heen te mobiliseer en wel op die volgende wyse. Eerstens is die Afrikaner kultuur gedefinieer en versprei deur verskeie Afrikaanse organisasies o.a. die Afrikaner Broederbond, die

Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en die Christelike Onderwys. Die idee van 'n volkseenheid is deur bogenoemde kanale versprei en die toppunt van hierdie ontwikkeling was die Eeufeesvieringe van die Groot Trek in 1938 en die oprigting en inwyding van die Voortrekkermonument (Worden, 2012: 99-100). Tweedens is daar 'n poging aangewend om Afrikaners weg te “stuur” van die Engelsprekende vakbonde se sosialistiese idees wat skadelik kon wees vir Afrikaner eenheid as die belangrikheid van Afrikaner werkers deur hulle erken word. Derdens is Afrikaner besighede- en kapitaal aangemoedig om die Engelse oorheersing op hierdie gebied teen te staan. Na die Eeufees het Sanlam 'n *Reddingsdaadfonds* gestig om jong Afrikaner besighede te steun (Worden, 2012: 100).

Die gevolg van blanke Suid-Afrikaanse nasionalisme was die uitsluiting van swart mense uit die staatsbestel en hulle permanente ondergeskiktheid. Tussen 1910 en 1940 was hierdie beleid bekend as segregasie (“segregation”) (Ross, 2008: 92). Die eerste implementering van segregasie het gefokus op die landelike gebiede wat in plase vir blanke eienaarskap omskep is. Die Naturelle Grondwet van 1913 het 'n duidelike onderskeid getref tussen landelike gebiede vir die blankes, en reserwate vir swartes (Ross, 2008: 95).

Afrikanernasionalisme het hoog geloop toe die Nasionale Party die verkiesing in 1948 gewen het. D.F. Malan het na die oorwinning gesê, “Vandag behoort Suid-Afrika weer aan ons. Vir die eerste keer na die Unie is Suid-Afrika ons eie, en mag die Here gee dat hy altyd ons eie sal bly” (Giliomee & Mbenga, 2007: 310). Die presiese betekenis van die ideologie van apartheid was nog nie vasgestel nie, maar wat wel duidelik was, was die erkenning en skeiding van spesifieke groepe van die bevolking. Die ideologie van die Nasionale Party het die belangrikheid van etnisiteit beklemtoon en die etnisiteit van die Afrikaner moes ten alle koste bewaar word. Die Wet op Bevolkingsregistrasie van 1950 het vereis dat alle inwoners van Suid-Afrika volgens hulle ras geklassifiseer moet word: blank, swart, Indiër of kleurling (Ross, 2008: 124).

Mettertyd het apartheid tot sy volle vorm ontwikkel. Dit was volgens Ross (2008: 125) 'n politieke filosofie van Hendrik Verwoerd en was 'n baie meer sistematiese

stelsel as net bloot segregasie. Daar was vier basiese beginsels van apartheid. Eerstens moes daar 'n monopolie van blanke mag in die staat wees. Tweedens is stedelike en landelike areas volgens ras verdeel. Derdens moes die voorsiening van swart arbeid vir myne, plase en fabriekke onder staatsbeheer geplaas word. Die laaste beginsel was dat die staat orde moes handhaaf en alle aspekte van die samelewing moes reguleer, veral die lewe van die swart mense (Ross, 2008: 126). Gedurende die 1950s was daar 'n ongekende opkoms in protes as gevolg van die apartheidswette. Baie van die taktieke, boikotte, stakings en burgerlike ongehoorsaamheid wat in die opstande voorgekom het, was vervat in die African National Congress (ANC) se Program van Aksie van 1949. 'n Vryheidshandsves ("Freedom Charter") het die grondslag vir die ANC se ideologie geword en het 'n maatstaf van weerstand tot in die 1990s gebly (Worden, 2012: 115).

'n Verdere kerner van die aard van Afrikaner nasionalisme was toe Hendrik Verwoerd op 20 Januarie 1960 in die Volksraad aangekondig het dat die status van Suid-Afrika as 'n Unie moet verander na dié van 'n Republiek en dat 'n referendum daarvoor gehou sal word. Dit sou beteken dat Suid-Afrika dus nie meer deel van die Britse statebond sou wees nie. Daar het verskeie gebeurtenisse plaasgevind wat tot gunste van hierdie veranderinge gewerk het (van Jaarsveld, 1982: 316) en op 31 Mei 1961, een-en-vyftig jaar na die stigting van die Unie, sou Suid-Afrika bekend staan as die Republiek van Suid-Afrika (van Jaarsveld, 1982: 320).

Die politieke klimaat het drasties begin verander en uiteindelik 'n direkte impak gehad op die ontstaan en ontwikkeling van Orania soos dit vandag bekend staan. Vanaf 1976, tot en met 1978, het drie gebeurtenisse plaasgevind wat 'n opskudding veroorsaak het. Die Soweto-opstand van 1976 het mense geskok. "Politieke arrogansie" en "kulturele onsekerheid" was volgens Giliomee die oorsaak van hierdie opstand. Hy beskryf dit ook as die "keerpunt in die geskiedenis van apartheid" (Giliomee, 2007: 530). Twintigduisend swart kinders het aan 'n protestoptog deelgeneem omdat hulle ontevrede was oor die gebruik van die Afrikaanse taal as voertaal in skole (Giliomee, 2007: 532). Hector Petersen was die eerste kind wat in die protes gesterf het en die nuus het wêreldwyd opslae gemaak (Giliomee, 2007: 531). Die tweede opskudding was die publikasie van twee boeke

oor die Broederbond (Giliomee, 2007: 532). Die geheime Broederbond organisasie was bekend as 'n organisasie wat Afrikaners verenig het en hulle belange bevorder het, maar met die bekendstelling van die twee boeke het mense begin vrae vra oor die organisasie. Giliomee stel dit so, "Indien die bond al sy tyd daaraan bestee het om oorlewing te verseker, waarom is Suid-Afrika dan in die greep van soveel onluste en spanning? Is hierdie elite nie maar net besig om 'baantjies vir boeties' te skep nie?" (Giliomee, 2007: 533). Die derde opskudding was 1978 se inligtingskandaal. Die verskeie maniere waarop die regering die openbare mening gemanipuleer het is wêreldwyd in die pers gepubliseer. In 1978 het John Vorster as eerste minister van Suid-Afrika bedank en sy opvolger was P.W. Botha. Hy was bekend as die "groot krokodil" en onder sy bewind het die militarisering van Suid-Afrika toegeneem. Die Suid-Afrikaanse weermag het onder leiding van Magnus Malan 'n strategie bekend gestel wat as 'n Totale Strategie bekend gestaan het ("Total Strategy"). Hulle was oortuig dat Suid-Afrika die teiken was van 'n Kommunistiese aanslag deur die Sowjet-Unie en het hulle optrede daarvolgens probeer regverdig (Ross, 2008: 175).

Regoor die land het dit teen 1980 duidelik begin word dat apartheid nie 'n volhoubare plan was nie. Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA) het in die laat 1960s begin om modelle vir 'n Afrikaner-tuisland te ontwikkel (Pienaar, 2007: 29). In 1972 het die Voorsitter van die Buro gesê dat "indien die verstedeliking van swart mense nie gestaak of omgekeer sou word nie, Afrikaners dringend na die moontlikheid van 'n volkstaat moes kyk" (Pienaar, 2007: 30). Die basiese vereisters vir 'n volkstaat was 'n geografiese gebied waar 'n eie kultuur, godsdiens en taal uitgeleef kon word (Pienaar, 2007: 30). Prof. Carel Boshoff het in 1988 sy persoonlike visie vir 'n volkstaat bekendgemaak met die stigting van die Afrikanervryheidstigting (AVSTIG) (Pienaar, 2007: 37). Vir ondersteuners van 'n volkstaat het dit gegaan om die oorlewing van die Afrikaner volk en sy kultuur. Daar was 'n werklike vrees dat die Afrikanerkultuur onder die nuwe demokratiese regering sou verdwyn (Pienaar, 2007: 40). Volgens Jooste (1991: 81) het die Afrikaners voor die koms van die Britte, tydens die republieke en na uniewording, nie nodig gehad om te dink aan 'n volkstaat nie omdat hulle oor die mag beskik het om die samelewing volgens hulle eie behoeftes te bestuur. Dit

is toe dat die soeke na 'n Afrikanertuiste begin het. Navorsers van SABRA het die Noord-Kaap as 'n potensiele gebied geïdentifiseer omrede van sy lae demografie en groot ruimtes (Orania Beweging, 2009). Volgens van der Wateren (1996: v) is daar geen twyfel dat Afrikaners nie net 'n “reg” op volksbestaan het nie, maar ook 'n “roeping” daartoe het.

In 1989 het P.W. Botha 'n ligte hartaanval gehad en afgeskaal op sy verpligtinge (Ross, 2008: 194). Internasionale kritiek het gegroei en sanksies is ingestel. Die dooiepunt is eers gebreek toe die nuwe staatspresident, F.W. de Klerk, 'n verbintenis gemaak het om veranderinge aan te bring (Worden, 2012: 131). In de Klerk se openingsrede aan die Parlement op 2 Februarie 1990 het hy die ontbaning van verskeie politieke partye wat verban was, soos die ANC, aangekondig. Hy het ook in die daaropvolgende week politieke gevangenesse, onder andere Nelson Mandela, vrygelaat (Worden, 2012: 147). As gevolg van hierdie politieke skaakmat en veranderinge was die geskiedenis van Suid-Afrika tussen Februarie 1990 en April 1994 chaoties en bloedig, maar volgens Ross (2008: 200) kon dit baie erger gewees het. In 1991 is van die apartheid wetgewing afgesien en onderhandelinge tussen die staat en partye soos die ANC en ander het gelei tot 'n nuwe demokratiese konstitusie en die verkiesing van die ANC as regerende party in 1994 (Worden, 2012: 147). Nelson Mandela is tot die eerste demokratiese president van Suid-Afrika verkies en met sy inhuldiging is Suid-Afrika weer internasionaal aanvaar (Worden, 2012: 156).

Dit is in hierdie politieke klimaat dat die onafhanklike nedersetting van Orania gestig is. In vergelyking met die Amish se geskiedenis, is Orania se geskiedenis as 'n dorp nie so oud nie. Die klein nedersetting genaamd Orania is in die droë Noord-Kaap geleë en het sy ontstaan in die middel twintigste eeu te danke aan die ontwikkeling van die Oranje Rivier-waterprojek (Pienaar, 2007: 57).



Figuur 6: Orania se ligging


Bron: www.ortania.co.za

Die Oranje Rivier-waterprojek was 'n regeringsprojek wat in 1962 geloods is en het die bou van drie damme behels. Die damme was die Gariepdam, Vanderkloofdam en Torquy dam, wat egter nooit voltooi was nie. Deel van hierdie projek was 'n kanaalstelsel wat van die Vanderkloofdam water aan die Bo-Karoo moes verskaf. Daar is besluit dat die kanaalbouers apart van die dambouers moes woon en Hopetown en Petrusville is as opsies oorweeg. Die inwoners van Hopetown was nie beindruk met die idee nie en daar is besluit om 'n nuwe dorp te vestig. Daarvoor is die plaas Vluytjeskraal deur die Departement van Waterwese aangekoop. Vluytjeskraal was 40km vanaf die Vanderkloofdam geleë. Blykbaar het Stephanus Vermeulen die plaas Vluytjeskraal in 1882 gekoop en na sy dood in 1925 is die plaas onder sy kinders verdeel (Pienaar, 2007: 57).

In 1963 het die eerste blanke werkers en administratiewe personeel hulself reeds in die dorp gevestig en daar is na die dorp as Vluytjeskraal verwys. Die Departement van Waterwese het eers in 1964 die plaas amptelik gekoop. Daar is 'n kompetisie geloods om 'n naam vir die dorp te kry en daar is op die einde besluit op "Orania" omdat dit so naby aan die Oranjerivier geleë is (Pienaar, 2007: 57).

Die kleurlinge wat aan die waterprojek gewerk het was in 'n aparte gedeelte, "Grootgewaagd", gehuisves. Hierdie area was net buite die dorp geleë (Kotze, 2003: 163). Teen die einde van 1965 was daar reeds 56 gesinne wat op Orania gewoon het. Die dorp het 470 hektaar beslaan en daar was 150 huise, 'n gemeenskapsaal, 'n skool, 'n swembad en landbougrond gevestig. Daar was ook 'n poskantoor, 'n rugbyveld en tennis- en muurbalbane (Pienaar, 2007: 58). Nadat die Oranje Rivier-waterprojek in 1989 voltooi is het die Departement van Waterwese van Orania onttrek. Werkers is na ander projekte verplaas en slegs 'n paar kleurling werkers het in "Grootgewaagd" aangebly. Die res van die inwoners het die dorp verlaat en die dorp het sy ekonomiese basis verloor. Die gevolg was dat die dorp letterlik in 'n spookdorp verander het (Kotze, 2003: 163).


In Augustus 1990 is die dorp per tender te koop aangebied en oorspronklik deur Jacques Pretorius van Johannesburg gekoop. Net voordat hy die prys van R1 miljoen moes betaal, het sy prokureur die Afrikaner Vryheid Stigting (AVSTIG) gaan sien (Kotze, 2003: 163). Die AVSTIG het ook in die dorp belang gestel en dit is vir R1.5 miljoen herverkoop aan Orania Bestuursdienste (OBD), met prof. Carel Boshoff as Voorsitter (Pienaar, 2007: 58). Die dorp is heropen en die kleurlinge wat in "Grootgewaagd" gebly het is verplaas. Die area is hernoem na "Kleingeluk" en vorm vandag deel van Orania (Kotze, 2003: 164). Orania is amptelik op 13 April 1991 as 'n Afrikanerdorp en Volkstaat-groeipunt geopen. Die oorspronklike infrastruktuur was verwaarloos en verval, maar intrekkers kon onmiddellik hulself in die dorp vestig (Orania Beweging, 2009). Woonhuise is tussen R25 000 en R40 000 verkoop, boupersle vir R600 en huise in Kleingeluk is vir R10 000 verkoop (Pienaar, 2007: 59). In Augustus 1991 is nog 'n deel van Vluytjeskraal plaas op 'n veiling aangekoop; 272 2300 hektaar is vir R480 000 gekoop en die eiendom is in kleinhoewes verdeel. Vluytjeskraal 272 Edms. Bpk., 'n filiaalmaatskappy van OBD, het kleinhoewes aan mense verkoop wat die idee van Orania as 'n volkstaat ondersteun het (Pienaar, 2007: 59).



Figuur 7: Orania se bevolking sedert 1991

Bron: <http://www.lief-orania.co.za/gemeenskap.php>

Volgens die Orania Beweging (2009) is daar twee tydperke in Orania se ontwikkeling. Eerstens was daar 'n vestigingsfase tot en met 2000. Op 4 Desember 2000 het die Hooggeregshof Orania se Verteenwoordigende Oorgangsraad toestemming gegee om voort te bestaan met die oog op selfbestuur. Na hierdie beslissing het Orania gegroei soos nog nooit tevore nie. Die eerste dorpsraad is saamgestel uit die aandeelhouders van OBD. Die dorpsraad is egter gou opgevolg deur 'n nuwe dorpsraad bestaande uit direksielede van Vluytjeskraal Aandeleblokmaatskappy Bpk. en 'n verteenwoordiger van OBD (Orania Beweging, 2009). Orania word as volg bestuur: (Sien Figuur 8):



Figuur 8: Orania se dorpstruktuur

Bron: "Orania Beweging"

Die dorpsraad sorg vir alle munisipale dienste in Orania en onderhou ook die infrastruktuur. Dienste wat gelewer word sluit in elektrisiteit, water, sanitasie en vullisverwydering. Die paaie, swembad en sportveld, die biblioteek en museums word ook deur die dorpsraad onderhou (Pienaar, 2007: 78). Orania het nie sy eie munisipale status nie. Volgens John Strydom (2011) het Orania alles in hulle vermoë gedoen om munisipale status te verkry, maar daar is geen reaksie van die staat ontvang nie en gevolglik het Orania in 2000 die regering hof toe geneem. In die hof het al die partye 'n skikking bereik. Orania sou val onder Themelihle (Hopetown) se munisipale gebied en 'n wedersydse ooreenkoms is bereik dat die munisipaliteit nie dienste aan Orania lewer nie en Orania dan ook nie heffings aan die munisipaliteit betaal nie. Carel Boshoff het na hierdie verwickeling gesê dat, alhoewel dit jammer is dat Orania nie sy eie munisipaliteit kan hê nie, kan daar beter na die belange van Orania as 'n private instelling omgesien word (Pienaar, 2007: 88).

As 'n private instelling mag die Orania-bestuur hulle eie regulasies toepas. Alle voornemende inwoners gaan deur 'n streng keuringsproses en hulle moet die beginsel van 'n volkstaat ondersteun. Paartjies wat na Orania wil verhuis mag onder geen omstandighede saambly indien hulle nie getroud is nie (Cloete, 2008: 7). Inwoners moet ook 'n Christelike lewensstyl volg en inburgering ondergaan indien hulle aansoek om op Orania te woon goedgekeur is. Hierdie inburgering lig inwoners presies in hoe Orania werk en die ideale wat hul moet nastreef. Die dorp se Grondwet en Akte van Verbintenis moet ook geteken word (Pienaar, 2007: 62). Die Orania Grondwet is 'n vrywillige ooreenkoms wat onderling tussen al die inwoners van Orania gesluit word en wat bepaal hoe inwoners in sekere omstandighede teenoor mekaar moet optree. Van die paragrawe uit die Grondwet is die volgende:

Paragraaf 1: "Ons erken God Drie-enig soos geopenbaar in die Bybel as die enigste en ware God wat die lotgevalle van alle mense, volkere en nasies bepaal en beheer en ons glo dat ons, ons roeping om die aarde te bewerk en te bewoon, ook beter kan nakom, deur vir die Boere-

Afrikanervolk 'n vrye volkstaat in die Noordwes-Kaap tot stand te bring.” (Pienaar, 2007: 61).

Paragraaf 2: “Ons onderneem om in ons optrede God Drie-enig te verheerlik en in ons daaglikse omgang en arbeid te werk vir en te streef na die uitbouing van die Christelike geloof.” (Pienaar, 2007: 63).

Paragraaf 3: “Ons onderneem om in gelowe erkentlikheid aan God, die Afrikaanse taal, kultuur, tradisies, opvoeding van ons kinders en lewens- en wêreldbeskouing van die Boere-Afrikanervolk ten alle tye te onderskryf, te beskerm, uit te leef en te bevorder.” (Pienaar: 2007: 61).


Ras is nie in Orania se grondwet ingeskryf nie en “toelating tot Orania berus op die wyse waarop nuwe intrekkers Orania se doelwitte ondersteun en by Orania se groepsidentiteit sal inpas.” (Pienaar, 2007: 62).

Alle nuwe huise op Orania moet aan sekere standarde voldoen en waterverhitters wat met sonkrag werk is verpligtend vir alle nuwe huise en geboue. (Strydom & van Bart, 2010: 5).

In Orania word die beginsel van “volkseie” arbeid of “selfwerkzaamheid” gevolg wat soortgelyk aan die Amish beginsel is. In 2004 het meer as die helfte van die inwoners minder as R3 000 per maand verdien (Pretorius, 2004: 5). In 'n video oor Orania op www.ornia.co.za sê prof. Carel Boshoff dat die Afrikanervolk slegs sal voortbestaan indien Afrikaners hulle eie grondgebied het, die Afrikaners selfbeskikking oor eie instellings het en selfwerkzaamheid nastreef waardeur die Afrikaner sy eie arbeid verrig.

Orania het sy eie vlag. Die seuntjie wat op die vlag voorkom simboliseer Orania se selfwerkzaamheid. Die vlag is in 2005 deur Christiaan van Zyl ontwerp en die kleure van die vlag verwys na die Afrikaners se herkoms en geskiedenis. Die Nederlandse Prinsevlag, die vlag van die Oranje Vrystaat en die vlag van die Republiek van Suid-Afrika is in 'n omgekeerde volgorde van blou wit en oranje. Dit verwys na 'n nuwe begin en 'n herevaluering van Suid-Afrika se huidige situasie. Die kleure simboliseer die volgende: blou simboliseer die hemel, geloof en toewyding;

wit simboliseer reinheid en vrede; en oranje vryheid en energie. Die betekenis van die vlag word as volg opgesom: "Standvastig in die geloof gee ons deur vreedsame selfwerkzaamheid, ons eerste tree na vryheid." (Orania Beweging, 2008). Hierdie lewensuitkyk stem grootliks saam met van die lewensfilosofieë wat deur die Amish onderskryf word.



Figuur 9: Vlag van Orania

Bron: <http://en.academic.ru/dic.nsf/enwiki/456292>

Orania vier nie enige amptelike vakansiedae van Suid-Afrika nie, maar het hulle eie vakansiedae geskep:

27 Februarie: Majubadag

6 April: Stigtingsdag

31 Mei: Bittereinderdag

14 Augustus: Taaldag

10 Oktober: Helledag

16 Desember: Geloftedag

Christelik: Goeie Vrydag en Kersfees

(Orania Beweging, 2010)

Al hierdie dae weerspieël die behoud van Afrikaner tradisies en beklemtoon die Afrikaner geskiedenis en godsdiens. Alle voornemende inwoners van Orania moet belowe om hierdie godsdienstige vakansiedae en die ander vakansiedae te eerbiedig (Pienaar, 2007: 62).

Orania bestaan uit twee woonbuurte, die hoofdorp naamlik Orania-Oos en -Wes en die voordorp, Kleingeluk. Erwe in die hoofdorp is enige iets tot 'n kwart hektaar groot, terwyl die erwe en huise in Kleingeluk heelwat kleiner en goedkoper is. Huis- en erfpryse het skerp gestyg omdat daar nie meer so baie eiendom beskikbaar is nie. Die dorpsraad het dus later besluit om 'n landskapsbeplanner se hulp in te roep sodat nuwe erwe beskikbaar gestel kan word (Orania in 'n neutedop, n.d.).

In vergelyking met die Amish wat nie opvoeding nà laerskool toelaat nie, is Orania die teenoorgestelde en daar is goeie opvoeding tot en met matriek beskikbaar. Daar is tans twee skole in Orania. Die Volksskool Orania is 'n privaatskool met 'n koshuis en die Christelike Volkseie Onderwys (CVO)-skool, 'n rekenaargedrewe skool wat volkseie-onderwys aanbied (Pienaar, 2007: 70). Alle onderwys aktiwiteite op Orania word deur die Orania Koördinerende Onderwysraad (OKO) bestuur (Pienaar, 2007: 71). Daar is nege kerklike denominasies in Orania: die APK, die NGK, die AGS, die Gereformeerde kerk, die Hervormde kerk, die Sewedaagse Adventiste, die Christelike Gereformeerde kerk, die Verbondsvolk en die Dogters van Sion (Pienaar, 2007: 79).

Orania het ook sy eie geldstelsel, die Ora. Die idee van 'n eie geldstelsel is deur prof. Johan van Zyl uitgelig tydens 'n konferensie in 2002 waar die ekonomiese ontwikkeling van Orania bespreek is. 'n Komitee is tot stand gebring om die moontlikheid en haalbaarheid van die idee te ondersoek. Die komitee het bevind dat so 'n stelsel baie voordele vir Orania inhou. Christiaan van Zyl, die plaaslike argitek, het die note ontwerp en die geldstelsel is amptelik op 29 April 2004 in werking gestel. Die note is by Orania se eie gemeenskapsbank, Orania Spaar en Krediet Kooperatief Bpk. (OSK), beskikbaar in eenhede van Ora10, Ora20, Ora50 en Ora100. Die note word op 'n basis van R1 vir 'n Ora verkoop en die Ora word 100% gewaarborg deur rand van Suid-Afrika (Geldstelsel, n.d.).

Elke geldeenheid het 'n spesifieke simboliek. Die 10 Ora beeld die geskiedenis van die Afrikaners uit. "Racheljtjie de Beer is simbolies van die vasberadenheid van ons voorsate. Die deursettingsvermoë van veral die vrou tydens die Groot Trek, die

Vryheidsoorloë en vandag, word gehuldig. Die Namakwalandse madeliefie, 'n inheemse blom van die streek, kleur Orania jaarliks in 'n skouspel van skakerings van Oranje." (Vryheidsfront Plus, 2004). Die 20 Ora beeld die kunste van die Afrikaners uit. "Trompie is nie net 'n literêre held nie, hy lewe en is steeds te sien op elke plaas en in elke agtertuin. Kettie-in-die-hand beeld hy die doelgerigtheid uit, wat ons vandag nodig het, Pierneef se kameeldoringbome is inheems aan die streek." (Vryheidsfront Plus, 2004). Die 50 Ora beeld die Afrikaners se kultuur uit. "Ons geloof en gesinsverbondenheid maak ons sterk. Die afbeelding van 'n dogtertjie wat lees, is een van vier loodglaspaneel wat in Betsie Verwoerd se huis in Orania te sien is. Die voorsate van die Nooitgedachters word vereer vir hul rol tydens die Vryheidsoorloë". (Vryheidsfront Plus, 2004). Die 100 Ora beeld Orania uit. "Die seuntjie wat sy moue oprol, simboliseer die gemeenskap van Orania se strewe om deur selfwerkzaamheid 'n pad na vryheid te baan. Die ratse steenbok en kanniedood aalwyn tipeer ook Orania." (Vryheidsfront Plus, 2004).

Die meerderheid van klein dorpe in Suid-Afrika is besig om agteruit te gaan. Hulle ervaar probleme in terme van die lewering en betaling van dienste. Orania is een van die min klein dorpe wat nie ekonomiese probleme ondervind nie (Kotze, 2003: 171). Verskeie suksesvolle ontwikkelingsinisiatiewe is in Orania geloods. Weens Orania se gunstige klimaat en besproeiing is landbou 'n groot sukses, net soos by die Amish gemeenskap. Orania het 'n somer reënval en 'n gemiddelde temperatuur van 30°C tot 38°C. Dit is dus ideale weer vir gewasse. Daar is ongeveer 50 hoewe-eienaars wat die landbou op Orania bedryf. Pekanneutverbouing, melkproduksie en graan- en veeverbouing is die hoof landbou produkte. Van die 350 hektaar landbougrond is 80% reeds ontwikkel. In 2002 is die eerste kommersiële pekanneut-oes gelever. Dit neem ongeveer tien jaar vir pekanneutbome om in produksie te kom. Hierdie verbouing is gerig op die uitvoermark en kan baie buitelandse valuta genereer. Koring, lusern en spanspek word ook suksesvol in die landerye verbou. (Vryheidsfront Plus, 2004).

Daar is ook industriële ontwikkeling in Orania. Toe die dorp nog onder die bestuur van die Departement van Waterwese was is verskeie werksinkels en skure

opgerig. Hierdie infrastruktuur word vir industriële ontwikkeling gebruik (Kotze, 2003: 169).

Kotze (2003: 170) gee verskeie redes vir Orania se suksesvolle ontwikkeling. Uit die staanspoor was dit die toewyding van die gemeenskap en hulle vasberadenheid om suksesvol te wees. Die tegnologie wat in landbou gebruik word, goeie kommunikasie stelsels tussen organisasies en individue, die veilige omgewing wat geskep word deur die topografie van die area, 'n kultuur van selfwerkzaamheid en 'n jong bevolking speel ook 'n rol. Verder word aangevoer dat 25% van die bevolking jong mense of kinders is.

In 2005 het die ontslape politieke analiseerder dr. Frederik van Zyl Slabbert gesê dat Artikel 235 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika voorsiening maak vir 'n etniese groep om in outonomie te leef in terme van kultuur en taal.

Artikel 235 van die Grondwet lui:

Die SA bevolking, as geheel, se reg op selfbeskikking soos in hierdie grondwet uitgedruk, belet nie, binne die raamwerk van die reg, erkenning van die konsep dat enige gemeenskap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, die reg het op selfbeskikking binne 'n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse, soos deur nasionale wetgewing bepaal (Vryheidsfront Plus, 2005).

Maar, volgens Maluleke (2005: 3) alhoewel die artikel voorsiening maak vir selfdeterminasie is die probleem die implementering daarvan.

Die gemeenskappe van die Amish en Orania is twee heeltewel verskillende gemeenskappe op twee verskillende kontinente met verskillende ontstaansredes, maar tog ook eenders. Albei het ontstaan as gevolg van historiese gebeurtenisse wat hulle lewenswaardes, hetsy godsdienstig of kultureel, aangetas het. Alhoewel Orania nie so 'n eng en streng gemeenskap soos die Amish is nie, is dit twee gemeenskappe wat ontstaan het omdat hulle geglo het in die oorlewing van hulle

godsdien en kultuur en dus 'n afgesonderde geografiese area beset waar hulle hul oortuigings kan uitleef. Dit is op grond van hierdie ooreenkomste, en veral die uniekheid daarvan, dat daar besluit is om deur hierdie studie die twee bestemmings met mekaar te vergelyk in die konteks van die groeiende erfenis- en kultuurtoerismebedryf.

Hoofstuk 4:

'n Geskiedenis en analise van die toerismebedryf in die Amish gemeenskap

Hierdie hoofstuk kyk eerstens kortliks na die ontwikkeling van die toerismebedryf in die Amish gemeenskap. Hierdie oorsig is belangrik om 'n agtergrond te kan gee vir die analitiese aspekte wat later toegepas word.

Die ontstaan en ontwikkeling van die Amish toerismebedryf

Daar is drie groot Amish toerisme areas in die VSA wat terug dateer na die 1930s: Lancaster County, Ohio en Indiana (Trollinger, 2012: 25). Lancaster County lok die grootste getal toeriste as gevolg van sy ligging en geskiedenis, met 'n gemiddeld van 11 miljoen toeriste wat Lancaster County elke jaar besoek. Volgens die *Pennsylvania Dutch Convention & Visitors Bureau* het hierdie toeriste in 2007 'n 818 miljoen dollar direkte en 460 miljoen dollar indirekte ekonomiese impak op die gemeenskap gehad (Trollinger, 2012: 26). Volgens David Luthy (1994: 113) is toerisme die oudste en mees ontwikkelde in Lancaster County en bestaan dus oor 'n drie-kwart eeu. Dis is die oudste en tweede grootste Amish gemeenskap en het die mekka van Amish toerisme geword en wat toerisme in die ander state beïnvloed het. Daarom ontvang Lancaster County ook die meeste aandag in hierdie studie.

Volgens Nolt was die belangstelling in die Amish drievoudig. Eerstens het die Amish baie blootstelling deur die media gekry. Tweedens was daar na die Tweede Wêreldoorlog 'n voorliefde vir reis en vakansie hou (Nolt, 2003: 326). Derdens was van die Amerikaners bekommerd oor die ontwikkeling van die moderne samelewing. Hulle het gewonder of die Amish net oorblyfsels uit die verlede was en of hulle bronne van wysheid was wat iets geweet het wat die res van die samelewing vinnig besig was om te vergeet (Nolt, 2003: 27).

In 'n artikel van William Ecenbarger in die *Chicago Tribune* (1986) gee hy 'n treffende opskrif oor toerisme in die Amish gemeenskap naamlik, "The Amish:

Unwilling Stars of a Tourism Boom". Volgens Ecenbarger het die Amish aandag begin ontvang toe hulle in 1937 teen publieke opvoeding vir hulle kinders geveg het. Die Amish het 'n groot som befondsing van die staat van die hand gewys. Hierdie befondsing was spesifiek gerig op die bou van skole, maar die Amish wou hulle een-kamer skoolhuise behou. Omdat dit net na die Depressie gebeur het, was mense geskok dat hulle kon nee sê vir finansiële ondersteuning (Breslav, 2013: 5).

Volgens Kraybill het toerisme eers regtig na die Groot Depressie begin vlamvat. Vandag besoek vier miljoen toeriste Lancaster County jaarliks. Dit is ongeveer 180 mense vir een Amish inwoner. Alhoewel nie al die besoekers net gerig is op die Amish nie, genereer hulle duisende dollers in toerisme wins (Kraybill, 2001: 287).

Lancaster County het in 1905 aandag ontvang met die publisering van "Sabina: A Story of the Amish", 'n roman deur Helen R. Martin (Luthy, 1994: 114). Maar die eerste bekende tydskrif artikel wat die Amish aktief as 'n toeriste bestemming bemark het, het in November 1935 in 'n uitgawe van *Travel* verskyn. Die artikel "Domain of Abundance: Exploring a Unique Section of America" het foto's van die Amish bevat en weerspieël die interessante ervaring wat die skrywer gehad het.

Gedurende die 1930s het reisigers wat van Gettysburg na New Jersey gereis het, begin om in Lancaster County te oornag. As gevolg hiervan het die plaaslike winkels begin om poskaarte en ander memorabilia wat Amishsoortig was vir hierdie besoekers aan te bied. Mettertyd, soos toeriste aangetrokke tot hierdie area geraak het, het entrepreneurs begin om brosjures te publiseer. Byvoorbeeld, in 1937 het Berenice Steinfeldt 'n 31-bladsye boek uitgebring getiteld "The Amish of Lancaster County", en in 1938 het nog 'n toeriste brosjure die lig gesien, "Little Known Facts About the Amish and Mennonites" deur A. Monroe Aurand Jr. (Luthy, 1994: 115).

Teen die 1940s het die Lancaster County Staatsdepartement van Handel navrae begin kry oor die area maar die Tweede Wêreldoorlog het 'n demper op hierdie belangstelling geplaas. In 1946 het die bestuurder van 'n hotel in Lancaster County, L.H. Heine, 'n navraag van 'n besoeker gekry of hy 'n Amish inwoner kan sien. Heine

het gereël dat 'n paar toeriste na 'n Amish woning geneem word waar hulle ook tuisgemaakte roomys geëet het. So het Heine begin om toergidse op te lei en die toeriste getalle het gegroei van 'n karvol na 'n busvol en die hotel het begin om naweek pakkette aan te bied wat op die Amish gefokus het. Reise na Lancaster County is ook vergemaklik met die vestiging van die Pennsylvania tolhek wat in 1941 voltooi is, asook die ekonomiese welstand wat na die Tweede Wêreldoorlog gevolg het. Met die geld wat hulle gehad het, het baie Amerikaners die nuwe hoofweg en tolpad gebruik om die naweke en oor vakansies Pennsylvania te besoek (Trollinger, 2012: 27).

1955 word as die jaar geklassifiseer waarin toerisme in Lancaster County amptelik afgeskop het. Met miljoene mense wat begin het om die area te besoek het Adolph Neuber gevoel dat daar nie 'n plek is waar die toeriste korrekte inligting oor die Amish kon kry nie. Daarom het Neuber die plaas langs sy restuarant oorgekoop en op 1 Julie 1955 is "The Amish Farm and House" geopen. Hulle roem hulself daarop dat hulle die eerst toeriste aantreklikheid in Lancaster County was, asook die eerste Amish aantreklikheid in Amerika (Our Farm History, n.d.). In 1957 het Neuber saam met verskeie besigheidsmanne 'n besoekersburo gestig. Dit het later ontwikkel in die "Pennsylvania Dutch Convention & Visitors Bureau". Baie het Neuber gesien as die stigter van Amish toerisme. "A lot of people in the local tourism industry looked at him as one of the founders of local tourism. He's the one who came up with the phrase 'Amish Country'. He really put Lancaster County on the map." (Alexander, 2010).



Figuur 10: "The Amish Farm and House" in 1955

Bron: <http://www.amishfarmandhouse.com/our-history.html>


“The Amish Farm and House” het nie vir lank uniek gebly nie. Ander besienswaardighede is gou gevestig (Walbert, 2002: 86). Dit was ook gou duidelik dat kos 'n groot aantrekkingskrag vir die toeriste was. Volgens Walbert (2002: 87), “Food quickly became the most obvious ‘hook’ for tourists.” Almal hou daarvan om te eet en die aantal restaurante wat in die 1950s oopgemaak het, het bewys dat toeriste nie anders is nie. Die kwaliteit, kwantiteit en verskeidenheid van kos wat bedien is, het uitgestaan. Sommige plekke het kos gekombineer met 'n gewone toeriste bestemming (Walbert, 2002: 87). Volgens Joseph Harasta (2014: 23) het die Amish in baie opsigte gedurende hierdie tyd 'n handelsmerk (“brand”) geword.

Soos toerisme gegroei het, was daar ook 'n toename in toerisme materiaal soos brosjures en boeke oor die Amish. Behalwe hiervoor, het die belangstelling van die media ook 'n groot rol in die bevordering van Amish toerisme gespeel. Reeds gedurende die 1940s was daar rolprente oor die Amish, maar die hoogtepunt was die 1985 vrystelling van “Witness”, 'n flik waarin Harrison Ford gespeel het en deur miljoene mense gesien is (Breslav, 2013: 6). In Mei 1955 het 'n nuwe musiekblyspel op Broadway begin getiteld “Plain and Fancy”. Die musiekblyspel het gehandel oor 'n New York paartjie wat na Lancaster County reis om 'n stuk grond te verkoop en dan betrokke raak in 'n romantiese drama met 'n Amish familie. Hierdie blyspel het potensiële toeriste verder aangemoedig. “The Amish were suddenly famous, and the tourist boom was on.” (Trollinger, 2012: 27). Die verhoogstuk was nie heeltemal onakkuraat nie, maar het die algemene siening en wanopvattinge oor die Amish uitgebeeld (Walbert, 2002: 83). Televisie reekse soos Amish Mafia, Breaking Amish en Amish: Out of Order het 'n Amish waansin (“frenzy”) in die media en binne Amerikaanse gemeenskappe veroorsaak. Alhoewel die outentisiteit van hierdie programme bevraagteken word, is daar geen twyfel aan die invloed wat hulle op die Amerikaners gehad het nie, genoeg om hulle te motiveer om die Amish te gaan besoek (Harasta, 2014: 24). Die gewildheid van die Amish is vandag groter as wat dit ooit was.

Volgens Zercher (1997: 52) was dit nie net die koerante, verhoogstukke op Broadway of Hollywood films wat toeriste na die Amish gemeenskappe gelok het nie maar ook die werk van skrywers soos John Hostetler, wat 'n in diepte studie

van die Amish gemaak het, wat die aandag geprikkel het. Hy sê onder andere, “Time and time again, the Amish are portrayed as either paradise lost or paradise found, that is, as what America was before it became tainted by greed and corruption, or what America could be if only it would become more Christian.”.

Volgens statistiek van die Besoekersburo het een miljoen toeriste Lancaster County in 1960 besoek, teen 1965 was dit twee miljoen, drie miljoen teen 1969 en vier miljoen in 1973. In 1972 het Lord Snowdon, eggenoot van Prinses Margaret van Brittanje, en wat 'n baie bekende fotograaf was, Lancaster County op 'n fotografie sending besoek. Hy was geskok oor die toeriste uitbuiting van die Amish gemeenskap wat hy daar gesien het. Ten spyte hiervan was toerisme teen daardie tyd oënskynlik Lancaster County se waardevolste ekonomiese hulpbron (Ecenbarger, 1986).



Figuur 11: Toeriste statistiek van die Besoekersburo

Die positiewe uitbeelding van die Amish wat toeriste na Lancaster County gelok het, het ook toeriste aangemoedig om die Amish gemeenskappe in Ohio en Indiana te besoek. In Ohio het toerisme in die laat 1950s ontwikkel in die vorm van georganiseerde toere wat 'n middagete, deur 'n Amish gasvrou en haar familie voorberei, ingesluit het. In 1976 het die “Amish Farm”, 'n vroeë toeriste besienswaardigheid, begin met die organisasie van toere by 'n onbewoonde Amish tuiste. Teen 1989 het een miljoen toeriste jaarliks Ohio besoek. Toerisme het eers in 1966 in Indiana begin ontwikkel toe die eerste brosjure oor die Amish daar verskyn het (Trollinger, 2012: 28).

Volgens Trollinger is daar 'n verskeidenheid van besienswaardighede vir besoekers. Soos alreeds aangedui, was Amish kos veral gewild. Toeriste word gelok met tradisionele items op spyskaarte soos hoender, kapokaartappels en vars pasteie (Trollinger, 2012: 29). Georganiseerde toere om die Amish kultuur van naderby te leer ken was baie gewild. Bewoonde Amish plase is ook vir die publiek toeganklik gemaak. Hierdie plase was meestal voorheen in die besit van 'n Amish familie en is dan deur 'n nie-Amish entrepreneur oorgekoop. Dit gee toeriste 'n eerstehandse ervaring van die leefwyse van die Amish. Aan die einde van so 'n toer word toeriste uitgenooi om 'n rit op 'n perdekar te onderneem. Die perdekar word deur 'n Amish man gedryf en toeriste kry sodoende die geleentheid om direk met hulle interaksie te hê (Trollinger, 2012: 30).

Verskeie erfenis- of inligtings sentrums is gestig om inligting oor die Amish se geskiedenis en kultuuroor oor te dra. Besoekers het gewoonlik wanopvattinge oor die Amish wanneer hulle hier arriveer en hierdie instansies is daar om 'n meer akkurate beeld weer te gee (Trollinger, 2012: 30). Daar is ook geleentheid vir inkopies sowel as ontspannings aktiwiteite. Alhoewel baie van hierdie aktiwiteite oor die Amish gaan, is die hoofdoel nie om Amish inligting oor te dra nie (Trollinger, 2021: 31). Alhoewel daar wel verskille is in hoe toerisme in die onderskeie Amish gemeenskappe bemark word is daar wel baie meer ooreenkomste. Almal beklemtoon die Amish as die primêre aantrekkingskrag en sluit aktiwiteite in wat 'n egte ervaring aan toeriste bied (Trollinger, 2012: 33).

Vir die analise van die toerismebedryf in hierdie twee gemeenskappe is Butler se model as die hoofbasis gebruik, tesame met die entrepreneurskap-raamwerk van Russel en Faulkner, asook die kulturele model van Xie en Lane. Daar is ook gekyk na die konsep van herhalende besoeke ("repeat visitation") soos deur Metin Kozak en Martin Oppermann uiteengesit.

Analise van die Amish toerismebedryf

Voor die Tweede Wêreldoorlog was Lancaster County nie 'n besienswaardigheid op sigself nie, maar dit was eerder sy gunstige ligging wat die meeste besoekers gelok het. Die dorp was 'n stilhouplek vir mense wat die US30, een van Amerika se eerste

snelweë, gebruik het (Hovinen, 1982: 568). Die besoekers was vlugtig aan die Amish blootgestel en teen die 1930s het die andersheid van die gemeenskap meer aandag begin trek. Soos hierbo vermeld, het die Tweede Wêreldoorlog egter 'n demper hierop geplaas. Hierdie fase vóór die Tweede Wêreldoorlog kan as die ontdekkingsfase ("exploration phase") van Butler se model beskryf word. Omdat Lancaster County meestal slegs as 'n stilhouplek deur reisigers gebruik is was die besoekerspatroon ongereeld, en was dit die nie-plaaslike besoekers wat hulle tot die dorp se ligging aangetrokke gevoel het. Aanvanklik was daar nie spesifieke fasiliteite vir besoekers nie en bestaande plaaslike fasiliteite moes voldoende wees. Dit het veroorsaak dat sommige reisigers direkte kontak met die Amish gehad het en so is hulle belangstelling oor die Amish verder geprikkel. Gedurende hierdie eerste fase was daar nie werklik 'n emosionele of sosiale impak op die gemeenskap nie (Hovinen, 1982: 570).

Na die Tweede Wêreldoorlog het plaaslike inwoners begin om toere te organiseer en fasiliteite vir die besoekers te vestig. Hierdie fasiliteite was eksklusief vir toeriste bedoel. Restaurante en hotelle is gevestig, asook 'n amptelike Toerisme Buro in 1958. Gedurende hierdie fase, wat beskryf kan word as Butler se betrokkenheidsfase ("involvement phase"), het die aantal besoekers geleidelik gestyg. Namate die Toerisme Buro aktiewe bemaking begin doen het en beleggings in die fasiliteite gegroei het, het die besoekersgetalle drasties begin vermeerder. Plaaslike koerante het die aantal besoekers as volg geskat: 25 000 besoekers in 1954, driemaal hierdie getal in 1958, en om en by een miljoen besoekers teen 1961 (Hovinen, 1982: 569).

Gedurende die volgende fase van Butler se model, die ontwikkelingsfase ("development phase"), het daar 'n belangrike toerisme mark ontstaan as gevolg van die bemaking en gewildheid van Lancaster County as 'n bestemming wat deur die besoekers van 1960 en 1975 gereflekteer word. Twee miljoen besoekers het Lancaster County in 1965 besoek, drie miljoen teen 1969, vier miljoen teen 1973 en vyf miljoen teen 1975 (Hovinen, 1982: 570). Eksterne besighede in hierdie fase het groot bedrae belê in hotelle en restaurante, en die eerste kettinggroep was dié van Howard Johnson wat in 1961 'n hotel en restaurant langs die US30 snelweg

gevestig het, gevolg deur 'n Holiday Inn in 1965. Plaaslike fasiliteite is deur nuwe en meer moderne fasiliteite vervang. Laasgenoemde veroorsaak 'n afname in plaaslike deelname en beheer. (Tooman, 1997: 217)

Gedurende die konsolidasie fase ("consolidation phase") is die grootste gedeelte van die plaaslike ekonomie aan toerisme verbind en word dit deur kettingwinkels oorheers. Bemarking word gedoen om die toeriste seisoen te verleng en meer toeriste van verder weg te lok (Tooman, 1997: 217). Hierdie vinnige transformasie langs die snelweë na 'n toeriste landskap het plaaslike inwoners bekommerd gehad omdat hulle gevrees het dat die omgewing nadelig beïnvloed gaan word (Hovinen, 1982: 571). Nog 'n bekommernis was die invloed wat die besoekers op die Amish sou hê. Die Amish het meestal hierdie kwessies onder mekaar bespreek en nou en dan sou een van hulle met die media hieroor praat. Party het gesê dat hulle wel die interaksie en inligting met die toeriste geniet, maar hulle het 'n probleem gehad met die kameras wat in hulle gesigte gedruk word, asook die vrae oor hulle geloof en dat hulle soos kommoditeite behandel word. In 1966 het Hostetler en Buck ook hulle bekommernis uitgespreek dat toerisme besig is om die Amish kultuur te vernietig. Alhoewel die Amish die hoof trekpleister van Lancaster County geword het, het die diversifikasie van toerisme ook in hierdie fase plaasgevind. Ontspanningsoorde is geskep, historiese geboue is herstel en ander besienswaardighede is ook gevestig (Hovinen, 1982: 572). Die sintetiese mensgemaakte besienswaardighede, tesame met die natuur en landskap, het tot die aantreklikheid van Lancaster County as 'n volwaardige toerismebestemming bygedra (Hovinen, 1982: 573).

Die volgende fases van Butler se model is stagnasie ("stagnation") en afname ("decline") of hernuwing ("rejuvenation"). Tydens stagnasie word kapasiteitsvlakke/drakrag vir baie relevante faktore bereik of oorskry wat ekonomiese en sosiale en omgewingsprobleme tot gevolg het (Tooman, 1997: 217). Die eerste dele van fase ses kan afname wees wanneer toeriste deur ander en nuwer bestemmings weggelok word want die meeste toeriste wat die area besoek is dag- of naweek besoekers. Toerisme fasiliteite word deur nie-toerisme besighede vervang namate die area van die industrie af wegbeweeg (Tooman,

1997: 217). 'n Tweede deel van fase ses kan hernuwing wees, met ander woorde wanneer 'n dramatiese verandering in die hulpbronbasis gevestig word. 'n Nuwe stel mensgemaakte besienswaardighede word geskep of 'n natuurlike bron wat voorheen onaangeraak was, word as 'n bestemming aangewend (Tooman, 1997: 217).

Hovinen het egter 'n ander verduideliking vir hierdie fases. Hy stel 'n volwasse ("mature") stadium as 'n alternatief vir die bogenoemde fases voor. Hierdie stadium begin wanneer die vinnige groei in besoekersgetalle ophou. Dit kan 'n stadige oorgang wees soos Butler se stagnasiefase dit beskryf of daar kan 'n skielike verandering wees van vinnig na geen groei. Gedurende die tweede helfte van die 1970s was daar nie 'n beduidende verhoging in besoekersgetalle na die Amish gemeenskap nie. Daar was so te sê geen groei nie. Dit kan aan drie faktore toegeskryf word: 'n polio-epidemie wat onder die Amish uitgebreek het; 'n kernongeluk wat naby die area gebeur het, en die probleem om brandstof gedurende die somerseisoen te bekom (Hovinen, 1982: 573). 'n Opname onder besoekers in 1982 het die redes aangedui waarom hulle Lancaster County besoek het: 56% het aangedui dat dit was om die Amish te sien; 53% het gesê dit was oor die natuur en landskap; 32% het die plaaslike kos as rede gegee vir hul besoek; 23% het die ligging genoem en 23% is besoekers wat weer terug is nadat hulle die eerste besoek aan die area geniet het (Hovinen, 1982: 574). Tenspyte van die aantal studies oor toerisme, is dit eers onlangs dat die belangrikheid van herhalende besoeke aan dieselfde bestemmings aandag begin ontvang het (Pereda, 2003).

Metin Kozak (2001: 786, 787) het 'n konsepmodel vir die optrede van besoekers voorgestel. Die model het twee opsies nl. die voorneme om na dieselfde bestemming terug te keer of die voorneme om ander bestemmings in dieselfde streek te besoek. Watter opsie ookal gekies word, word beïnvloed deur vier faktore nl. die vlak van satisfaksie, die aantal besoeke voorheen aan die bestemming, die aantal besoeke voorheen aan die gebied en ander faktore soos ekonomiese, politieke en tydelike faktore.

Konvensionele wysheid stel voor dat bevrediging lei na 'n verhoging in verkope en 'n positiewe mondelingse terugvoer in die naverkope fase. Bemerkingsliteratuur gee aandag aan die verhouding tussen klient tevredenheid en lojaliteit. Volgens hierdie benadering, is die voorneme en bereidwilligheid van verbruikers afhangende van die graad van tevredenheid van die verbruiker om 'n produk weer te koop. Indien hulle tevrede is sal hulle aanhou met die koop daarvan, indien hulle ontevrede is sal hulle skuif na 'n ander alternatief. Wanneer toeriste 'n goeie ervaring beleef is die kans goed dat hulle weer later 'n bepaalde plek sal besoek. (Kozak, 2001: 787).

Die meeste toerisme modelle verwys op een of ander manier na die belangrikheid van 'n vorige ervaring op hulle keuse van 'n bestemming (Oppermann, 1999: 55). Op 'n baie algemene vlak onderskei Oppermann tussen twee kategorieë van toeriste nl. eerste keer besoekers en herhaalde besoekers. Daar is egter 'n groot verskil in wat gesien kan word as 'n herhaalde besoeker. Dit kan iemand wees wat jaar na jaar na dieselfde bestemming terugkeer. Aan die ander kant kan dit ook iemand wees wat die bestemming slegs jare gelede een keer besoek het (Oppermann, 1999: 56).

Oppermann stel 'n tentatiewe tipologie vir bestemmings-lojaliteit voor.

Nie-kopers ("non-purchasers"): hierdie is persone wat nog nie voorheen die bestemming besoek het nie. 'n Mens kan verder onderskei tussen die redes hoekom hulle nog nie daar was nie (Oppermann, 1999: 60). Sommige het dalk nog nooit gereis nie. Ander kan dalk onbewus van die bestemming wees. Ander mag dalk daarvan bewus wees, maar nie 'n positiewe persepsie daarvan hê nie. Ander weer het dalk 'n positiewe persepsie daarvan maar het nie genoeg geld om daar besoek af te lê nie (Oppermann, 1999: 61).

Ontnugterde besoekers ("disillusioned"): hierdie is die besoekers wat voorheen die bestemming besoek het, maar nie 'n gunstige ervaring gehad het nie. Hulle sal nie weer terugkeer na die bestemming toe nie. Hierdie negatiewe ervaring kon verwant wees aan enige aspek van hulle besoek soos die akkommodasie byvoorbeeld (Oppermann, 1999: 61).

Onstabiele besoekers (“unstable”): hierdie persone besoek altyd 'n ander bestemming en is gedurig op soek na 'n nuwe ervaring. Al het hulle 'n positiewe ervaring gehad tydens hulle vorige besoek sal hulle nie sommer terugkeer nie omdat daar ander plekke is om te besoek (Oppermann, 1999: 61).

Nie-lojale besoekers (“disloyal”): hierdie reisiger word gekenmerk deur 'n “lesser quest” vir die ander en in kontras met die onstabiele reisigers mag hulle in die toekoms dalk weer die bestemming besoek. Hoe langer die tyd egter verloop tussen die aanvanklike besoek en terugkeer, hoe skraler word die kans vir 'n herbesoek (Oppermann, 1999: 61).

Ietwat lojaal, lojaal en baie lojaal (“somewhat loyal, loyal and very loyal”): hierdie drie kategorieë word onderskei deur die frekwensie en intensiteit van vorige besoeke eerder as deur hulle houding of denkwysse. Die baie lojale besoekers besoek die bestemming elke jaar of dalk elke tweede jaar. Hulle het 'n tipiese hoë graad van traagheid (“inertia”) en hulle het 'n beslaglegging (“attachement”) tot die bestemming. Die lojale besoeker besoek die bestemming gereeld, nie elke jaar nie, maar miskien elke drie of vier jaar. Hierdie reisiger waardeer die bestemming, maar wil ook ander plekke ervaar. Omdat hulle egter van die plek hou sal hulle altyd 'n rede vind om terug te kom. Die ietwat lojale reisiger is iemand wat die bestemming om en by twee keer besoek. Hulle was aangetrokke tot 'n tweede besoek, maar dit was nie genoeg om besoeke te herhaal nie (Oppermann, 1999: 61).

Alhoewel die navorsing nie onweerlegbaar is oor die fenomeen van herhaalde besoeke, “repeat visitation” nie, stem almal saam dat die eerste direkte kontak met die bestemming, die ervaring wat daarmee saamgaan, 'n direkte invloed het op die keuse wat hulle in die toekoms maak. Sommige studies lig uit dat 'n tweede besoek die kansse nog meer verhoog (Pereda, 2003).

Gedurende hierdie finale fase is daar ook 'n afname in die nuwe konstruksie van toeriste fasiliteite gesien. Alhoewel groot kettinggroepe steeds goed verteenwoordig is, het hulle nie onlangs nuwe beleggings gemaak nie. Toerisme

het 'n groot rol in die ekonomie gespeel deurdat 'n bedrag van 233,5 miljoen dollar in 1978 deur toeriste bestee is. Saam met die landbou- en vervaardigingssektore was toerisme een van die drie belangrikste segmente in die ekonomie (Hovinen, 1982: 575).

Verskeie skrywers het al beweer dat die suksesvolste bestemmings uiteindelik ook 'n afname in gewildheid en besoekersgetalle sal beleef. Een van die redes word toegeskryf aan toeriste wat die area se drakrag oorskry (Hovinen, 1982: 575). In die geval van die Amish kan 'n mens ook na die psigologiese drakrag kyk, alhoewel dit moeilik peilbaar is. 'n Groep se persepsie en verwagtinge kan oor die tyd verander. Dit is ook moontlik dat toeriste en die Amish 'n hoër drumpel van verdraagsaamheid kon bereik. Daar word ook voorgestel dat veranderinge in toerisme gehelp het om die Amish kultuur te bewaar. Aan die begin het besoekers nie 'n ander keuse gehad as om direkte kontak met die Amish te hê nie, maar vandag se opgevoerde toeriste aantreklikehede, georganiseerde toere en ander kommersiële toerisme fasiliteite oorheers die toerisme landskap. Dit help om die toeriste van die Amish te skei (Hovinen, 1982: 577). Dan is daar ook die fisiese drakrag wat bestaan uit die fisiese spasie, ekologie, natuurlike bronne en mensgemaakte fasiliteite. Hoe meer divers 'n area se toerisme basis is, hoe moeiliker is dit om die drakrag te definieer (Hovinen, 1982: 578). Die moontlike afname van toerisme in Lancaster County word nie net deur die fisiese en psigologiese drakrag beïnvloed nie, maar deur drie ander faktore ook. Eerstens is die effektiewe beplanning om probleme wat ongelukkigheid kan veroorsaak te verlig. Tweedens is Lancaster County se goeie ligging en derdens die diversifikasie van die toerisme basis (Hovinen, 1982: 579). Baie toeriste besoek aanvanklik die area om die Amish kultuur te beleef, maar hulle kom weer terug omdat die ander bestemmings in die omgewing hulle trek (Hovinen, 1982: 580). Gedurende die finale fase kan die fase weer van vooraf begin of permanente agteruitgang kan plaasvind (Tooman, 1997: 218).

Gedurende 1995 was Lancaster County se toerisme industrie in 'n krisis gedompel omrede van die stagnasie en afname wat plaasgevind het tesame met nuwe ontwikkelings in toerisme. Eie strategieë is aangewend om vas te stel wat met die

groeikoers gebeur het (Hovinen, 2002: 212). Gedurende die 1980s en 1990s het toerisme in Lancaster County 'n groot transformasie ondergaan. Voor die 1980s het toerisme meestal uit familie-georiënteerde besighede bestaan. Die transformasie het nuwe uitdagings, kontroversies en geleenthede na vore gebring en het die industrie meer kompleks gemaak. Daarom voel sommige mense dat stagnasie en afname beleef word terwyl ander dit as nuwe geleentheid en groei ervaar. Hierdie is 'n kenmerk van 'n volwasse industrie. Voor 1980 was toerisme hoofsaaklik gebaseer op die Amish en ander kulturele besienswaardighede sowel as die natuurlike landskap wat toeriste gelok het. Gedurende hierdie periode was dit meestal families met kinders wat hier besoek afgelê het. Baie plaaslike besienswaardighede, hotelle, restuarante en ander besighede het voordeel getrek uit die hoë besoekersgetalle van die 1950s tot die 1970s. Gedurende die ontwikkelingsfase van 1960 tot 1975 het bellegers van elders ook begin deelneem, veral in die akkommodasie sektor. Gedurende die vroeë stadiums was daar 'n tendens waar besighede saam gegroei het of saam gefaal het. Soos die aantal oornagtoeriste gedurende die 1980s en 1990s stadig gegroei het was daar 'n groot uitbreiding as gevolg van buite beleggings. Van 1987 tot 1999 het die aantal beskikbare kamers vir besoekers gestyg van 4122 tot 5744. Baie van hierdie was bekende kettinggroepe soos Holiday Inn, Hilton, Best Western en Comfort Inn. 'n Groot restaurant kettinggroep- uitbreiding het ook in die 1990s in die middel van die toerisme distrik plaasgevind. Plaaslike besighede wat in die vroeë stadiums uitgeblink het het swaargekry in die mededingende kommersiële omstandighede. Diverse bestemmings het ook meer mededingend in die 1980s en 1990s geword. Baie fabriekswinkels het in die toerisme distrik ontwikkel wat die standaardisering van die landskap aangedui het. 'n Nuwe tendens, om antieke ware te koop, het ook in die 1990s ontstaan (Hovinen, 2002: 216).

Kraybill en Nolt (1995) noem drie redes vir die Amish se beweging na toerisme. Eerstens is dit as gevolg van die druk oor die kwynde beskikbaarheid van grond in Lancaster County; tweedens die groei van toeriste verkeer; en derdens die ontwikkeling van klein besighede as 'n aanvullende inkomste vir pensioentrekkers. 'n Teenstrydigheid het in die Amish gemeenskappe ontstaan waar families direk besigheid met toeriste gedoen het. Terwyl die meeste mense in hoofstroom

Amerika 'n positiewe beeld van die Amish samelewing het, het baie Amish nou weer 'n negatiewe beeld van die ander Amerikaners. Hulle assosieer hoofstroom Amerikaners met geldgierigheid, verkwisiting en verval. Deur hul kultuur vir toerisme te kommodifiseer gee die Amish vir die hoofstroom samelewing wat hulle wil hê, terwyl hulle self nader aan die algemene “maatskaplike foute” beweeg. Volgens Turco (2000) kan toerisme die Amish help om hulle tradisionele bestaan te bewaar.

Volgens Russell is entrepreneurskap 'n groot faktor in die ontwikkeling van toerisme en Butler is ook een van die eerste akademici wat die rol van entrepreneurs in die ontwikkeling van 'n toeriste bestemming erken het (Russell, 2006: 115). Butler plaas egter nie genoeg klem op die rol van entrepreneurs in die verskillende fases wat hy geïdentifiseer het nie. Russell is van mening dat organiese (“organic”) entrepreneurskap voorkom met die ontdekking van 'n bestemming wat dan entrepreneurs aktiwiteite skep. Die Amish kon vroeër jare hulle unieke leefstyl deur hul landbou aktiwiteite onderhou, maar soos ekonomiese ontwikkeling klein produsente geteiken het, is die Amish gedwing om 'n ander bron van inkomste te vind. Lancaster County is die mees produktiewe nie-besproeiende landelike area in Amerika wat die Amish toegelaat het om in hulle tradisionele landbou gebaseerde leefstyl suksesvol te wees. Van die vroeë 1980s af het daar egter 'n skuif plaasgevind van landbou na industrialisasie soos die gebied ook van landelik na voorstedelik verander het. Grondpryse wat die hoogte in geskiet het as gevolg van buitensporige aanbiedinge van ontwikkelaars asook handelsentrums wat massa toerisme ondersteun het, het die Amish van die plase af en in industrieë ingedwing wat eens as onbruikbaar beskou is (Harasta, 2014: 25). Gedurende die 1990s het Amish gemeenskappe in Lancaster County 7855 hektaar grond aan residensiële en kommersiële ontwikkeling verloor. Vir baie van hulle was die toeriste 'n aanvullende bron van inkomste. Die Besoekersburo skat dat daar elke jaar 7 miljoen toeriste Lancaster County besoek in teenstelling met die 22 000 Amish wat die eintlike aantrekkingskrag is.

Donald Kraybill beskryf die Amish se gesindheid teenoor die industrie as 'n “love-hate affair with the industry”. Hy onderskei ook tussen twee tipes ondernemings,

naamlik dié wat deur die Amish self bestuur word en dié wat deur buitestaanders bedryf word en die Amish handelsmerk genereer (Jones, 2005). Met die verhoogde ontwikkeling is nie-Amish besighede nie positief oor die toekoms van klein besighede nie. "The problem is there's too many places now. There used to be a few restaurants, some shops, and a hotel here and there. Now there's ten of everything, and the smaller places just can't keep up." (Harasta, 2014: 34). Baie van die kleiner besighede maak staat op die maande waneer daar baie toeriste is en as daardie maande sleg is, is hulle hele jaar sleg (Harasta, 2014: 35).

In die 1980s het die Amish en toeriste die toerisme industrie omseil en 'n nuwe vorm van interaksie ontwikkel deur die oprigting van padstalletjies. Kuns en tuisgemaakte produkte wat deur die Amish verkoop is, was orals langs die hoofpaaie by hierdie stalletjies beskikbaar. Op hierdie manier kon toeriste interaksie met die Amish hê, maar op die Amish se terme en ook inkomste hieruit genereer (Kraybill, 2001: 290). Die entrepreneurskap onder die Amish kan in drie kategorieë verdeel word nl. tuis-gebaseerde besighede, mobiele besighede en groter winkels.

This mini revolution is the largest and most significant social change since the Amish arrived in Lancaster County in the 1700s. In the long run, the rise of business will disturb the social equality of Amish life by encouraging a three-tier society of farmers, entrepreneurs, and day labourers. Parents worry that youth, working a forty-hour week with cash in their pockets, will snub the traditional Amish values of simplicity and frugality. The new industries increase contact with the outside world, and such exchanges, over generations, will surely prompt more changes in Amish life (Harasta, 2014: 25).

Vroue entrepreneurs is die vinnigste groeiende groep van besigheidseienaars in die VSA. Van 1997 tot en met 2002 het die aantal besighede wat in die Amish gemeenskap deur vroue besit is met 12% gestyg, en 27.4% van hierdie besighede word tans deur vroue besit (Graybill, 2009: 121). Graybill (2009: 242) beklemtoon dat Amishvroue se entrepreneurskap nie 'n uitgemaakte saak was nie. Tradisioneel

is hulle veronderstel om by die huis te wees en na die huishoudelike take om te sien terwyl die man die broodwinner is. Volgens Graybill (2009: 258) verander die houding teenoor die rolle van Amishvroue soos hulle in hierdie nuwe rol inbeweeg. Hierdie vroue het eers besighede begin omdat hulle finansieël nie 'n ander keuse gehad het nie en so het ander vroue in hulle voetspore gevolg. Die Amish is welbekend vir hulle fyn kwiltwerk, wat in 'n unieke kunsvorm ontwikkel het. Dit was grootliks te danke aan hulle isolasie van die hoofstroom samelewing af. Hierdie isolasie is nie meer so prominent nie en dit het groot veranderinge meegebring (Boynton, 1986: 452). Dit was altyd 'n familie georiënteerde aktiwiteit met vroue en dogters in 'n familie wat saamgewerk het. Vandag is die meeste mans ook al hoe meer daarby betrokke (Boynton, 1986: 463).

Dus, een van die belangrikste veranderinge onder die Amish is die ontwikkeling van hulle eie besighede wat nie landbou georiënteerd is nie. Amish besighede was altyd beperk tot dienste wat eksklusief deur die Amish benodig word. Die meeste Amish besighede, of dit toerisme georiënteerd is of nie, is in die Amish huise gevestig. Hulle het nie somer meer as tien werknemers nie (Kreps *et al.*, 1997: 362). Soos toerisme in Lancaster County ontwikkel het, het grootskaalse ("grand-scale") entrepreneurskap ook ontstaan. Die aksie van entrepreneurs was beplan en doelgerig, en ontwikkelingskemas het daaruit voortgevloei.

Xie en Lane se lewensiklus model vir kuns en kulturele optredes kan ook op die Amish toegepas word. Aan die begin van die ontwikkeling van die toerismebedryf was outentisiteit in Lancaster County in 'n oorspronklike fase ("primordial state") met min eksterne invloed (Xie & Lane, 2006: 548). Die kontak wat besoekers met die Amish gehad het, was direk en eg. Tot en met die 1930s het toeriste slegs die Amish vanuit hulle motors aanskou wanneer hulle deur die spesifieke gebiede gery het. Hierdie was egter 'n baie oppervlakkige manier om die Amish te beleef. "The Amish Farm and House" het dit tot 'n volgende vlak gevoer deur toeriste toe te laat om 'n egte Amish huis van binne te verken. Elke volgende stap in die bedryf is bedoel om outentisiteit te weerspieel, maar tog was dit ter wille van die toeriste (Walbert, 2002: 92). Soos die toerismebedryf egter gegroei het en die potensiaal raakgesien is, het die Amish aktief begin bemark en fasiliteite is daargestel.

Gedurende hierdie toenemende betrokkenheidsfase ("increasing involvement") kom die konsep van kommodifikasie na vore (Xie & Lane, 2006: 550). Soos die Amish agtergekom het dat hulle kultuur 'n ekonomiese waarde het, is sekere dele van die kultuur aangepas om by die toeriste te pas (Xie & Lane, 2006: 561). Toerisme het die interaksie tussen die Amish en buitestaanders verhoog. Die impak hiervan is duidelik in die verhoging van die navraag na kwilte en die feit dat dit ook die Amish se kwiltpatrone beïnvloed het. Dit het veroorsaak dat daar vandag 'n onderskeid is tussen die kwilte wat vir die toeriste gemaak word en dié wat hulle vir hul eie gebruik vervaardig (Boynton, 1986: 451). Slegs 10% van die Amish kwilte wat vervaardig word, is vir eie gebruik, die res word vir die toeristemark gemaak. Hierdie 90% word ook nie volgens die tradisionele patrone gemaak nie, maar deur patrone wat van boeke of spesifieke bestellings verkry is. Die kwilte word meestal uit gedrukte katoen en kunsvesel gemaak. Die hand kwiltwerk op hierdie kwilte is ook eerder funksioneel as dekoratief en alhoewel dit steeds baie goeie kwaliteit is, is die kwaliteit nie soos dié wat die Amish vir eie gebruik maak nie (Boynton, 1986: 460).

Daar is min in die Amish landskap wat toeriste aanmoedig om aktiewe deelnemers te wees. Die siening van die toeris as 'n passiewe verbruiker word versterk deur pamflette, museums, toere, films, lesings en demonstrasies. Geskenkwinkels bied 'n verskeidenheid van produkte wat die Amish verteenwoordig.

Advertise Amish County as a curious and scarce commodity 'well worth seeing'. And then in the name of education, convenience, and moral responsibility, develop staged substitutions for actual activities. It is to the tourist industry's economic advantage to reinforce the tourist helplessness, righteousness, and separation from the indigenous community and to turn his attention to the staged offerings and other services (Buck, 1978: 229).

Die Amish, hulle plase en winkels bied wel 'n egte agtergrond vir die toeriste (Buck, 1978: 230).

Sommige van die Amish neem aktief aan toeriste aktiwiteite deel deur toeriste geleentheid te gee om 'n Amishgesin tuis te besoek en en saam met hulle te eet. In sommige gevalle kan hulle ook oorslaap. Sulke aktiwiteite is daarop gemik om die besoekers 'n gevoel van die Amish leefstyl te gee. "Outentisiteit" word hier hoog aangeslaan en daarom is regte Amish betrokkenheid 'n vereiste. Ander besighede voorsien spesifiek vir die toerisme mark ten opsigte van padstalletjies wat tuisgemaakte produkte verkoop, kwiltbesighede en perdekarritte.

Trollinger skryf verder dat daar maklik tot die gevolgtrekking gekom kan word dat 'n besoek aan die Amish nie eg is nie. Besoekers ontmoet nie die Amish self nie, maar eerder Amish kultuur en bedrywighede. Sommige van die toeriste aantreklikhede gee waardevolle inligting oor die Amish soos waar hulle vandaan kom en wie hulle is, maar nie almal doen dit nie. Hulle fokus net daarop om aan die toeris 'n aandenking te verkoop. "A visit to an Amish tourist area does not offer visitors an authentic encounter with the Amish" (Trollinger, 2012: xvi). Dit beteken egter nie dat daar nie iets waardevols gebeur wanneer hulle die Amish besoek nie. Inteendeel, "what transpires among tourists and the Amish is important." (Trollinger, 2012: xvii). Dit is omdat Amish toerisme uit 'n stelsel van verteenwoordiging bestaan wat die denkpatrone van Amerikaners ten opsigte van die Amish vorm. Dit beïnvloed ook die manier hoe toeriste hulleself, hul verlede, die hede en die toekoms sien (Trollinger, 2012: xvii).

'n Volgende fase van Xie en Lane se lewensiklus model nl. situasie aanpassing ("situational adaptation"), het 'n groeiende kommodifikasie veroorsaak sodat 'n "nuwe kultuur" ontstaan het. Besoekers word blootgestel aan 'n opgevoerde uitbeelding en die ervaring is nie eg nie (Xie & Lane, 2006: 552). Volgens Thomas Meyers wat navorsing oor outentisiteit en Amish toerisme gedoen het, stel toeriste nie belang daarin om 'n egte ervaring te beleef nie. Na onderhoude met meer as 700 toeriste, stel die groot meerderheid nie belang in 'n egte ervaring met die Amish nie.

They do not want to talk to the Amish. They have no desire to get to know Amish people. They are not even especially interested in learning about the Amish. Instead, they just want to shop (Trollinger, 2012: 34).

Meyers glo dat die meeste van die besoekers nie primêr na die Amish gemeenskap reis om meer oor hulle te leer nie, maar dat hulle eerder verbruikers is. Die Amish voorsien nie net goedere aan toeriste nie, maar selfs hul kultuur is 'n kommoditeit. "When tourists cross the imaginary line into the Amish world they enter a 'living museum' ". Wanneer toeriste iets koop wat deur die Amish vervaardig is glo hulle dat dit wat hulle gekoop het beter is omrede van die die Amish etiket wat daaraan verbonde is. Meyers (2003: 110) stel dit so: "The tourist is not only purchasing a product but is also purchasing the Amish ambience". Trollinger aanvaar nie heeltemal die stelling van Meyers nie en sê dat verskeie navorsing aandui dat die Amish instrumenteel is in die sukses van Amish toerisme. In Meyers se navorsing wat hy versamel het sê hy tog dat "the search for the authentic was part of their reason for coming", maar hy sê ook dat dit oneindig meer kompleks is om te veralgemeen oor toeriste se soeke is na 'n egte ervaring (Meyers, 2003: 115).

In meeste van die literatuur oor toerisme wat op die Amish fokus word die kenmerkende toeris as volg beskryf: 'n persoon wat op soek is na 'n egte ervaring, 'n intieme ontmoeting met die verteenwoordigers van 'n sekere groep mense. Soos genoem in die inleiding is Dean MacCannell se beskrywing van 'n toeris se soeke na outentisiteit dat "they seek out particular types of strangers and want to know more about them." Buck beskryf die toerismebdryf in Lancaster County as 'n "remarkable illustration of MacCannell's thesis" (Meyers, 2003: 110). Volgens Dean MacCannell is die aantrekkingskrag van 'n bestemming dat dit outentisiteit belowe (Trollinger, 2012: 35). Hy sê ook wel dat dit nie altyd is wat toeriste beleef nie. Toerisme op sy eie is 'n vorm van bemiddeling. Wanneer MacCannell se teorie op Amish toerisme toegepas word, is dit duidelik dat die aantrekkingskrag die Amish is. Die Amish word as 'n premoderne samelewing gesien, dus eksoties, en hulle is fassinerend omdat dit voorkom of hulle 'n egte lewe leef. Amish toerisme gee vir besoekers 'n blik op die premoderne leefstyl, maar voorsien dit nie aan toeriste nie. Dit is slegs 'n bemiddelde ervaring (Trollinger, 2012: 36). Trollinger (2012: 37)

raak ook aan Buck se navorsing wat reeds voorheen genoem het dat die nie-egte ervaring 'n goeie ding vir die Amish is.

Kraybill (2001) beskryf toerisme as 'n sosiale drama met beide 'n verhoog (“front-stage”) en agter die verhoog (“backstage”) dimensies. Kommersiële toeriste aantreklighede voorsien 'n verhoog-uitbeelding van die Amish wat 'n persoonlike ontmoeting stimuleer deur toere na opgeknapte Amishplase aan te bied. Begeleide toere is 'n geleentheid om 'n agter-die-verhoog ervaring te beleef. Toeriste areas speel 'n belangrike rol in die bemiddeling van die konflik van belange tussen toeriste en die plaaslike inwoners waaronder spesifiek die Amish.

Tour organizations provide a buffer zone that protects the Amish from tourists. Tour guides and simulated attractions occupy the tourists' time and keep them a respectable distance from the Amish. Several million tourists roaming at will through the countryside would utterly disrupt Amish life. Tourist sites and guides provide structured restraints that permit Amish life to continue backstage in a normal fashion despite the presence of 4 million visitors (Kraybill, 2001: 289).

Toeriste aantreklighede het egter twee nadele. Eerstens kom toeriste agter dat die uitbeelding van die Amish nie eg is nie, maar eerder 'n “optrede”. Die agter-die-skerm (“backstage”) raaisel is steeds in hulle gedagtes. Tweedens word hierdie aantreklighede deur buitestaanders beheer en dit bring dus werksgeleenthede en inkomste vir buitestaanders en nie die Amish nie. Hierdie situasie is egter besig om te verander (Kraybill, 2001: 290).

Tydens 'n latere fase van Xie en Lane, bestuur (“management”) kan drie veranderinge plaasvind naamlik modernisasie, bewaring of afname. In die Amish se geval is bewaring van toepassing. Verskeie akademië, waaronder ook Kraybill, stem hiermee saam. Is toerisme 'n gevaar vir die Amish lewenstyl? Ten spyte van bedreigings hier en daar en 'n paar migrasies toon bewyse die teendeel. Die Amish gemeenskap in Lancaster County het gebly en gegroei ten spyte van toerisme. “Tourism may inadvertently energize Amish life in several ways.” (Kraybill, 2001:

293). Amish toerisme bestaan uit 'n hele aantal gemengde motiverings, verpakking, opgevoerde gebeurtenisse en bemarkingstrategieë. Sommige toeriste het 'n hunkering na 'n egte ervaring. Hulle wil eerstehands 'n gemeenskap ervaar wat hoë waarde plaas op 'n gedeelde gemeenskap wat bedryf word deur hoë morele oortuigings (Meyers, 2003: 124). Ander is weer bewus dat dit byna onmoontlik is om hierdie gemeenskap as 'n buitestaander binne te dring en is tevrede met 'n opgevoerde aanbieding van die Amish. Dan is daar ook die toeriste wat geen behoefte aan outentisiteit het nie terwyl sommige toeriste na 'n besoek aan die Amish wegkom met 'n morele meerderwaardigheid. Die ervaring wat hulle hier beleef het, het die waarde en instellings van hulle eie samelewing versterk. Vir die meerderheid van toeriste is die fundamentele doel van toerisme egter ontspanning (Meyers, 2003: 125).

Hostetler (1993: 317) vra watter invloed toerisme op die Amish sal hê? 'n Aanvanklike reaksie sal wees dat "tourism will eventually engulf, swamp, and destroy the Amish community, unless the members move elsewhere." Studies wys egter dat indien daar grense tussen die Amish en toeriste-bestemmings gehou word, beide dit kan oorleef en voordeel daaruit kan trek. Trollinger stem nie saam nie en sê dat Hostetler 'n donker prentjie ("dark view") oor toerisme in die Amish skilder. "Amish Country tourism provides only an illusion of authenticity, and the fact that the tourist nonetheless enjoys it, only speaks to the rather low character of the tourist (Trollinger, 2012: 37).

Volgens Buck en Alleman (1979: 19) kon hulle nie bewys dat toerisme die lewenspatroon van die Amish ontwrig het nie. Alhoewel daar probleme as gevolg van toerisme voorkom, bv. die hoë volumes van verkeer, kan dit volgens hulle toegeskryf word aan Lancaster County self en dan natuurlik ook die toeriste. Die verkeer is gewoonlik net meer by die hoof deurgange en paaie. Toerisme het ook baie oor die jare verander. In die begin het besoekers nie 'n ander keuse gehad as om direkte kontak met die Amish te hê nie. Vandag word die mark oorheers deur opgevoerde toeriste-bestemmings, georganiseerde toere en ander kommersiële toeriste aktiwiteite. Hierdie het ook die beeld van die toeris verander na dié van 'n "passiewe verbruiker", en hulle streef nie meer 'n aktiewe waarneming of

interaksie na nie. Uit die Amish se oogpunt is hierdie 'n wen-wen situasie. Alhoewel die Amish inwoners en toeriste bewus van mekaar is kan hulle 'n naasbestaan onder mekaar handhaaf. Beide Buck en Alleman erken dat hierdie bevindings van hulle die argument van toeriste wat na die “egte” streef afskeep. Hulle skryf dit toe daaraan dat outentisiteit 'n te groot prys is om vir kulturele erosie en ondergang te betaal.

Die Amish sien die verskeie nadele van toerisme, maar tog trek hulle ook voordeel daaruit. Hoe meer toeriste, hoe meer geld vloei na die ekonomie en dit bevoordeel Amish besighede sowel as besighede buite die Amish gemeenskap wat hulle produkte verkoop. Die Amish erken dat die “goed” saam met die “sleg” kom en in die analyses deur verskeie akademië is daar soos reeds genoem ook beide positiewe en negatiewe reaksie.

Op die oog af lyk dit of die Amish teen toerisme in hulle gemeenskappe is. In die meer konserwatiewe areas is dit dalk die geval, maar in die groter gemeenskappe deel die Amish aktief in toerisme en trek hulle dan ook ekonomiese voordeel daaruit. Die Amish se opinie oor toerisme sal ook verskil van die individu se beroep of onderneming. 'n Boer sal minder tegemoetkomend wees teenoor toerisme as iemand wat voordeel daaruit trek. Daar word gesê dat die: “Amish have adapted to attention from the tourist industry as they have adapted to numerous other challenges and changes” (What do Amish think about Tourism, n.d.).

Buck se studie van 1978 stel voor dat 'n goed georganiseerde toerismebedryf die Amish se idee van 'n unieke gemeenskap kan versterk.

It is tentatively suggested that while Amishmen feel the pressure of tourism presence, there appear to be a few indications of cultural erosion or personal distress traceable to it. Indeed, one may conjecture that the tourist enterprise strengthens the Amish sense of identity by keeping them alert and ever mindful of the leisure lust in their midst. In the tourist, Amishmen have a ready model for all that being Amish negates (Kreps *et al.*, 1997: 360).

Verkeeropnames tussen 1992 en 1995 het aangedui dat daar elke jaar 'n verhoging van 13% in voertuigverkeer plaasgevind het. Dit het veroorsaak dat sommige Amish inwoners van Donderdae tot Saterdag, die dae wanneer die meeste verkeer voorkom nie dorp toe gaan vir inkopies nie (Kreps *et al.*, 1997: 360). Daar is ook dan te veel mense in die dorp en hulle is nie gemaklik daarmee nie. Ander Amish inwoners weer gaan doen hulle inkopies baie vroeg, en die winkels maak vroeër oop om hulle te akkommodeer. Hulle word ook aangeraai om nie met hulle perdekarre in te gaan dorp toe nie, omdat dit gevaarlik kan raak met die verkeer en ook die toeriste se aandag sal trek (Kreps *et al.*, 1997: 361).

Verhoogde pryse vir grond en eiendom in die gebied is die gevolg van twee faktore. Ten eerste, is dit omrede van die toerisme besighede wat langs die hoofroetes en paaie geleë is en tweedens oor die verhoogde vraag na eiendom. Ontwikkelaars kompteer met die Amish en toerisme besighede om grond vir residensiële doeleindes te koop. Hierdie verhoging het 'n negatiewe impak op die Amish se voorkeur vir landbou as hulle belangrikste bedryf. As gevolg van 'n diversifikasie in die ekonomiese basis is daar 'n afname in die aantal mense wat boer. Die Amish verkies steeds dat die man gedurende die dag teenwoordig is as leier van die familie en rolmodel vir hulle kinders. Om oor te skakel na ander besighede betaal gewoonlik beter, het korter werksure en meer voordele. Hierdie veranderinge beteken dat die Amish meer tyd het, meer geld het om te bestee en minder afhanklik van die gemeenskap raak (Kreps *et al.*, 1997: 361).

Volgens Kreps *et al.* (1997: 364) sou die Amish verkies dat die toeriste heeltemal weggaan, maar hulle besef dat toeriste 'n realiteit is wat hulle nie kan ignoreer nie.

Trollinger (2012: xiv) beskryf 'n gesprek wat sy met die Amish gehad het. Sy het verwag dat hulle frustrasies gaan opper oor toerisme, maar sy sê:

I was surprised to hear these Amish men talk about the important opportunity tourism provides for sharing their Christian witness through their visibly different common life and daily practices.

Harasta (2014: 39) beaam hierdie siening en sê: “By adapting and accepting the tourism boom of the past few decades, many Amish are not only surviving the challenges to their lifestyle but also flourishing by strategically mananaging them”. Om saam te vat, toerisme kan beskryf word as 'n tweesnydende swaard (“double-edged sword”), (What do Amish think about Tourism, n.d.).

Hoofstuk 5:

'n Geskiedenis en analise van die toerismebedryf in Orania

Hierdie hoofstuk kyk eerstens na die ontwikkeling van die toerismebedryf in Orania gevolg deur 'n volledige analise.

Die ontstaan en ontwikkeling van die Orania toerismebedryf

Die toerismebedryf in Orania het nie dieselfde lang geskiedenis as dié van die Amish nie. Sedert die ontstaan van Orania in die 1990s het die dorp heelwat media dekking sowel as besoekers van oraloor ontvang wat self wou sien waaroor Orania regtig gaan. Volgens Quintin Diederichs van Orania Toere is toerisme die industrie wat die vinnigste in Orania gegroei het (Diederichs, 2010). John Strydom, Voorsitter van Orania se Toerismeraad, beaam dat toerisme, saam met landbou, een van Orania se huidige ekonomiese pilare is (Mielies plant, n.d.).

'n Paar jaar gelede het 'n Toerismeraad onder leiding van Andreas du Plessis tot stand gekom wat toerisme op alle vlakke probeer bevorder het. Daar is groot moeite gedoen met die bekendstelling van Orania aan toeriste. Fasiliteite is besoek en opgegradeer (Steyn, 2010).

Die volgende potensiaal in terme van Orania se toerisme is geïdentifiseer met die oog op wat toeriste moontlik sou wou hê:

1. Belangstelling in die Afrikanerkultuur wat op Orania uitgeleef word.
2. Die Oranjerivier bied verskeie geleenthede vir toerisme.
3. Daar is fasiliteite vir hengel entoesiaste.
4. Rondom Orania is besienswaardighede wat benut kan word.
5. Die Bo-Karoo het unieke fauna en flora.
6. Orania is 'n veilige omgewing waar toeriste kan ontspan.
7. Wildsplase in die omgewing kan by toerisme betrek word.
8. Daar is 'n landingstrook vir ligte vliegtuie wat verder ontwikkel kan word.

9. Orania is 'n unieke gemeenskap.
10. Orania is 'n belangrike produsent van pekanneute.
(Sake-geleentheid op Orania, n.d.)

Die eerste amptelike toerisme agentskap in Orania, Orania Toere, is in 2009 gestig. Die agentskap het ontstaan nadat Quintin Diederichs gesien het dat daar 'n groeiende belangstelling in Orania is. Diederichs was reeds aan die bestuur van Golf 2 Africa, 'n internasionale gholftoer operateur. Volgens Diederichs het hulle besluit op Orania "omrede ons 'n bydrae wil lewer om Afrikaner selfbeskikking ekonomies haalbaar te maak en sodoende te help bou aan 'n onafhanklike republiek vir die Afrikaner." (Diederichs, 2010). Gedurende Diederichs se eerste besoek aan Orania in 2008 was hy "verstom oor wat hy gesien het." As gevolg van sy ervaring in die toerisme industrie het hy al regoor die wêreld getoer, maar sê dat hy in Orania 'n ongekende vriendelikheid, skoonheid en doelgerigtheid ervaar het (Wie is ons, n.d.). Orania Toere en 'n ander toer operateur, Aan die Oewer Vakansieoord, het op 1 Oktober 2010 saamgesmelt. Die nuut gestigte Orania Toere funksioneer nou as die interne toeroperateur van die hele oord (Diederichs, 2010).

Wat besienswaardighede betref bied Orania museums, monumente, 'n heldekoppie, argeologie, argitektuur en 'n unieke kultuur aan besoekers. Die twee museums is die kultuurhistoriese museum en die Verwoerd Gedenkversameling. Orania se kultuurhistoriese museum is aan die Afrikanerkultuur gewy, veral die kultuur tydens die Boere-oorloë. Dit huisves 'n groot geweeversameling, een van die waardevolste versameling van historiese vuurwapens. Die versameling van bekende wapenversamelaar, prof. Felix Lategan, is in 1994 saam met die museum se opening bekendgestel. Die versameling bestaan uit belangrike geskiedkundige items en gee ook die geskiedkundige ontwikkeling van die Boer se roer (geweer). Africana-items wat deel was van die Afrikaner leefstyl gedurende die Groot Trek (1836) tot en met die Rebelle (1914) is ook op uitstalling. Die ontwikkeling van die roer begin met 'n vuursteen-pangeweer (1750) tot en met grendelstotmagasyn gewere wat tydens die Rebelle gebruik is. Loodkoeëls, kruithorings en koeëlvorms vir bolronde koeëls word ook uitgestal (Anoniem, 1994: 3).

Daar is 'n replika van 'n Britse konsentrasiekamp wat die 26 000 vroue en kinders wat tydens die Anglo Boere-oorlog (huidge naam "The South African War") in die kampe gesterf het onder die aandag van die besoekers bring. In die museum is daar ook 'n lokaal met die borsbeelde van al die presidente gedurende die apartheidsera. Die enigste blanke borsbeeld wat nie hier uitgestal is nie is dié van F.W. de Klerk wat 'n groot rol oorgang van apartheid na demokrasie gehad het (Kirchick, 2008: 85).

Die Vierkleur wat Jopie Fourie by hom in sy dodesel gehad het die aand voor sy teregstelling, is ook in die museum uitgestal (Gunning, 1997: 7). Jopie Fourie word as 'n tradisionele Boere-held gesien. (Jopie (Josef Johannes) Fourie, n.d.) Die museum probeer daadwerklik om Afrikaner-items wat by ander museums oorbodig is of nie meer uitgestal word nie, in die hande te kry (Gunning, 1997: 7). Besoeke na die museum is slegs per afspraak (Kirchick, 2008: 85).

Die Verwoerd Gedenkversameling is op 6 September 1996 in die Kultuurhistoriese Museum van Orania geopen (Anoniem, 1997: 4). Na Betsie Verwoerd se dood in 2000 is die versameling egter na haar huis in Amettisstraat in Orania verskuif (Montgomery, 2000: 3). Hierdie woning is nou in 'n huismuseum omskep. Dr Hendrik Verwoerd was die Eerste Minister van Suid-Afrika vanaf 1958 en is as die argitek van apartheid beskryf en uitgebeeld. Verwoerd se politieke loopbaan het in 1946 begin toe hy ondervoorsitter van die Nasionale Party in Transvaal geword het. Volgens hom was dit sy taak om te sorg dat blank en swart afsonderlik ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het geskied ten opsigte van politiek, godsdiens, sosiale verkeer en die ekonomie. 'n Besoeker aan die museum word egter ingelig dat Verwoerd nie die argitek van apartheid was nie en dat apartheid sy oorsprong in Britse kolonialisme gehad het. In Januarie 1960 het Verwoerd in die parlement aangekondig dat die totstandkoming van 'n republiek in die vooruitsig gestel word. Op 31 Mei 1961 het die Unie van Suid-Afrika die Republiek van Suid-Afrika geword. Daar is later twee aanslae op Verwoerd se lewe gemaak. Op 9 April 1961 is hy twee keer deur David Pratt in die gesig geskiet net na sy opening van die die Randse Paasskou. Hierdie aanslag was nie suksesvol nie, maar in 1966 het Dimitrios

Tsafendas Verwoerd in die saal van die Volksraad doodgesteek (Coetzer, 1991: 274).

Hendrik Verwoerd is op 7 Januarie 1927 met Betsie Schoombie getroud (Hendrik Frensch Verwoerd, n.d.). In 1992 het Betsie Verwoerd besluit om na Orania te verhuis. Sy het die idee van 'n volkstaat ten volle ondersteun en het dit ook in haar openbare optredes onderskryf (Boshoff, 1993: 419). Dit was ook in Orania waar die geskiedkundige ontmoeting tussen haar en Nelson Mandela plaasgevind het. Hierdie ontmoeting het gekom nadat Mandela 'n versoeningsete vir die weduwees van voormalige premiers, staatspresidente en veteraan-leiers gereël het. Die 94-jarige Betsie Verwoerd het nie meer uitnodigings aanvaar nie en Mandela het besluit om haar in Orania te gaan besoek (Nieman, 1995: 1). Vir Dana Snyman, 'n bekende Suid-Afrikaanse reisskrywer en joernalis, het die nuwe Suid-Afrika eers regtig begin die dag toe Nelson Mandela vir Betsie Verwoerd gaan kuier het. Die besoek het op 15 Augustus 1995 in die gemeenskapsaal plaasgevind, maar was privaat.

Alhoewel Madiba en Tannie Betsie se kuier privaat was, het Wilma Vernon darem vir die media kom vertel wat aan die gebeur was. "Die President het al vir 'n tweede sarsie koeksisters gevra. En hy drink koffie. Na die koffie en koeksisters het Madiba en Tannie Betsie ingehaak op die stoep kom staan. Elkeen het die geleentheid gekry om iets te sê. 'Ek is hier net so goed ontvang soos ek altyd in Soweto ontvang word', het Madiba onder meer gesê. Tannie Betsie het van 'n velletjie papier begin lees, 'Baie dankie, meneer die President, dat ...' Toe begin die papier in haar hande bewe. Madiba het die papier sorgsaam by haar geneem en die sin voltooi '...u Orania besoek het.'" (Snyman, 2008: 4).

Die gedeelte van die huis waarin Betsie Verwoerd gebly het, is onveranderd gelaat, maar verbouings is aan die res van die huis gedoen om die museum te huisves (Montgomery, 2000: 3). Van die artikels wat in die versameling besigtig kan word, is die pak klere wat Verwoerd gedra het toe hy vermoor is (Gunning, 1997: 7). Die stoel waarop Verwoerd gesit het toe hy deur David Pratt geskiet is, is ook in die museum te sien. Die bloedvlekke is nog duidelik sigbaar (Adkins, 2004: 1). Boeke,

klere, skilderye en ander artikels wat aan die Verwoerds verwant is, is ook te sien (Gunning, 1997: 7). Daar is verskeie borsbeelde en standbeelde in die versameling. Die granietborsbeeld wat voor die H.F. Verwoerd Hospitaal (vandag Steve Biko Hospitaal) gestaan het, is in 2006 na Orania geskuif as deel van die Erfenis-stigting by die Voortrekker monument se poging om die Afrikaner geskiedenis te bewaar (Koekemoer, 2006: 14). Verkiesingsplakkate, foto's, Verwoerd se visstok en van sy boeke word ook in die museum uitgestal (Coetzee, 1998: 3). Die museum kan ook slegs per afspraak besoek word. Hierdie museum verteenwoordig die kern van apartheid en is om hierdie rede uniek, ook as 'n toeristebesienswaardigheid.

Wat monumente betref het Orania twee wat van belang is. 'n Koeksister monument in Orania herdenk die rol wat die koeksister in die Afrikaners se kultuur gespeel het. Volgens Carel Boshoff was dit hoog tyd dat die koeksister vereer word. "Dit is 'n kernbron van inkomste in die burgerlike samelewing." (van der Merwe, 2003: 3). Die koeksister het as 'n southappie in Indonesië ontstaan en die Afrikaner-vroue het dit toe as 'n soethappie by die Kaapse slawe geërf (van Wyk, 2003: 12). Die projek is aangepak deur Orania se Kaalvoet-Organisasie, onder leiding van Lida Strydom. Die organisasie se nege lede het selfs lesse gekry by Anna Boshoff, dogter van Hendrik Verwoerd (Beangstrom, 2003: 6), oor hoe om koeksisters te maak. Lida Strydom en Marina du Plessis is Kaap toe om die beeldhouer, Jan-Otto du Plessis, by te staan in die maak van die koeksister. Drie-dimensionele ontwerpe is gebruik om die koeksister so eg as moontlik te laat lyk (van der Merwe, 2003: 3). Die twee meter veselglas monument is op 20 September 2003 onthul en is naby die dorp se swembad geleë (Coetzee, 2003: 8). Orania se gemeenskaplike swembad is 'n trekpleister vir die inwoners en daar word beplan om dit vir die toeriste op te gradeer. Weereens die meerderheid hiervan is 'n toeriste besienswaardigheid.

'n Monument wat opgerig is ter herdenking aan die Iere wat tydens die Anglo Boere-oorlog aan die Boere se kant geveg het, staan op 'n koppie in Orania. Die Ierse monument is in 1975 deur Betsie Verwoerd in Brixton (Johannesburg) onthul (Orania Beweging Nuusbrieff, 24 November 2014). Die grond waarop die monument gestaan het is aan 'n privaat ontwikkelaar verkoop, en die monument was in die pad. Die Vryheidsfront Plus het die fondse verskaf om die monument na Orania te

vervoer (Vryheidsfront Plus, 2002). Die monument is deur Jan van Wyk ontwerp wat ook die taalmonument in Paarl ontwerp het (Oosthuizen, 2002: 16). Die Iere was die grootste groep buitelanders wat aan die Boere se kant geveg het, met tussen 400 en 500 Iere wat in drie kommando's ingedeel was. In Ierland word 'n gebeurtenis herdenk deur staanstene in 'n sirkel te rangskik. Daar is dan 'n sirkelvormige grondwal wat as beskerming daar rondom dien. Die Ierse monument in Orania is volgens dieselfde idee gebou. Vir die drie Ierse kommando's is daar elk 'n staansteen en 'n vierde steen wat vryheid simboliseer (Vryheidsfront Plus, 2002). Hierdie monument het dus van belang vir internasionale toerisme in Orania.

Orania het 'n hele aantal borsbeelde en standbeelde van Afrikanerleiers. Vyf daarvan kan op Orania se Monumentkoppie besigtig word. Die borsbeelde van Paul Kruger, J.B.M. Hertzog, D.F. Malan, Hans Strijdom en H.F. Verwoerd is tydens Bittereinderdag, op 31 Mei 2007, onthul. Christiaan van Zyl wat die beeldterrein ontwerp het, het 'n spesifieke doel in gedagte daarvoor gehad. "Die beeld is in betonkolomme in 'n halfsirkel aangebring en is spesifiek so ontwerp dat nuwe beelde by die versameling gevoeg kan word (Ebersohn, 2007: 7). Die fokuspunt van die beeldterrein is egter die beeld van die "klein reusie". Dit is die "klein reusie" wat op Orania se vlag pronk en Orania se selfwerkzaamheid simboliseer (Ebersohn, 2007: 7). Elkeen van die leiers het 'n sleutelrol in die Afrikanergeskiedenis gespeel. Om hierdie rede is hulle besienswaardig en sal elk binne konteks beskryf word.

Paul Kruger was die President van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en 'n prominente politieke en sosiale figuur. Hy het ook 'n sleutelrol gespeel in die vestiging van die Kruger Nasionale Park, 'n internasionale wildreservaat in Suid-Afrika. Kruger is ook bekend as die "Vader van die Afrikanernasie" en sy toewyding aan God en die Afrikanernasie was 'n kenmerk van sy lewe. Hy is in 1883 as die president van die ZAR verkies en in 1884 het hy by 'n konvensie in Londen die ZAR se onafhanklikheid van Brittanje beding (Grundlingh, 1991: 197). Sy sleutelrol in die geskiedenis van die Afrikaner vorm deel van die unieke beeld van Orania. Dieselfde geld vir die ander standbeelde.

James Barry Munnik Hertzog was 'n voormalige Eerste Minister van Suid-Afrika. In 1904 het hy reeds aktief betrokke by die politiek geraak en is as 'n leier geïdentifiseer. Op 14 Oktober 1911 het hy 'n belangrike toespraak op 'n plaas buite die Oranje Vrystaat gelewer waar hy Suid-Afrikaanse nasionalisme buite Brittanje se beheer bepleit het. Sy party het die 1914 verkiesing gewen en Hertzog het 'n sleutelrol in die Imperiale Konferensie gespeel, wat gelei het tot die "Balfour Deklarasie". Die Deklarasie het die weg gebaan vir Suid-Afrika se politieke en diplomatieke onafhanklikheid. Hertzog het ook 'n belangrike rol gespeel in die vestiging van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (YSKOR). Onder sy leiding is Suid-Afrikaanse konvoeie in Italië, Holland en die VSA aangestel (Stadler, 1991: 261). Hy is ook as 'n sleutelfiguur onder Afrikaner nasionaliste beskou.


Daniel Francois Malan was leier van die Nasionale Party en Eerste Minister van Suid-Afrika van 1948-1953. Hy het 'n sterk Afrikaner nasionalisme voorgestaan en was een van J.B.M. Hertzog se grootste ondersteuners. In 1915 is die koerant *Die Burger* gestig waarvan hy die eerste redakteur was. Hy het dit as 'n medium gebruik vir sy intrede tot die parlement. Malan het ook 'n sleutelrol gehad in die totstandkoming van 'n nasionale vlag vir Suid-Afrika. Nadat sy party die 1948 verkiesing gewen het, het hy alles bereik wat hy wou en het in 1954 afgetree (Coetzer, 1991: 272).

Johannes G. Strijdom was ook Eerste Minister van Suid-Afrika en sekretaris van die Nasionale Party. Hy het ook bekend gestaan as die "Leeu van die Noorde" uit hoofde van sy posisie as die Transvaalse provinsiale leier. Ten spyte van sy swak gesondheid het hy steeds Eerste Minister geword. Onder sy leiding het die kleurling stemkwessie tot 'n ongelukkige einde gekom (Coetzer, 1991: 273). Net soos die ander leiers word hy gesien as iemand wat 'n betekenisvolle rol in die Afrikaner geskiedenis gespeel het.

In Orania is daar argeologiese bewyse dat die San in hierdie omgewing gewoon het. Dit kan gevind word in hul rotstekeninge op die dolerietgesteentes in Orania se koppies. Dr Manie Opperman, tans 'n inwoner van Orania, maar wat voorheen

betrokke was by die Departement Antropologie en Argeologie aan die Universiteit van Fort Hare, het aan die begin van 2014 'n boek oor Orania se rotsgravures bekendgestel getiteld "*Klippe vertel ... Orania se rotsgravures vertel 'n boeiende verhaal van mense wat deur die verloop van duisende jare hier vertoef het.*" (Orania Beweging Nuusbrief, 7 Julie 2014).

Blanke besoekers het sedert 1762 begin om op die klippe interessante soos datums en name te krap. 'n Belangrike voorbeeld hiervan is die bewyse van Stephanus Ockert Vermeulen wat die plaas Vluytjeskraal in 1882 gekoop het. Vermeulen het elke tiende jaar teruggekeer na die plaas toe en 'n datum bygevoeg om te bevestig dat hy nog steeds die plaas besoek het. Hy het daarmee volgehou tot en met sy dood op 12 April 1925. Wanneer 'n mens by die klip staan waar die datums opgeskryf staan, is die terrein van sy graf ook sigbaar (Orania Beweging, 2009).



Figuur 12: Vermeulen se rekord van die aankoop van Vluytjeskraal

Bron: Orania Beweging 2009

Aan die Oewer Vakansieoord word as Orania se eie stukkie paradys beskryf. Die oord is aan die oewer van die Oranjerivier geleë en daar is 'n verskeidenheid van aktiwiteite en akkommodasie vir toeriste. Daar is chalets met die name Die Kothuis, Huis Johanna, Die Houthuis, Knushoek en Oranjesig. Daar is ook kampering en karavaan staanplekke. Die Oewer Restaurant het in Desember 2009 oopgemaak

en vul 'n behoefte in Orania vir 'n goeie eetplek. Die restaurant het 'n mooi uitsig oor die Oranjerivier (Aan die Oewer, n.d.).

Twee nuwe byvoegings tot die geriewe is die viersterhotel en die Orania Rivierspa. Die houthotel is tussen Mei en November 2009 voltooi alhoewel die amptelike opening van die hotel eers op 24 September 2010 was. Die hotelkamers het elkeen ander eienaars en daar is 'n individuele stempel op elkeen. In pas met Orania se idee van volhoubaarheid is al die inhoud van die kamers uit Orania afkomstig of vervaardig en die hotel is geheel en al deur Afrikanerarbeid gebou. Christiaan van Zyl was weereens die argitek. Sonverhitters sorg vir warm water terwyl die dak wit geverf is sodat dit hitte kan weerkaats. (Orania Beweging, 2010). Die Orania Rivierspa is naby die hotel geleë en kliënte ervaar 'n gevoel van “welgeluksaligheid” wanneer hul die spa besoek (Orania Beweging, 2008).

Omdat die oord aan 'n rivier geleë is, kan verskeie watersport aktiwiteite beoefen word. Daar is 'n vlotvaart wat tot 20 mense op die rivier kan uitneem, asook visvang en kayakritte (Aan die Oewer, n.d.). Gedurende Desembermaand bied die oord ook 'n baie suksesvolle vakansieprogram aan. Die idee van 'n vakansieprogram is reeds in 2005 deur Frans de Klerk voorgestel en die beplanning het spoedig daarna begin (Orania Beweging, 2008).

Daar is 'n verskeidenheid van akkommodasie vir toeriste in Orania. Die akkommodasie bestaan uit gastehuse, kampeerareas en toegeruste huise en woonstelle wat verhuur word. Aan die Oewer Vakansieoord is die nuutste toevoeging tot akkommodasie in Orania met die viersterhotel. Die Herberg Oranje Gastehuis was die eerste in Orania en is begin deur mev. Desride Adendorf. Die gastehuis is tot Mei 2010 bedryf waarna dit in 'n siekeboeg en kliniek verander is. Die laaste drie jaar het hierdie fasiliteit 'n bedbesetting van 68% gehandhaaf (Steyn, 2010).

Wat die toeristebedryf betref is daar 'n diens waarby alle besoekers aan Orania 'n gratis toer deur die dorp kan neem. Dit word gereël deur twee van Orania se toergidse, Riekie de Jager en John Strydom (Orania Beweging, 2008). Hierdie

begeleide toere het so gewild geraak dat dit onlangs nodig was om nog 'n toergids, Theunie Kruger, aan te stel. 'n Verdere aanduiding van die groei van toerisme is die feit dat daar in 2013 toestemming aan die Toerismeraad verleen is om na 'n nuwe gebou te trek waar hy meer sigbaar sou wees (Orania Beweging Nuusbriëf, 17 Februarie 2014).

Analise van die toerismebedryf in Orania

Orania se ontdekkingsfase ("expoloration phase") het begin toe die dorp in 1991 amptelik geopen is. Die area was nog nie gemik op toeriste nie en die infrastruktuur moes eers vir die dorp se inwoners aangepas en verbeter word. Daar was nog geensins geriewe vir toeriste nie, met slegs beperkte en sporadiese besoeke deur 'n paar avontuurlistiges (Tooman, 1997: 217). Waar die Amish se toerismebedryf 'n gunstige ligging gehad het wat vroeë besoekers genereer het, is dit nie die geval in Orania nie. Alhoewel Orania tussen Pretoria en Kaapstad geleë is lê die dorp nie op die hoofroete nie en daarom is mense se besoeke aan Orania dan meestal beplan.

Namate mediadekking en belangstelling in Orania merkbaar geword het, het die inwoners van Orania begin om geriewe vir toeriste te skep. Volgens die Orania Beweging het hulle in 2010 'n ontploffing in besoekersgetalle gesien. Hierdie volgende fase van 2010 kan dus beskryf word as die betrokkenheidsfase ("involvement phase"). Lida Strydom, van die Orania Beweging, beskryf hierdie groei as volg:

Die afgelope Saterdag het een toergids 37 belangstellendes deur Orania geneem. Toeriste statistiek het die hoogte ingeskiet en soms is drie toergidse gelyktydig met toere besig. Daar is reeds tydens die eerste vier maande van 2010 byna 'n duisend gaste deur Orania op toer geneem. As in gedagte gehou word dat heelwat gaste nie van begeleide toere gebruik maak nie, het hier al vanjaar 'n aansienlike hoeveelheid mense in Orania kom kuier (Orania Beweging, 2010).

In 2012 het Orania Toere weer goeie groei getoon en is daar ook 'n groot toename waargeneem in buitelandse toeriste wat Orania besoek (Diederichs, 2013: 21). In die ontwikkelingsbeplanning van die dorp is ook meer voorsiening vir geriewe vir besoekers gemaak. Gastehuse, chalets, oornaggeriewe en 'n hotel het tot stand gekom (Steyn, 2010). Volgens John Strydom kan Orania tans 300 mense per nag huisves. Soos reeds voorheen genoem het hierdie ontwikkeling ook meegebring dat daar 'n nuwe inligtingskantoor ingerig moes word. Hierdie nuwe kantoor sal beide reaktief en pro-aktief funksioneer. Saam met die nuwe inligtingskantoor is daar ook 'n nuwe fietsprojek geloods. Met hierdie projek kan toeriste Orania self op 'n fiets verken. Daar is drie fietsloodse waar fietse gratis aan inwoners en besoekers beskikbaar gestel word (Orania Beweging Nuusbrief, 21 Julie 2014). Dan is daar ook 'n nuwe winkelsentrum wat in Julie 2013 aangekondig is en wat alreeds ongeveer 50% voltooi is. Die sentrum, genaamd *Die Ou Karooplaas*, gaan vireers uit 'n deli, drie winkels en 'n teater bestaan (Botha, 2013). Nog 'n verdere ontwikkeling is *Stokkiesdraai*, 'n pretpark met plek vir winkels, residensiële eiendomme en kantoorspasie later (Kleynhans, 2013: 7).

Bemaking word gedoen om toeriste te lok, maar Orania kry veral gratis advertensie deur mediadekking. Wanneer daar baie berigte oor Orania in die media verskyn, is daar 'n merkbare toename in navrae en besoeke (Orania Beweging, 2010).

Daar is 'n toeriste seisoen en veral gedurende die Desembervakansie wanneer Orania se gewilde vakansieprogram aan die gang is, word Orania 'n gewilde toerismebestemming. Volgens Karin Coetzee, wat baie betrokke by die program is, is hierdie program 'n groot sukses. "Die terugvoer van vakansiegangers sedert Desember 2005 het ons oortuig dat ons op die regte pad is (Orania Beweging, 2010). Die vakansieprogram bied iets vir almal en hoogtepunte sluit in perderitte, watersport, 'n piekniek met 'n perdekar en 'n begeleide argeologiese toer saam met Dr Manie Opperman (Orania Beweging Nuusbrief, 24 November 2014).

Organisasie het nou 'n vlak bereik waar reisreëlins nie meer noodwendig deur individue gemaak word nie. Orania Toere tree nou op onder die vaandel van Aan

die Oewer Vakansieoord se interne operateur en betrek ook die gastehuisse wanneer daar nie meer verblyf in die oord is nie. Skakeling tussen die verskillende eienaars van die oornaggeriewe vind gereeld plaas. Volgens Renus Steyn is daar nou 'n spontane ontwikkeling wat na vore kom om besoekers te akkommodeer en geriewe daar te stel (Steyn, 2010). Daar word ook uitgereik na Kimberley, wat slegs 'n uur en 'n half van Orania geleë is. “Kimberley is juis die mark waar Orania Toere die meeste groei getoon het.” (Diederichs, 2013: 21). Soos herhalende besoeke in die Amish toerismebedryf gebeur, is dit volgens Strydom (2014) ook nou die geval met Orania.

Volgens Renus Steyn, is daar drie soorte groepe wat Orania besoek:

Eerstens, die nuuskierige binnelandse en buitelandse besoekers. Besoekers wil sien hoe lyk en leef die mense in Orania. “Dra hulle voortrekkerrokke en kappies, baarde en kakieklere met lang sokkies en stewels?” (Steyn, 2010). Tweedens, die verteenwoordigers van die pers, televisie en tydskrifte. Orania word in toerisme brosjures as 'n tradisionele Afrikaner gemeenskap uitgebeeld. Die nuuswaardigheid is dan om te bepaal of dit regtig so 'n “regse, verkrampde en verarmde groepie mense is.” Politieke en sportgebeurtenisse veroorsaak dat verskeie mediavelde Orania besoek (Steyn, 2010). Derdens, die agente, besigheidsmense, staatsamptenare en spesialiste wat binne die gemeenskap 'n diens lewer. Besoeke wat uitstaan is onder andere die van Jacob Zuma en Julius Malema (Steyn, 2010). Mnr Julius Malema het Orania in 2009 besoek as deel van sy funksie as die leier van die ANC se jeugliga. “Die besoek geskied op versoek van die jeugliga en hou verband met hul behoefte om met minderheidsgroepe te skakel.” (du Toit, 2009: 6). Malema was beïndruk met die volhoubare ontwikkeling van die plattelandse dorpie (Steenkamp, 2009: 6). President Jacob Zuma het in September 2010 'n besoek aan Orania gebring vir 'n private vergadering met Prof. Carel Boshoff. Die besoek het ongeveer twee uur geduur en Zuma het sy seën op die dorp uitgespreek (du Toit, 2010: 1).

Met al hierdie groei wat Orania ondervind kan 'n mens amper sê dat Orania nou na die ontwikkelingsfase (“development phase”) van Butler se TALS-model beweeg. In teorie behoort plaaslike beheer en betrokkenheid gedurende hierdie fase af te

neem, maar in die praktyk is dit nie wat in Orania gebeur nie. Volgens John Strydom (2014) moet alle inwoners, beleggers en besigheidsmense verblyfreg-
onderhoude aanvra. “Die hele dorp is deel van die aandeelblok maatskappy. Daar
is ook plaasgrond buite die aandeelblok wat deel van Orania vorm.

Organiese (“organic”) entrepreneurskap kom tans in Orania voor en daar is
ongeveer 70 klein ondernemings met landbou-, toerisme- en
kleinhandelondernemings wat die mark domineer (Kleynhans, 2012: 11). 'n
Voorwaarde vir verblyf in Orania is dat 'n persoon werk moet hê. Inwoners kan dus
in toerisme byvoorbeeld vir hulleself 'n ruimte skep. Tydens hierdie fase van
entrepreneurskap kom entrepreneurs aktiwiteite na vore wanneer inwoners
geleenthede benut wat deur toerisme behoeftes gegenerer word (Russell, 2006:
118). Volgens John Strydom (2014) is Orania se toerisme strategie tweeledig.
Orania het op toerisme begin fokus as gevolg van 'n “spontane vloei” van mense se
belangstelling wat dan in 'n doelbewuste strategie ontwikkel het.
Entrepreneurskap word aangemoedig waarvoor daar finansiering deur Orania se
bank beskikbaar is en wat ook deur die Orania Groiefonds ondersteun word.
(Kleynhans, 2012: 13).

Net soos die Amishvroue in Lancaster County speel vroue 'n belangrike rol in Orania
se ekonomie, John Strydom (2014) verduidelik dat die stand van vroue
entrepreneurs in Orania verbasend sterk is. 'n Voorbeeld van 'n vroue entrepreneur
is Annatjie Joubert wat in 2012 aangewys was as Orania se Ondernemer van die
Jaar. Haar besigheid was aanvanklik 'n verwerkingsaanleg vir pekanneute, maar dit
het later ontwikkel in 'n padstal, koffiewinkel en tuisnywerheid (Strydom, 2013:
29). Al hierdie ondernemings is dan ook op die toerismemark gemik.

Organiese entrepreneurskap word aanbeveel indien die bestemming volhoubaar wil
wees en beheer oor die natuurlike en kulturele bronne wil hê (Russell, 2006: 119).
In hierdie opsig is Orania 'n unieke geval omdat hulle juis volhoubaarheid nastreef
en daarom ook die beginsel van “volkseie” arbeid of “selfwerkzaamheid”
handhaaf. Hierdie beginsel maak die kanse vir volhoubaarheid soveel groter, en in
'n mate word dit ook in die toerismemark gereflekteer.

Omdat die toerismebedryf in Orania nog in die ontwikkelingstadium is teenoor dié van die Amish wat al ver ontwikkel is, is die konsep van outentisiteit en kommodifikasie nog nie so kompleks in Orania nie. Volgens Xie & Lane se lewenssiklus van outentisiteit sal Orania in die oorspronklike fase (“primordial state”) val. Tydens hierdie stadium is die kuns en kulturele optredes in 'n primitiewe stadium met min eksterne invloed (Xie & Lane, 2006: 548). Dit is ook so die geval in Orania. Volgens John Strydom (2014) sal besoekers aan Orania 'n egte ervaring met die inwoners van Orania beleef. Waar dit vir toeriste moeilik is om direkte kontak met die Amish te hê is dit nie in Orania die geval nie. Besoekers het direkte kontak met Orania se inwoners en veral die akkommodasie fasiliteite wat direk deur inwoners bestuur word versterk hierdie interaksie. John Strydom (2014) beaam dat toeriste Orania as eg aanvaar omdat dit nie op hierdie stadium gekommodifiseer word nie. Dit is ook juis hierdie egte ervaring wat die toeriste lok.

Die algemene gevoel onder inwoners van Orania teenoor toerisme is volgens Strydom (2014) oorwegend positief. Hulle sien die voordeel van die inkomste wat dit genereer wat op die ou einde 'n bydrae tot hulle volhoubaarheid maak. Maar toeriste versteur ook die rustigheid en is soms raserig. Volgens Strydom (2014) kan kultuur maklik deur toerisme vernietig word, maar tans ondervind Orania nie probleme daarmee nie. Inteendeel, hulle gryp die geleentheid aan om die gemeenskap se unieke idee vir voortbestaan aan die mense daar buite te bemark.

Hoofstuk 6:

Slot

Hierdie laaste hoofstuk is 'n vergelykende opsomming van die hoofargumente van die studie. Pieter de Klerk onderskei tussen drie metodes van vergelyking wat ook op hierdie studie van toepassing is. Eerstens is daar die vergelyking om verskille te ontdek. Tweedens is daar die vergelyking wat daarop gemik is om algemene wette of veralgemening te identifiseer. Laastens is daar vergelyking wat algemene invloede en koherensie wil vind (Bergh, 2003: 366). In die geval van die Amish- en Orania gemeenskappe is daar wel verskille. Ook kan daar met hierdie twee unieke gemeenskappe baie veralgemening plaasvind, veral ten opsigte van wanopvattinge deur mense en die media, en laastens met hierdie tipe vergelyking kan 'n samehorigheid tussen die twee gemeenskappe bewerkstellig word.

Die Amish se geskiedenis dateer terug na die sestiende eeu (Perry, 2000: 227), alhoewel die Amish nedersetting eers in 1693 amptelik gestig is. Vir die Amish het dit oor geloof gegaan. In vergelyking is Orania se geskiedenis redelik nuut, met die dorp se amptelike ontstaan eers in 1991. Die geskiedenis van die ontstaan van die Afrikaner kan egter teruggeneem word tot en met 1652. Waar dit vir die Amish 'n godsdienstige kwessie was, het dit vir Afrikaners om die behoud van hulle kultuur gegaan (Pienaar, 2007: 59). Alhoewel daar verskillende redes vir die ontstaan van die twee gemeenskappe was, het hulle albei 'n universiële doel gehad om iets wat vir hulle belangrik was te beskerm deur hulself in 'n nuwe en geïsoleerde gebied te vestig.

Hostetler (1993: 5) bespreek verskillende modelle om die Amish gemeenskap te verstaan. Hy beskou die Amish nedersetting as 'n tipe statebond, wat 'n plek of provinsie impliseer wat geografies en sosiaal tot 'n eenheid verbind is. Die inwoners van 'n statebond voel gemaklik met hulle eie idees, gebruike en waardes en die "plek" is in onderskeid met ander dele van die land. Hierdie definisie van 'n statebond onderskryf in beginsel waaroor albei hierdie twee gemeenskappe gaan.

Hostetler sê egter dat statebonde tot niet gegaan het, maar hy sien die Amish nog steeds as 'n statebond.

Hostetler beskryf die Amish verder as 'n "sektariese" gemeenskap. Lede van so gemeenskap stel hulle geloof eerste en rig hulle lewens volgens geloofbeginsels in. (Hostetler, 1993: 6). Hierdie is 'n beskrywing van die Amish, maar tog ook in 'n sekere mate Orania. Alhoewel godsdiens die hoofrede vir die Amish se ontstaan was, kan dit ook nie van die Afrikaner weggeneem word nie. Volgens Muller (1987: 197) kan die Afrikaner se sterk geloof en sieninge teruggeneem word na die middel van die agtiende eeu. Van der Merwe (2010: 72) stel dit so:

Die teologiese en Bybelse regverdiging van apartheid het nooit 'n proses behels waarvolgens rasseseiking aanbeveel is omdat die blanke Afrikaners as 'n uitverkore volk met 'n spesiale ooreenkoms met God verkondig was nie. Waar dié oortuiging wél gedurende die 1940s en dalk vroeër onder blanke Afrikaners posgevat het, is dit nooit amptelik so geformuleer nie.

Van der Merwe (2010: 72) dui aan dat 'n logiese gevolgtrekking sou wees dat apartheidsdenke as 'n teologiese regverding van apartheid by blanke Afrikaners as gevolg van ekonomiese oorwegings ontstaan het. Hierdie regverding was bewustelik en onbewustelik onder die Afrikaners. Hy stel dit verder so:

Die teologiese regverdiging van apartheid is nie 'n natuurlike uitvloeisel van blanke Afrikaners se tradisionele geloofsoortuigings nie, en sou in die dekades wat volg die NGK (Nederduits Gereformeerde Kerk) in 'n ernstige identiteitskrisis dompel. In hierdie verband kan ook gemeld word dat die NGK nêrens in amptelike dokumentasie blanke Afrikaners as 'n etnies- meerwaardige groep mense geskets het nie, hoewel die Kerk dikwels die kulturele verskille tussen blank en nie-blank as die rede vir rasseseiking voorgehou het.

Van der Merwe (2010: 72) sluit af deur te sê:

Alhoewel rassisme en 'n gevoel van meerwaardigheid gebaseer op godsdienstige oortuiging gedurende die tyd dikwels onder blanke Afrikaners kop uitgesteek het, kan hierdie verskynsel nie as deurslaggewend by die ontstaan van 'n apartheidsbeleid beskou word nie.

Die Amish word ook deur Hostetler as 'n "tradisionele gemeenskap" geklassifiseer (1993: 8). So 'n gemeenskap is ongemaklik met die idee van verandering. Beide die Amish en Orania hou nie van verandering nie en daarom het hulle weggebreek. Jong mense doen wat die ouer mense gedoen het toe hulle jonk was en lede kommunikeer intern met mekaar, fisies en deur waardes en simbole (Hostetler, 1993: 9). Dit reflekteer weereens op die statebond konsep en idee van afsondering vir kulturele/godsdienstige oorlewing en voortbestaan.

Die Amish- en Orania gemeenskap is albei uniek in verskeie opsigte. Die fundamentele waardes wat deur die Amish erken en aanvaar is, is vasgevang in 'n handves naamlik die "Ordnung". Hierdie handves bestaan uit basiese oortuigings, tradisies en wysede wat Amishlede daagliks moet lei (Hostetler, 1984: 35). Soortgelyk het Orania 'n Grondwet en Akte van Verbintenis wat geteken moet word. Die Orania Grondwet is 'n vrywillige ooreenkoms wat onderling tussen al die inwoners van Orania gesluit word en wat bepaal hoe inwoners in sekere omstandighede teenoor mekaar sal optree (Pienaar, 2007: 62).

Een van die mees sigbare kenmerke van die Amish is hulle eenvoudige kleredrag wat lidmaatskap, toewyding en sosiale status kommunikeer. In hierdie geval is Orania nie dieselfde nie, met normale kleredrag wat aanvaar word. In hierdie en ander opsigte is die Amish 'n meer eng gemeenskap as Orania. Waar die Amish die rol van sekere tegnologie (motors, televisie en elektrisiteit) verwerp (Kraybill, 2001: 72) doen die gemeenskap van Orania nie dieselfde nie. Dit is wel belangrik vir Orania om omgewingsvriendelik te wees en alle nuwe huise op Orania moet aan

sekere standaarde voldoen en waterverhitters wat met sonkrag werk is verpligtend vir alle nuwe huise en geboue (Strydom & van Bart, 2010: 5).

Die Amish betaal die volgende belasting: staatsinkomste belasting, verkope belasting, eiendoms- en oordragbelasting sowel as skoolbelasting. Hulle is wel vrygestel van sosiale sekerheids- en werkersvergoeding (Kraybill, 2001: 273). Inwoners van Orania betaal ook inkomstebelasting soos die Amish. Daar is wel 'n ooreenkoms met die munisipaliteit van Themelihle (die distrik waaronder Orania val) dat hulle nie belasting/heffings aan die munisipaliteit betaal nie en die munisipaliteit lewer dan nie dienste in Orania nie (Pienaar, 2007: 88).

Vanaf die ontstaan van die Amish gemeenskap was ouderdom en geslagsrolle noodsaaklike boustene. Die man word as die geestelike hoof van die huis gesien en daar word van die vrouens verwag om hulself aan die outoriteit van die man te onderwerp. Getroude vrouens het nie sommer voltyds werk nie. Dit is eerder hulle werk om na die kinders om te sien en alle huishoudelike take te verrig (Kraybill, 2001: 83). In Orania word die beginsel van "volkseie" arbeid gevolg of "selfwerkzaamheid" wat soortgelyk aan die Amish beginsel is. Iemand wat op Orania wil bly moet verkieslik 'n werk hê (Pretorius, 2004: 5).

In vergelyking met die Amish wat nie opvoeding na laerskool toelaat nie, is Orania die teenoorgestelde en daar is goeie opvoeding beskikbaar tot en met matriek (Pienaar, 2007: 70). Orania het ook sy eie geldstelsel, die Ora, en sy eie vlag, wat die Amish nie het nie. Weens Orania se gunstige klimaat en besproeiing is landbou 'n groot sukses, net soos by die Amish gemeenskap (Vryheidsfront Plus, 2004).

Die uniekheid en eienaardigheid van die twee gemeenskappe het nuuskierige toeriste gelok om meer oor hulle uit te vind en sodoende het die toerisme bedryf, veral ten opsigte van erfenis en kultuur, by die twee gemeenskappe ontwikkel. Volgens Nolt (2003) was die belangstelling in die Amish drievoudig. Eerstens het die Amish baie blootstelling deur die media gekry. Tweedens was daar na die Tweede Wêreldoorlog 'n voorliefde vir reis en vakansie hou (Nolt, 2003: 326). Derdens was van die Amerikaners angstig oor die moderne samelewing wat besig

was om te ontwikkel. Hulle het gewonder of die Amish net oorblyfsels uit die verlede was wat iets geweet het wat die res van die samelewing vinnig besig was om te vergeet (Nolt, 2003: 27). Verder kan die ontwikkeling van die toerismebedryf in die Amish gemeenskappe ook toegeskryf word aan boeke, fliëks en ander publikasies. Gedurende die 1930s het reisigers wat van Gettysburg na New Jersey gereis het, begin om in Lancaster County te oornag. Die toeganklike ligging van Lancaster County het ook dus gehelp (Luthy, 1994: 115). 1955 word egter as die jaar geklassifiseer wat toerisme amptelik in Lancaster County afgeskop het (Our Farm History, n.d.). Die toerismebedryf in Orania het nie dieselfde lang geskiedenis as die Amish gehad nie. Sedert die ontstaan van Orania in die 1990s het die dorp groot mediadekking gehad, veral wat die besoeke van politieke leiers soos Mandela, Malema en Zuma betref het. Besoekers van oral, insluitend plaaslike en internasionale toeriste, het Orania toe gegaan om te sien waarom dit alles regtig gaan.

Besienswaardighede in die Amish gemeenskap wissel van besoeke aan 'n Amish tuiste om die gevoel van hulle alledaagse lewe te kry en die kos is ook 'n groot aantrekkingskrag (Walbert, 2002: 87). Amish kwilte het ook al hoe meer gewild geword en verskeie toerisme besighede is deur Amish inwoners geskep. Orania bied nou weer museums, monumente, 'n heldekoppie, argeologie, argitektuur en 'n unieke kultuur aan besoekers. Die Afrikaner tradisionele kos oftewel "boerekos" is ook gewild onder toeriste.

Om die ontwikkeling van die toerismebedryf in Amish- en die Orania gemeenskappe te meet is Richard Butler se TALS-model gebruik. Hovinen (2002: 227) beaam die bruikbaarheid van die model en beklemtoon die vergelykende element soos volg, "The model also provides a useful conceptual basis for comparing an area such as Lancaster with other destinations".


Voor die Tweede Wêreldoorlog was Lancaster County nie 'n aantreklikheid op sy eie nie, maar was dit eerder sy gunstige ligging wat die meeste besoekers gegenerer het (Hovinen, 1982: 568). Die besoekers was eers vlugtig aan die Amish blootgestel en teen die 1930s het hierdie andersheid van hulle meer aandag begin trek. Die

Tweede Wêreloorlog het egter 'n demper hierop geplaas. Hierdie fase, net voor die oorlog, kan as die ontdekkingsfase beskryf word. Waar die Amish se toerismebedryf 'n gunstige ligging gehad het wat die meeste vroeë besoekers gegenerer het, was dit nie die geval met Orania nie. Alhoewel Orania geleë is tussen Pretoria en Kaapstad lê die dorp nie op die hoofroete nie. Orania se ontdekkingsfase het eers begin toe die dorp in 1991 amptelik geopen is.

Na die Tweede Wêreldoorlog het plaaslike Amish inwoners begin om toere te organiseer en fasiliteite vir die besoekers te vestig (Hovinen, 1982: 569). So het die Amish toerismebedryf beweeg na die betrokkenheidsfase. Soos mediadekking in Orania begin het, het die inwoners ook vir toeriste begin geriewe skep. In 2010 was daar 'n ontploffing in besoekersgetalle en dit was ook dan die jaar waarin Orania se toerismebedryf oorgegaan het na Butler se betrokkenheidsfase.

Gedurende die volgende fase van Butler se model, die ontwikkelingsfase, bestaan daar 'n bekende toerisme mark as gevolg van al die bemarking en mediadekking. Lancaster County val beslis onder hierdie fase met hoë besoekersgetalle en eksterne besighede wat groot geld in die toerisme elemente belê het. Met al die groei wat Orania die afgelope paar jaar ervaar het kan 'n mens jou amper voorstel dat Orania beweeg na die ontwikkelingsfase. In die teorie sou plaaslike beheer en betrokkenheid gedurende hierdie fase afneem, maar in die praktyk is dit nie wat in Orania gebeur het nie.

Omdat die Amish te toerismebedryf verder terugdateer as dié van Orania is die bedryf ook verder gevorder in Butler se lewensiklus. Gedurende die konsolidasie fase is die grootste gedeelte van die plaaslike ekonomie aan toerisme verbind met kettingwinkels in die meerderheid. Die volgende fases van Butler se model is stagnasie en afname of hernuwing. Hovinen stel egter 'n ander fase vir bogenoemde fases voor. Volgens Hovinen sal 'n volwasse stadium meer sin maak in die plek van stagnasie en konsolidasie. Die volwasse stadium sal begin wanneer die vinnige groei in besoekersgetalle ophou. Gedurende hierdie finale fase is daar ook 'n afname in nuwe konstruksie van toeriste fasiliteite.



Figuur 13: Die Amish- en Orania gemeenskappe volgens die TALIS-model

Indien Orania 'n volhoubare toerismebedryf wil onderhou kan die volgende lesse by die Amish se bedryf geleer word. Een van die redes waarom suksesvolle toeriste besienswaardighede 'n afname in gewildheid en besoekersgetalle beleef word toegeskryf aan toeriste wat die area se drakrag oorskry. Effektiewe beplanning is dus belangrik sodat die drakrag nie oorskry word nie. Waar Lancaster County 'n goeie ligging het en makliker toeriste kan lok, is Orania nie in dieselfde posisie nie. Spesifieke strategieë moet dus aangewend word om mense volhoubaar na Orania te lok. Die diversifikasie van die toerisme basis is ook belangrik. Een van die redes waarom Lancaster County so baie toeriste kon lok was as gevolg van die diverse toerisme basis. Daar was mens-gemaakte bestemmings en ook die natuur en landskap in die nabye omgewing wat toeriste gelok het (Hovinen, 1982: 573). Orania is ook geleë in 'n mooi natuurlike omgewing, langs 'n rivier wat reeds die diversifikasie van die toerisme basis moontlik maak.

Russell beskryf entrepreneurskap as een van die faktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling van toerisme (Russell, 2006: 115). Organiese entrepreneurskap kom

voor met die ontdekking van 'n bestemming wat dan entrepreneurs aktiwiteite skep. Dit is ook so in die geval van die Amish en Orania. Beide gemeenskappe het aan die begin nagestreef. Waar Orania steeds in die organisese fase van entrepreneurskap val, het die Amish oorbeweeg na grootskaalse entrepreneurskap. Die aksie van entrepreneurs is beplan en doelgerig, en ontwikkelingskemas het plaasgevind. Organiese entrepreneurskap word deur Russell (2006: 119) aanbeveel indien die bestemming volhoubaar wil wees en beheer oor die natuurlike en kulturele bronne wil hê. Beide die Amish en Orania het 'n stewige groep van vroue entrepreneurs; 27,4% van die besighede in die Amish gemeenskap word tans deur vroue besit (Graybill, 2009: 121). John Strydom (2014) verduidelik dat die basis van vroue entrepreneurs in Orania ook verbasend sterk is.

Toeriste besoek erfenis besienswaardighede om verskeie redes. Bywater se driedige tipologie onderskei tussen drie verskillende tipe toeriste. Die kultuur-gemotiveerde toeris besoek die Amish- en Orania gemeenskap spesifiek om meer oor hulle unieke kultuur en leefwyse te leer. Kultuur-geïnspireerde toeriste word aangetrek deur die Amish en Orania oor hulle gewildheid. Toeriste sal nie baie tyd hier verwyd nie en sal nie sommer terugkeer nie. 'n Kultureel-gelokte toeris besoek 'n kulturele bestemming omdat hulle toevallig in die area is. In die geval van die Amish se gunstige ligging is dit maklik vir toeriste om toevallig die area te wees, maar Orania se ligging laat dit nie sommer toe nie.

Saam met die ontwikkeling van toerisme in hierdie gemeenskappe, is daar ook positiewe en negatiewe gevolge. Aan die positiewe kant speel toerisme 'n belangrike rol in die ekonomie van beide die Amish en Orania. Nie net is dit 'n bron van belangrike inkomste nie, maar dit skep ook besigheid- en werksgeleenthede.

Die gebruik van kultuur as 'n voordeel vir toerisme het die negatiewe konsep van kommodifikasie/kommersialisasie vorendag gebring. Xie en Lane se lewensiklus model is hier van toepassing. Aan die begin van die ontwikkeling van die toerismebedryf is outentisiteit in 'n oorspronklike fase met min eksterne invloede (Xie & Lane, 2006: 548). Soos die Amish agtergekom het dat hulle kultuur ekonomiese waarde het, is sekere dele daarvan aangepas om by die toeriste te pas

(Xie & Lane, 2006: 561). Gedurende hierdie toenemende betrokkenheidsfase tree die konsep van kommodifikasie na vore (Xie & Lane, 2006: 550). Daar is min in die Amish landskap wat toeriste aanmoedig om aktiewe deelnemers te wees (Buck, 1978: 229). Tydens die volgende fase, situasie aanpassing, het groeiende kommodifikasie veroorsaak dat 'n "nuwe kultuur" ontstaan het. Besoekers word aan 'n opgevoerde uitbeelding blootgestel en die ervaring is nie eg nie (Xie & Lane, 2006: 552). Die Amish voorsien nie net goedere aan toeriste nie, maar hulle kultuur is self 'n kommoditeit. Tydens 'n latere fase, d.w.s. bestuur, kan drie veranderinge plaasvind naamlik modernisasie, bewaring of afname. In die Amish se geval is bewaring van toepassing met verskeie akademië wat daarmee saamstem. Alhoewel toerisme aan die begin as 'n gevaar gesien is, het die Amish gemeenskap se kultuur gebly en gegroei (Kraybill, 2001: 293). Omdat die toerismebedryf in Orania nog in die ontwikkelingstadium is, is die konsep van outentisiteit en kommodifikasie nog nie so kompleks nie. Orania val steeds in die oorspronklike fase van Xie en Lane se siklus. Volgens John Strydom ervaar besoekers aan Orania 'n egte ervaring met die inwoners van Orania. Hy beaam dat toeriste Orania as eg aanvaar omdat dit nog nie op hierdie tydstip gekommodifiseer is nie.

Ander negatiewe gevolge van toerisme onder die Amish is onder andere probleme met hoë volumes verkeer en die verhoogde prys vir grond. Die algemene gevoel onder inwoners van Orania teenoor toerisme is oorwegend positief. Hulle voel wel dat toeriste die rustigheid van die omgewing/gemeenskap versteur, maar tot dusver is daar nie 'n impak op grondpryse as sulks nie.

Ter opsomming is daar deur hierdie studie verskeie ooreenkomste en verskille in die Amish- en Orania gemeenskappe uitgewys. Beide hierdie gemeenskappe het met hulle unieke lewenstyl 'n toerisme aantreklikheid geword, hetsy gewillig of onwillig. Of hulle nou vir of teen toerisme is, kan die waardevolle invloed wat toerisme op hierdie gemeenskappe het, nie onderskat word nie. Volgens Melanie Smith (2003: 56) kan toerisme ontwikkeling die bewaring van 'n omgewing asook die gemeenskap se kulturele erfenis en tradisies bevorder en bewerkstellig. Dit skyn asof dit die geval is vir beide hierdie gemeenskappe.

Soos Kraybill (2001: 293) dit I oor die Amish stel:

“Tourism may inadvertently energize Amish life in several ways.”

Terwyl in die geval van die Orania-gemeenskap sê Strydom (2014) dat:

“Orania gryp die geleentheid aan om die gemeenskap se unieke idees vir voortbestaan te bemark aan die mense daar buite.”

Alhoewel daar beslis groot verskille tussen die twee gemeenskappe bestaan in terme van profiel, ouderdom, gebied en nog veel meer, is daar tog plekke van oorvleuling. Daar word dus aangevoer dat die ooreenkomste en verskille wat in hierdie studie geïdentifiseer word tog steeds waardevol kan wees vir toekomstige toerisme studies oor Orania en toerisme ontwikkeling in die algemeen.

Bronne

Literatuur

BERGER, PL. 1973. *The Homeless Mind: Modernization and Consciousness*. New York.

BOSHOFF, F. 1993. *Betsie Verwoerd, die vrou*. Pretoria.

BUTLER, R.W. 2006. *The Tourism Area Life Cycle: Volume 1 Applications and modifications*. Clevedon.

COETZER, P.W. 1991. *The Era of Apartheid 1948-1961*. In Cameron, T. & Spies, S.B. (Vol. Eds.) *A New Illustrated History of South Africa*. Johannesburg.

DAVIES, S. 2004. *History and heritage*. In Lambert, P. & Schofield, P., *Making history: An introduction to the history and practices of a discipline*. USA.

FAGENCE, M. 2001. "Tourism as a Protective Barrier for Old Order Amish and Mennonite Communities". In Smith, VL & Brent, M. *Hosts and Guests Revisited: Tourism Issues of the 21st Century*. USA.

FOUCHE, W. 1936. *Darter se geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika*. Kaapstad.

GILIOMEE, H. & MBENGA, B. 2007. *Nuwe Geskiedenis van Suid - Afrika*. Kaapstad.

GILIOMEE, H. 2007. *Die Afrikaners - 'n Biografie*. Kaapstad.

GRAHAM, B. ASHWORTH, G.J. & TURNBRIDGE, J.E. 2000. *A Geography of Heritage: Power, Culture and Economy*. London.

GREKSA, L.P. & KORBIN, J.E. 2004. Amish. In Ember, C.R. & Ember, M. (Eds). *Encyclopedia of Medical Anthropology Volume 2: Cultures*. New York.

GRUNDLINGH, A.M. 1991. *The Prelude to the Anglo-Boer War, 1881-1889*. In Cameron, T. & Spies, S.B. (Vol. Eds.). *A New Illustrated History of South Africa*. Johannesburg.

HANDY, C.B. 1994. *The empty raincoat: making sense of the future*. London.

HOSTETLER, J.A. 1993. *Amish Society*. Baltimore.

HURST, C.E. & McCONNELL, D.L. 2010. *An Amish Paradox: Diversity & Change in the World's Largest Amish Community*. USA.

JOOSTE, C.J. 1991. *'n Volkstaat vir Boere-Afrikaners: Lesse uit die Joodse besetting van Palestina*. Pretoria.

KRAYBILL, D.B. & NOLT, S.M. 1995. *Amish Enterprise: from Flows to Profits*. 1st Ed. USA.

KRAYBILL, D.B. & OLSHAN, M.A. 1994. *The Amish struggle with Modernity*. USA.

KRAYBILL, D.B. 1989. *The Riddle of the Amish Culture*. USA.

KRAYBILL, D.B. 2001. *The Riddle of the Amish Culture*. USA.

KRAYBILL, D.B. 2010. *Concise Encyclopedia of Amish, Brethren, Hutterites, and Mennonites*. USA.

LAGIEWSKI, R.M. 2006. *The application of the TALC Model: A literature survey*. In R.W. Butler (Vol. Ed.). *The Tourism Area Life Cycle: Volume 1 Applications and modifications* pp.27-50. Clevedon.

LITTELL, F.H. 1992. *A Fresh and Radical Break*. In Hostetler, J. *Amish Roots: A Treasury of History, Wisdom, and Lore*. USA.

- LUTHY, D. 1994. *The Origin and Growth of Amish Tourism*. In Kraybill, D.B. & Olshan, M. (Eds). *The Amish struggle with modernity*. USA.
- MACCANNELL, D. 1992. *Empty meeting grounds: The tourist papers*. London.
- MATHIESON, A. & WALL, G. 1992. *Tourism: economic, physical and social impacts*. London.
- MULLER, C.F.J. 1978. *Die oorsprong van die Groot Trek*. Pretoria.
- NOLT, S.M. 2003. *A History of the Amish: Revised and Updated*. USA.
- PERRY, M. 2000. *Western Civilization: A Brief History*. 4th Ed. New York.
- ROSS, R. 2008. *A Concise History of South Africa*. 2nd Ed. South Africa.
- RUSSELL, R. 2006. *The contribution of entrepreneurship theory to the TALC model*. In Butler, R.W. *The Tourism Area Life Cycle Volume 2 - Conceptual and Theoretical Issues*.
- SHAFER, R.J. 1980. *A guide to historical method*. USA.
- SHAW, G. & WILLIAMS, A.M. 1998. *Entrepreneurship and tourism development*. In Ionnides, D. & Debpape, G. (Eds). *The Economic Geography of the Tourist Industry*. London.
- SMITH, M., MACLEOD, N. & ROBERTSON, M.H. 2010. *Key concepts in Tourist Studies*. London.
- SMITH, M. 2003. *Issues in cultural studies*. London.

STADLER, A.W. 1991. *From the Pact to the Advent of Apartheid, The Period 1939 to 1948*. In Cameron, T. & Spies, S.B. (Vol. Eds.) *A New Illustrated History of South Africa*. Johannesburg.

TIMMONS, J.A. 1989. *The Entrepreneurial Mind*. USA.

TROLLINGER, S.L. 2012. *Selling the Amish: the Tourism of Nostalgia*. USA.

UMBLE, D.Z. & WEAVER-ZERCHER, D.L. 2008. *The Amish & the Media*. USA.

URRY, J. 1990. *The tourist gaze: leisure and travel in contemporary societies*. London.

VAN DER WATEREN, H. 1996. *Afrikaner-toekoms*. Orkney

VAN JAARVELD, F.A. 1982. *Van van Riebeeck tot P.W. Botha*. Johannesburg.

WALBERT, D. 2002. *Garden Spot: Lancaster County, the Old Order Amish, and the Selling of Rural America*. New York.

WEAVER-ZERCHER, D. 2001. *The Amish in the American Imagination*.

WORDEN, N. 2012. *The making of modern South Africa: Conquest, Apartheid, Democracy*. 5th Ed. South Africa.

ZERCHER, D. 1997. *Homespun American Saints: The Discovery and Domestication of the Old Order Amish*. PhD Thesis, University of North Carolina.

Joernaalartikels

BAUM, T. 1998. "Taking the exit route: Extending the Tourism Area Life Cycle Model". *Current issues in Tourism*, 1(2) pp. 167-175.

BERGH, J.S. 2003. "'White Supremacy' Na een-en-twintig jaar: geleentehede vir vergelykende historiese navorsing". *Joernaal van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika*, 48(1) bl. 355-372.

BESCULIDES, A., LEE, M.E. & McCORMICK, P.J. 2002. "Residents perceptions of the cultural benefits of tourism". *Annals of Tourism Research*, 29(2) pp. 303-319.

BOYNTON, L.L. 1986. "The effect of tourism on Amish quilting design". *Annals of Tourism Research*, 12(3) pp. 451-465.

BUCK, R.C. & ALLEMAN, T. 1979. "Tourist Enterprise Concentration and Old Order Amish Survival: Explorations in Productive Coexistence". *Journal of Travel Research*, 18(1) pp. 15-20.

BUCK, R.C. 1977. "The ubiquitous tourist brochure explorations in its intended and unintended use". *Journal of Tourism Research*, IV(4) pp. 195-207.

BUCK, R.C. 1978. "Boundary Maintenance Revisited: Tourist Experience in an Old Order Amish Community". *Rural Sociology*, 43(2) pp. 221-234.

CAVANAGH, E. 2013. "The History of Dispossession at Orania and the Politics of Land Restitution in South Africa". *Journal of Southern African Studies*, 39(2), pp. 391-407.

CHHABRA, D. 2010. "How They See Us: Perceived Effects of Tourist Gaze on the Old Order Amish". *Journal of Travel Research*, 49(1) pp. 93-105.

COHEN, E. 1988. "Authenticity and commoditization in tourism". *Annals of Tourism Research*, 15 pp. 371-386.

COLE, S. 2007. "Beyond the Resort Life Cycle: The Micro-Dynamics of Destination Tourism". *The Journal of Regional Analysis & Policy*, 37(3) pp. 266-278.

CONG, D. 1994. "The Roots of Amish Popularity in Contemporary U.S.A.". *Journal of American Culture*, 17(1) pp. 59-66.

COSSONS, N. 1989. "Heritage Tourism - Trends and Tribulations". *Tourism Management*, 10(3) pp. 192-194.

DANA, L.P. 2007. "A humility-based enterprising community: the Amish people in Lancaster County". *Journal of Enterprising Communities: People and Places in the Global Economy*, 1(2) pp. 142-154.

DE BEER, F.C. 2007. "Exercise in futility, or dawn of Afrikaner self-determination: An exploratory ethno-historical investigation of Orania". *Ethnoculture*, 1 pp. 45-58.

FOSTER, T.W. 1984. "Separation and Survival in Amish Society". *Sociological Focus*, 17(1) pp. 1-15.

GRUNDLINGH, A. 1999. "The Bitter Legacy of the Boer War". *History Today*, 49 (11).

HARASTA, J.M. 2014. "The Amish - A People of Preservation and Profitability: A Look at the Amish Industry in Lancaster County, Pennsylvania". *Journal of Amish and Plain Anabaptist Studies*, 2(1) pp. 23-41.

HAYWOOD, K.M. 1986. "Can the tourist-area life cycle be made operational?". *Tourism Management*, 7 pp. 154-167.

HOSTETLER, J. 1984. "The Amish and the Law: A Religious Minority and its Legal Encounters". *Washington and Lee Law Review*, 41(1) pp. 33-47.

HOVINEN, G.R. 1982. "Visitor cycles: Outlook for tourism in Lancaster County". *Annals of Tourism Research*, 9(4) pp. 565-583.

HOVINEN, G.R. 2002. "Revisiting the destination lifecycle model". *Annals of Tourism Research*, 29(1) pp. 209-230.

HUES, H. & MORGAN, K. 2010. "The raising of the flag in 'Volkstaat' Orania: Perspectives on a school ceremony". *Education as Change*, 14(1) pp. 33-46.

KOTZE, N.J. 2003. "'n Verandering in ekonomiese grondslag: Orania as 'n gevallestudie vir kleindorpse ontwikkeling in Suid-Afrika". *Acta Academica Supplementum*, 2003(1) bl. 159-172.

KOZAK, M. 2001. "Repeaters' Behaviour at two distinct destinations". *Annals of Tourism Research*, 28(3) pp. 784-807.

LABUSCHAGNE, P. 2008. "*Uti Possidetis?* Versus Self-Determination: Orania and an independent 'volkstaat'". *Journal for Contemporary History: Politics and transformation in a global and local context*, 33 pp. 78-92.

KREPS, G.M. DONNERMEYER, J.F. HURST, C. BLAIR, R. & KREPS, M. 1997. "The Impact of Tourism on the Amish Subculture: A Case Study". *Community Development Journal*, 32(4) pp. 354-367.

MACCARRONE-EAGLEN, A. 2009. "An analysis of culture as a tourism commodity". *Tourism, Culture & Communication*, 9 pp. 1-13.

MCKUSICK, V.A. 1980. "The Amish". *Endeavour*, 4(2) pp. 52-57.

MEYERS, T.J. 2003. "Amish Tourism - Visiting Shiphewana is Better than going to the Mall". *Mennonite Quarterly Review*, 77(1) pp. 109-126.

- OPPERMANN, M. 1999. "Predicting destination choice - A discussion of destination loyalty". *Journal of Vacation Marketing*, 5(1) pp. 51-65.
- SCHUETT, M.A. 1992. "Amish Perceptions of tourism in an Illinois Amish Community". *Journal of Hospitality & Leisure Marketing*, 1(3) pp. 62-78.
- SEWELL Jr, W.H. 1967. "Marc Bloch and the Logic of Comparative History". *History and Theory*, 2. pp. 208-218.
- SKOCPOL, T. & SOMERS, M. 1980. "The uses of comparative history in macrosocial inquiry". *Comparative Studies in Society and History*, 22 pp. 174-197.
- TOOMAN, L.A. 1997. "Application of the life-cycle model in tourism". *Annals of Tourism Research*, 24(1) pp. 214-234.
- TURCO, D.M. 2000. "Tourism in Amish Communities". *Parks & Recreation*.
- VAN HEYNINGEN, E. 2009. "The Concentration Camps of the South African (Anglo-Boer) War, 1900-1902". *History Compass*, 7(1) pp. 22-43.
- VERACINI, L. 2011. "Afterword: Orania as a Settler Self-Transfer". *Settler Colonial Studies*, 1(2) pp. 190-196.
- VESTERGAARD, M. 2001. "Who's Got the Map? The Negotiation of Afrikaner Identities in Post-Apartheid South Africa". *Daedalus*, 130(1), pp. 19-44.
- WILLIAMS, M.T. 1993. "An explanation of the Tourist Site Cycle Model: The Case of Minorca (Spain)". *The Journal of Tourism Studies*, (4)2 pp. 24-32.
- XIE, P.F & LANE, B. 2006. "A Life Cycle Model for Aboriginal Arts Performance in Tourism: Perspectives on Authenticity". *Journal of Sustainable Tourism*, 14(6) pp. 545-561.

ZHONG, L., DENG, J. & XIANG, B. 2008. "Tourism development and the tourism area lifecycle model: A case study of Zhangjiajie National Forest Park, China". *Tourism Management*, 29 pp. 841-856.

Koerante, tydskrifte en nuusbriewe

ADKINS, B. 2004. "Winds of change finally threaten to topple Verwoerd". *Weekend Post*, 22 May pp. 1.

ALEXANDER, L. 2010. Adolph Neuber, founder of local tourist trade, dies at age 99. *Lancaster Online Internet*: http://lancasteronline.com/news/adolph-neuber-founder-of-local-tourist-trade-dies-at-age/article_daec7f12-5178-5eae-ac80-5318a8e905e2.html. Access: 9 October 2014.

ANONIEM. 1994. "Lategan-geweerversameling op Orania". *Die Patriot*, 14 Oktober bl. 3.

ANONIEM. 1997. "Versameling oor Verwoerd open in Orania". *Die Volksblad*, 2 September bl. 4.

BEANGSTROM, P. 2003. "Traditional twist put on a pedestal". *Star*, 18 September pp. 6.

BOTHA, A. 2013. "Orania kry nuwe winkels". *Die Burger, Internet*: http://www.netwerk24.com/nuus/2013-07-17-orania-kry-nuwe-winkels?redirect_from=beeld Toegang: 25 Julie 2014.

CLOETE, H. 2008. "Nuwe inwoners op Orania eers gekeur". *Volksblad*, 11 Augustus bl. 7.

COETZEE, F. 2003. "Stroopsoet simbool van Afrikaner onthul". *Beeld*, 22 September bl. 8.

- COETZEE, G. 1998. "Verwoerd-versameling in Orania bied blik op moord". *Die Volksblad*, 6 Mei bl. 3.
- DIEDERICHS, Q. 2013. "Toerisme-ondernemings toon uitstekende groei." *Voorgrond* 1/4. Maart.
- DU TOIT, P. 2009. "Bluckboster Malema gaan kuier op Orania". *Beeld*, 24 Maart bl. 6.
- DU TOIT, P. 2010. "Zuma hou van Orania". *Die Volksblad*, 15 September bl. 1.
- EBERSOHN, H. 2007. "Beelde uit die Afrikanervolk se verlede op Orania onthul". *Die Volksblad*, 1 Junie bl. 7.
- ECENBARGER, W. 1986. "The Amish: unwilling stars of a tourism boom." *Chicago Tribune, Internet*: http://articles.chicagotribune.com/1986-03-30/features/8601230555_1_amish-farm-amish-village-amish-barn-restaurant
Access: 31 July 2012.
- GUNNING, E. 1997. "Baie wil dr. Verwoerd se sterfpak sien". *Rapport*, 26 Oktober bl. 7.
- JONES, E. 2005. "Amish struggle to adapt to tourism." *BBC News*, 16 December.
- KIRCHICK, J. 2008. "In Whitest Africa: The Afrikaner Homeland of Orania". *The Virginia Quarterly Review*, 1 July.
- KLEYNHANS, J. 2012. "Orania is 'n plek vir entrepreneurs". *Voorgrond* 3/4. September.
- KLEYNHANS, J. 2013. "Groot nuwe ontwikkelings kom in 2013." *Voorgrond* 1/4. Maart.

- KOEKEMOER, M. 2006. "Verwoerd gooi sy gewig bietjie rond". *Rapport*, 27 Augustus bl. 4.
- MALULEKE, J. 2005. "SA Constitution 'yes to Orania'", *The Citizen*, 25 October pp. 3.
- MONTGOMERY, C. 2000. "Betsie Verwoerd se huis gaan 'n museum word". *Die Volksblad*, 3 Mei bl. 3.
- NIEMAN, N. 1995. "Mandela wil Betsie Verwoerd besoek". *Die Volksblad*, 26 Julie bl. 1.
- OOSTHUIZEN, W. 2002. "Irish monument moved to Orania". *Citizen*, 5 July pp. 16.
- ORANIA BEWEGING NUUSBRIEF 17 FEBRUARIE 2014.
- ORANIA BEWEGING NUUSBRIEF 21 JULIE 2014.
- ORANIA BEWEGING NUUSBRIEF 24 NOVEMBER 2014.
- ORANIA BEWEGING NUUSBRIEF 7 JULIE 2014.
- ORANIA BEWEGING. 2008. "'n Eie Oraniavlag met pratige simboliek". *Voorgrond* 1/4. Februarie.
- ORANIA BEWEGING. 2008. "Orania Rivier Spa in wording". *Voorgrond* 2/4. Junie.
- ORANIA BEWEGING. 2008. "Toer saam!". *Voorgrond* 3/4. September.
- ORANIA BEWEGING. 2009. "Orania het 'n ryk geskiedenis". *Voorgrond* 1/4. Februarie.
- ORANIA BEWEGING. 2010. "O, die saligheid van 'n viersterhotel op ons eie

rivieroewer". *Voorgrond* 1/4. Maart.

ORANIA BEWEGING. 2010. "Kulturele vakansiedae in Orania". *Voorgrond* 1/4. Maart.

ORANIA BEWEGING. 2010. "Mediagolf tref Orania". *Voorgrond* 1/4. Maart.

ORANIA BEWEGING. 2010. "Die getalle klim". *Orania Nuusbrief* 43. Mei.

PRETORIUS, L. 2004. "Oraniërs raak al hoe meer anders, sê antropoloog". *Beeld*, 4 November bl. 6.

SNYMAN, D. 2008. "Madiba in Orania". *Die Burger*, 19 Julie bl. 4.

STEENKAMP, L. 2009. "Malema reik uit na Oraniërs". *Rapport*, 29 Maart bl. 6.

STRYDOM, L. 2013. "Sagte kant van Orania." *Voorgrond* 2/4. Mei.

STRYDOM, L. & VAN BART, M. 2010. "Orania se argitektuur toon 'groen' benadering". *Die Burger*, 20 Oktober bl. 5.

VAN DER MERWE, H. 2003. "Koeksister-monument gaan in Orania pronk". *Beeld*, 17 September bl. 3.

VAN WYK, M. 2003. "Orania onthul monument vir geldmaker-koeksisters". *Rapport*, 21 September bl. 12.

VRYHEIDSFRONT PLUS. 2002. "Verskuiwing van Ierse monument: VF red deur geld te gee". *Frontnuus*, 31 Augustus bl. 6.

VRYHEIDSFRONT PLUS. 2004. "'n Eie geldstelsel vir Orania". *Frontnuus*, 30 Junie bl. 12.

VRYHEIDSFRONT PLUS. 2004. "Orania: Van spookdorp tot droomdorp". *Frontnuus*, 30 Junie bl. 16.

VRYHEIDSFRONT PLUS. 2005. "Artikel 235 en die Politiek van Selfstandigheid". *Frontnuus*, 31 Oktober bl. 19.

Internetbronne

A BRIEF HISTORY OF SUGARCREEK. N.d. *Internet*: www.villageofsugarcreek.com
Access: 11 March 2014.

ABOUT THE AMISH PEOPLE. N.d. *Internet*: <http://www.mamalisa.com/?t=ec&p=1246&c=169> Access: 11 March 2014.

AAN DIE OEWER. N.d. *Internet*: www.aan-die-oewer.co.za. Toegang: 27 November 2010.

AMISH HISTORY: A TIMELINE. N.d. *Internet*: <http://pabook.libraries.psu.edu/palitmap/AmishHistoryTimeline.html> Access: 8 January 2014.

AMMON AURAND'S "LITTLE KNOWN FACTS ABOUT THE AMISH AND THE MENNONITES". N.d. *Internet*: www.amishamerica.com. Access: 25 July 2011.

BAXTER, K. N.d. Amish Law: A combination of Humility, Seperatism, Social Avoidance, and Forgiveness. *Internet*: www.davidfriedman.com Access: 8 January 2014.

BERLIN HISTORY. N.d. *Internet*: www.heartofamishcountry.com/history Access: 11 March 2014.

GELDSTELSEL. N.d. *Internet*: www.orania.co.za Toegang: 13 Maart 2010.

HENDRIK FRENCH VERWOERD. N.d. *Internet*: www.sahistory.org.za. Access: 29 October 2010.

JOPIE (JOSEF JOHANNES) FOURIE. N.d. *Internet*: www.sahistory.org.za. Access: 26 November 2010.

LANCASTER COUNTY PENNSYLVANIA. N.d. *Internet*: www.wikipedia.org/ www.lancasterhistory.org Access: 11 March 2014.

LIST OF U.S. STATES BY AMISH POPULATION. N.d. *Internet*: www.wikipedia.org Access: 8 January 2014.

MIELIES PLANT. N.d. *Internet*: www.orania.co.za. Toegang: 26 November 2010.

ORANIA GEMEENSKAP. N.d. *Internet*: <http://www.lief-orania.co.za/gemeenskap.php> Toegang: 15 Januarie 2014.

ORANIA IN 'n NEUTEDOP. N.d. *Internet*: www.oraniatoere.co.za. Toegang: 15 Maart 2010.

ORANIA, NORTHERN CAPE. N.d. *Internet*: <http://en.academic.ru/dic.nsf/enwiki/456292> Toegang: 26 November 2010.

OUR FARM HISTORY. N.d. *Internet*: www.amishfarmandhouse.com Access: 6 October 2014.

PEREDA, M.H. 2003. *Repeat visitors of a tourist destination*. *Internet*: www.esade.edu/cedit2003/pdfs/peredamelena.pdf Access: 22 September 2014.

PORTER, R. N.d. What did Huldrych Zwingli achieve for the Swiss Reformation? *Internet*: www.biblicaltheology.com Access: 15 April 2013.

SAKE-GELEENTHEDE OP ORANIA. N.d. *Internet*: www.orania.co.za. Toegang: 18 November 2010.

SOUTH AFRICAN WAR 1899-1902. N.d. *Internet*: www.sahistory.org.za Access: 11 March 2014.

THE GREAT TREK. N.d. *Internet*: www.sahistory.org.za Access: 11 March 2014.

WALNUT CREEK HISTORY. N.d. *Internet*: www.walnutcreekohio.org Access: 11 March 2014.

WHAT DO AMISH THINK ABOUT TOURISM? N.d. *Internet*: www.amishamerica.com. Access: 17 June 2011.

WHITE PAPER. N.d. *Internet*: www.environment.gov.za. Access: 24 November 2010.

WIE IS ONS. N.d. *Internet*: www.orania.co.za. Toegang: 9 Desember 2010.

Ander

BLOMERUS, L. 2009. *'n Antropologiese studie na die identiteit van vroue in Orania*. Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

BOOYSEN, T. 2008. *National Zoological gardens in South Africa: local entertainment or tourist attraction?* Pretoria.

BRESLAV, L. 2013. "Nothing quaint about that" The formulation of the Amish Country Tourist Experience.

BUTLER, R.W. 2011. "Tourism Area Life Cycle" *Contemporary Tourism Reviews*.

DIEDERICHS, Q. kontak@oraniatoere.co.za. Orania Vryheid Ervaring. 26 Oktober 2010.

ELLARD, E. 2005. "The two solitudes: Amish and English perspectives on tourism planning, development & promotion practices and implication for tourism planning".

GRAYBILL, B.E. 2009. *Amish women, business sense: Old Order women entrepreneurs in the Lancaster County, Pennsylvania, Tourist Marketplace*. PhD Thesis, University of Maryland.

HAGEN, L. 2013. *"Place of our own": The Anthropology of Space and Place in the Afrikaner Volkstaat of Orania*. Meesters Verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

MEARS, R. 2009. *The Ora as facilitator of sustainable local economic development in Orania*.

OPPERMAN, M. 2004. *Die Afrikaners van Orania as 'n etniese gemeenskap*.

PIENAAR, T. 2007. *Die aanloop tot en stigting van Orania as 'n groeipunt vir 'n Afrikaner-Volkstaat*. Meesters Verhandeling, Stellenbosh Universiteit.

SELDON, S. 2012. *The last hope of Afrikanerdom? Orania as an ethnic homeland*.

SMITH, Y. 2006. *Literary tourism as a developing genre: South Africa as a case study*. Pretoria.

STEYN, J.J. 2004. "The bottom-up" approach to Local Economic Development (LED) in small towns: a South African case study of Orania and Philippolis". *Town and Regional Planning*.

STEYN, R. ontvangs@orania.co.za . Mnr. Renus Steyn. 27 November 2010.

STRYDOM, J. inligting@orania.co.za. Tharien Potgieter Orania Vrae. 26 September 2014.

TODD, L.R. 2008. *What's in a Name? The politics of the past within Afrikaner identifications in post-apartheid South Africa*. PhD Thesis, University of London.

VAN DER MERWE, B.J. 2010. *Historiese perspektiewe op die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en Apartheid, 1980 - 1990*. Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

VESTERGAARD, M. 2000. *Afrikanerdom? Negotiating Afrikaner Identity in post-apartheid South Africa*. Masters Thesis. University of Cape Town.